# AKTE VAN OPRIGTING

# VAN

# KLEINFONTEIN AANDELEBLOK EIENDOMS BEPERK

# 2024[1]

[1] Met wysigings soos goedgekeur deur die Aandeelhouers op JAV gehou 23 November 2024

## INHOUDSOPGAWE


1. INLEIDING
2. VERKORTINGS, AFKORTINGS EN WOORDOMSKRYWINGS
3. AARD VAN DIE MAATSKAPPY KLEINFONTEIN AANDELEBLOK (EDMS) BPK
4. HOOFBESIGHEID EN HOOFDOELSTELLING
5. BEVOEGDHEDE VAN DIE MAATSKAPPY
6. BEPERKING, HANDELINGSBEVOEGDHEID EN MAGTE
7. WYSIGING VAN AKTE VAN OPRIGTING
8. FINANSIËLE JAAR
9. GROTER AANSPREEKLIKHEID EN DEURSIGTIGHEID
10. VERKRYGING VAN LIDMAATSKAP
11. OORDRAG VAN AANDELE
12. GEMAGTIGDE AANDELE EN REGTE DAARAAN VERBONDE
13. WYSIGING VAN REGTE MET BETREKKING TOT DIE AANDELE EN GEKOPPELDE GEBRUIKSPERSELE
14. RETENSIEREG EN SESSIE TER AFBETALING VAN 'N SKULD AAN KA (EDMS) BPK
15. STEMREG
16. UITREIKING VAN AANDELE
17. SEKURITEITEREGISTER
18. AANDEELSERTIFIKATE
19. UITREIKING VAN SKULDINSTRUMENTE

20. AANDEELHOUERSVERGADERINGS

21. STEMMING BY AANDEELHOUERSVERGADERINGS

22. REKORDDATUM

23 AANDELE EN DIE WET OP DIE BEHEER VAN AANDELEBLOKKE

24. ALGEMENE BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIREKTEURE

25. REËLS

26. SAMESTELLING VAN DIE DIREKSIE

27. TERMYN AS DIREKTEUR EN VAKATURES

28. VERGOEDING EN UITGAWES VAN DIREKTEURE

29. BEDRYWIGHEDE VAN DIREKTEURE

30. PERSOONLIKE FINANSIËLE BELANGE VAN DIREKTEURE

31. SKADELOOSSTELLING

32. HEFFINGSFONDS VIR AANDELEBLOKSKEMA

33. KONTRAK VIR DIE VERKRYGING VAN AANDELE

34. VERSEKERING VAN EIENDOM

35. FINANSIËLE BYSTAND VIR DIE AANKOOP VAN AANDELE

36. LENINGS OF ANDER FINANSIËLE BYSTAND AAN DIREKTEURE

37. VERLIES VAN DOKUMENTE

38. KENNISGEWINGS

39. LIKWIDASIE

40. GEMEENSKAPSFORUM

41. VERBLYFREG

42. GESKILBESLEGTING

43. ALGEMEEN

44. OORGANGSMAATREÉLS

BYLAAG 1: VOLMAGVORM

BYLAAG 2: BESLUITE WAT INGEVOLGE DIE MAATSKAPPY- WET (MPY-WET) ‘N SPESIALE BESLUIT VEREIS

BYLAAG 3: UITTREKSELS UIT WOORDOMSKRYWINGS IN ARTIKEL 1 VAN DIE WET OP MAATSKAPPYE 71 VAN 2008

BYLAAG 4: UITTREKSELS UIT WOORDOMSKRYWINGS IN ARTIKEL 1 VAN DIE WET OP DIE BEHEER VAN AANDELEBLOKKE 59 VAN 1980

BYLAAG 5: SKEDULE VAN AANDELEBLOKKE

BYLAAG 6: GEBRUIKSOOREENKOMS

BYLAAG 7: OMHEININGSBEPALINGS

BYLAAG 8: SKEDULE VAN ONROERENDE EIEMDOM

# 1. INLEIDING

1.1 Kleinfontein is ‘n Boere-Afrikaner-Kultuurgemeenskap in terme van Artikel 235 van die Grondwet van Suid-Afrika. Kleinfontein se missie is soos volg:

1.1.1 Om die eiendom in sy besit in ’n leefruimte vir vryheidsliewende lede van die Boere-Afrikanervolk te ontwikkel, waar hulle alle fasette van hulle eiesoortige volksbestaan, waarvan hulle Christelike geloof, taal en kultuur die belangrikste is, vrylik, onbedreigd en ongehinderd kan uitleef in ’n plaaslike welvarende ekonomie wat op volkseie arbeid geskoei is.

1.2 Op 24 Mei 1996 is Kleinfontein in terme van die Koöperasiewet 91 van 1981 as Kleinfontein Boerebelange Koöperatief Beperk, gestig. (Genoemde Koöperasie-wet is deur die Koöperasiewet 14 van 2005/Co-operative Act 14 of 2005 vervang).

1.3 Hierdie dokument is die Akte van Oprigting van Kleinfontein Aandeleblok Eiendoms Beperk in terme van Artikel 15(2) van die Wet op Maatskappye 71 van 2008. Die Akte van Oprigting moet saamgelees word met die kennisgewing volgens vorm CR6 en die spesiale besluit van ‘n Buitengewone Algemene Vergadering van Kleinfontein Boerebelange Koöperatief Beperk gehou op 11 November 2017 in terme van Artikel 62 van die Koöperasiewet 14 van 2005.

# 2. VERKORTINGS, AFKORTINGS EN WOORDOMSKRYWINGS

2.1 **Aandeel**: Een van die onderaandele waarin die kapitaal van die Maatskappy onderverdeel is, en soos meer volledig beskryf is in Art 1 van die Wet op Beheer van Aandeelblokke 59 van 1980. Word ook na verwys as ‘n aandeelbelang of ‘n belang.

2.2 **Aandeelhouer:** Die houer van ‘n aandeel of aandele uitgereik deur Kleinfontein Aandeleblok Eiendoms Beperk en wat as sodanig in die Maatskappy se aandeleregister geregistreer is.

2.3 **Aandeleblok:** Beteken ‘n groep aandele wat bestaan uit ‘n sekere aantal aandele wat opeenvolgend genommer is en as ’n groep gekoppel is aan ‘n spesifieke gedeelte of gedeeltes van die onroerende eiendom en verleen aan die spesifieke houer daarvan ‘n reg op, of belang in die uitsluitlike gebruik en genot van die spesifieke gedeelte of gedeeltes, ooreenkomstig die bepalings van die Gebruiksooreenkoms.

2.4 **Aandeleblokontwikkelaar:** Die aandeleblokontwikkelaar soos beoog in die Wet op die Beheer van Aandeleblokke .

2.5 **Aandeleblokskema:** Die skema waarvolgens ‘n aandeel of aandele gehou in Kleinfontein Aandeleblok Eiendoms Beperk op die wyse bepaal in hierdie Akte van Oprigting en die Gebruiksooreenkoms ‘n reg op ‘n belang in die gebruik van ‘n gedeelte van die onroerende eiendom verleen.

2.6 **Aandeleklas:** Samegroepering van aandeleblokke soos bo omskryf wat een of ander gemeenskaplike belang besit.

2.7 **Art:** Art van die Wet op Maatskappye 71 van 2008.

2.8 **AvO:** Akte van Oprigting.

2.9 **Belanghebbende:** Lede en enige ander persoon wat op Kleinfontein betrokke is, insluitende aansoekers, huurders, inwoners asook gekeurde werkgewers en werknemers ongeag of hulle op Kleinfontein woon of nie.

2.10 **Bepaling:** Indien enige bepaling in ’n woordomskrywing ’n substantiewe bepaling is, wat regte toeken of verpligtinge oplê aan enige persoon, ongeag dat dit slegs in die omskrywingsklousule is, word uitvoering daaraan gegee asof dit ’n substantiewe bepaling van hierdie Akte van Oprigting is.

2.11 **Beswaring:** Om die beswaring van ‘n aandeel toe te staan, te skep of toe te laat, met inbegrip van enige voorkoopreg, koopreg, opsie of enige ander beperking van enige aard op eienaarskap, oordrag, gebruik, besit, ontvangs van inkomste daaruit of enige ander uitoefening van enige eienskap van eienaarskap, met inbegrip van enige pand, retensiereg of ander sekerheidsbelang.

2.12 **Betaalsiklus:** 30 (dertig) dae na die datum van die Heffingsrekening soos getoon by BELASTINGFAKTUUR/STAAT.

2.13 **Bevoegdheid:** Elke bevoegdheid of mag hierin verleen, sal so wyd moontlik uiteengesit word, tensy die teendeel deur gebiedende wetgewing bepaal word, in welke geval sodanige bevoegdheid of mag uitsluitlik beperk sal word in soverre sodanige bevoegdheid of mag deur sodanige wetgewing beperk word.

2.14 **Bylaes:** Enige bylaes wat by hierdie Akte van Oprigting aangeheg is, vorm onlosmaaklik deel van hierdie Akte van Oprigting en woorde en uitdrukkings wat in hierdie Akte van Oprigting gedefinieer is, het, tensy die sinsverband anders vereis, dieselfde betekenis in sodanige bylaes.

2.15 **Direksie:** Raad van Direkteure van Kleinfontein Aandeleblok (Eiendoms) Beperk van tyd tot tyd.

2.16 **Direkteur:** Lid van die Direksie.

2.17 **Gebruiksooreenkoms:** Die ooreenkoms, hierby aangeheg as Bylaag 6, wat ‘n reg op of belang in die gebruik van ‘n gedeelte van die onroerende eiendom verleen, ten opsigte waarvan die Aandeleblokskema bedryf word.

2.18 **Gemeenskaplike gebruiksareas:** Sodanige gedeeltes van die onroerende eiendom wat nie onderworpe is aan die uitsluitlike gebruiksreg deur enige aandeelhouer nie, nie gekoppel is aan ‘n spesifieke aandeleblok nie en deur Kleinfontein Aandeleblok (Eiendoms) Beperk beskikbaar gestel word vir gemeenskaplike gebruik deur die aandeelhouers ooreenkomstig en onderhewig aan die Gebruiksooreenkoms en die Maatskappy se reëls en regulasies soos van tyd tot tyd geskep, gewysig of uitgebrei.

2.19 **Gemeenskapsraad:** ‘n Raad saamgestel vanuit die gekeurde inwoners van Kleinfontein ter bevordering van gemeenskapsbetrokkenheid.

2.20 **Getal dae:** Wanneer enige aantal dae in hierdie Akte van Oprigting voorgeskryf word, word dit bereken met uitsluiting van die eerste en insluiting van die laaste dag, tensy die laaste dag op ‘n dag val wat nie ‘n sakedag is nie, in welke geval die laaste dag die volgende sakedag is. Sodanige aantal dae sal geag word kalenderdae te wees, tensy die Mpy-wet of ander toepaslike wetgewing uitdruklik of by noodwendige implikasie, sakedae in sodanige geval voorskryf of indien hierdie Akte van Oprigting uitdruklik in sodanige geval na sakedae verwys.

2.21 **IFRS:** Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (International Financial Reporting Standards).

2.22 **Insluiting**: Die woorde “insluit”, “sluit in” en “insluitend” beteken dieselfde as “insluit sonder beperking”, “sluit in sonder beperking” en “insluitende sonder beperking”. Die gebruik van die woord “insluitend” gevolg deur spesifieke voorbeelde word gevolglik nie uitgelê as beperkend op die betekenis van die voorafgaande algemene bewoording nie. Die *eiusdem generis* reël moet bygevolg nie toegepas word by die vertolking van die bepalings van hierdie Akte van Oprigting nie.

2.23 **KA (Edms) Bpk:** Kleinfontein Aandeleblok (Eiendoms) Beperk.

2.24 **Kennisgewings:** Enige verwysing na ’n kennisgewing word uitgelê as ’n verwysing na ’n skriftelike kennisgewing, en sluit ’n kennisgewing in wat elektronies versend word op só ’n wyse en in só ’n vorm dat die kennisgewing geredelik deur die ontvanger gelees en verstaan kan word.

2.25 **Klousule:** Klousule van die Akte van Oprigting en sluit ook die begrip subklousule in.

2.26 **Kommissie:** Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (Companies and Intellectual Property Commission; CIPC)

2.27 **Maatskappy:** Kleinfontein Aandeleblok Eiendoms Beperk.

2.28 **Missie:** Missie van Kleinfontein Aandeleblok Eiendoms Beperk.

2.29 **Mpy-wet:** Wet op Maatskappye 71 van 2008, soos gewysig.

2.30 **Omheiningsbepalings:** Die bepalings wat in die Akte van Oprigting vervat is, wat die Maatskappy se doelstelling, magte, bevoegdhede en besigheid beperk soos beoog in Art 15(2)(b) en 15(2)(c) van die Wet op Maatskappye soos verwys na in Bylaag 7 hiertoe.

2.31 **Onroerende eiendom:** Die eiendom van Kleinfontein Aandeleblok (Eiendoms) Beperk ten aansien waarvan die Aandeleblokskema bedryf word, soos volledig uiteengesit word in Bylaag 8, en sluit ook enige ander onroerende eiendom in, wat deur die Maatskappy verkry mag word met die doel om die Aandeleblokskema daarop te bedryf.

2.32 **Opskrifte:** Die opskrifte van die klousules van hierdie Akte van Oprigting is slegs vir verwysingsdoeleindes en reguleer of beïnvloed dit geensins die vertolking van hierdie Akte van Oprigting of enige klousule daarvan nie, en wysig of vul dit nie die Akte van Oprigting aan nie.

2.33 **Regulasies:** Regulasies gepubliseer ingevolge die Wet op Maatskappye.

2.34 **Segswyse:** Sodanige terme, akronieme en frases wat in die algemene handels- of ’n spesifieke bedryf se praktyk bekend is, word volgens hul algemeen aanvaarde Afrikaanse betekenisse vertolk, behalwe waar die betekenis in die Akte van Oprigting en die Wet op Maatskappye gedefinieer is.

2.35 **Spesiale besluit:** ‘n Spesiale besluit soos vereis deur die Wet op Maatskappye.

2.36 **Substantiewe verandering:** “Substantiewe verandering” beteken indien ‘n persoon of persone wat die bestaande meerderheidsbelang, meerderheids-beheer en/of meerderheidsvoordeel (meer as vyftig present) in ‘n aandeel, aandele of ‘n aandeleblok soos bo omskryf hou of besit, vervang word met ander persone wat voortaan sodanige meerderheidsbelang, -beheer en/of -voordeel sal hou. Ten einde die Kleinfontein Aandeleblok (Eiendoms) Beperk in staat te stel om te kontroleer of enige veranderings soos genoem, plaasgevind het, sal die Maatskappy geregtig wees om van die Aandeelhouer(s) te vereis om van tyd tot tyd bevredigende stawende

dokumente wat die beheer en/of eienaarskap en/of belang in die aandeel, aandele of aandeleblok op sodanige stadium bekragtig, onverwyld aan die Maatskappy te lewer.

2.37 **Teenstrydigheid:** In enige geval waar daar ’n teenstrydigheid is tussen ’n bepaling (hetsy uitgespreek, geïmpliseer of stilswyend) van die Akte van Oprigting en die Wet op die Beheer van Aandeleblokke, geld die bepaling van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke in die mate waarin daar ’n teenstrydigheid is. Waar daar ‘n teenstrydigheid is tussen die Akte van Oprigting en ’n veranderbare of elektiewe bepaling van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke geld die bepaling van hierdie Akte van Oprigting in die mate waarin daar ’n teenstrydigheid is. Waar daar ‘n teenstrydigheid is tussen die Akte van Oprigting en ’n onveranderbare of nie-verkiesbare bepaling van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke, geld die onveranderbare of nie-verkiesbare bepaling van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke in die mate waarin daar ’n teenstrydigheid is.

2.38 **Terminologie:** Woorde wat in die Wet op Maatskappye en in die Wet op die Beheer van Aandeleblokke gedefinieer is, het dieselfde betekenis in die Akte van Oprigting as in hierdie Wette. (Gerieflikheidshalwe is die definisies wat in hierdie wette verskyn en wat tersaaklik is vir die Akte van Oprigting, hierby aangeheg as Bylaes 3 en 4).

2.39 **Uitbreiding:** Tensy die konteks dui op ’n strydige bedoeling, sluit ’n uitdrukking wat enige geslag aandui, die ander geslag in; ’n natuurlike persoon sluit ’n regspersoon in en omgekeerd en die enkelvoud sluit die meervoud in en omgekeerd.

2.40 **Verordening:** Verwysings na enige wetgewing, regulasie of verordening word geag verwysings na sodanige wetgewing, regulasie of verordening in te sluit soos wat dit van tyd tot tyd gepromulgeer, afgekondig, herverorden, gewysig, vervang of uitgebrei word.

2.41 **Vervreem:** “Vervreem” of “vervreemding” beteken, tensy die teendeel uitdruklik blyk, die oordrag of voorgenome oordrag van alle of enige regte en verpligtinge verbonde aan ‘n aandeel, aandele of ‘n aandeleblok soos bo omskryf en/of gepaardgaande oordrag van enige aansprake op sodanige aandeel, aandele of aandeleblok aan enige ander persoon tot sy voordeel en/of tot voordeel van ‘n verdere persoon, ongeag hoe sodanige oordrag of voorgenome oordrag bewerkstelling staan te word en sal dit insluit, maar nie beperk daartoe wees nie, ‘n vervreemding kragtens ’n koop-, ruil-, of skenkingsooreenkoms of as gevolg van regswerking.

2.42 **Verwysings:** Verwysings na “hierdie Akte van Oprigting” of enige ooreenkoms of dokument word uitgelê as ’n verwysing na hierdie Akte van

Oprigting of na gelang van die geval, sodanige ander ooreenkoms of dokument, soos van tyd tot tyd gewysig, gevarieer, hernu of aangevul.

2.43 **WAB:** Wet op die Beheer van Aandeelblokke 59 van 1980.

## 3. AARD VAN KLEINFONTEIN AANDELEBLOK (EIENDOMS) BEPERK

3.1 KA (Edms) Bpk het voorheen bestaan as Kleinfontein Boerebelange Koöperatief Beperk (KBK Bpk) wat gestig is volgens die Koöperasiewet 91 van 1981. Laasgenoemde wet is vervang met die Koöperasiewet 14 van 2005 (Co-Operative Act 14 of 2005). KA (Edms) Bpk bestaan verder voort as 'n maatskappy soos ingelyf en geregistreer kragtens die Mpy-wet, soos beoog in Art 2 van die Vyfde Bylae tot die Mpy-wet en hierdie AvO vervang die Statuut/Grondwet van KBK Bpk wat onmiddellik voor die indiening hiervan gegeld het.

3.2 KA (Edms) Bpk is 'n maatskappy soos ingelyf en geregistreer kragtens die Mpy-wet en daar is geen perk op die aantal lede van KA (Edms) Bpk nie. Dit is nie verbode vir KA (Edms) Bpk om enige van die aandele/belange aan die publiek vir intekening aan te bied nie, maar die oordrag van aandele/belange is onderworpe aan beperkings soos uiteengesit in die WAB en aan die beperkings in die AvO. (Lede mag egter hulle aandele/belange soos gekoppel aan aandeleblokke teen 'n wins verkoop en dan mag die verkoper aan kapitaalwinsbelasting onderhewig wees).

3.3 Die AvO bevat omheiningsbepalings wat op KA (Edms) Bpk van toepassing is. Bylaag 7 bevat 'n lys van verwysings na elke omheiningsbepaling wat in die AvO voorkom.

3.4 KA (Edms) Bpk is ingelyf en geregistreer binne die raamwerk van en word gereguleer deur:

3.4.1 Die WAB;

3.4.2 die onveranderbare bepalings van die Mpy-wet vir sover daardie bepalings nie strydig is met die bepalings van die WAB nie;

3.4.3 die veranderbare bepalings van die Mpy-wet, onderhewig aan die beperkings, uitbreidings, variasies of vervangings uiteengesit in hierdie AvO vir sover daardie bepalings soos gewysig deur daardie beperkings, uitbreidings, variasies of vervangings nie strydig is met die bepalings van die WAB nie;

3.4.4 die ander bepalings van die AvO vir sover daardie bepalings nie

strydig is met die onveranderbare bepalings van die Mpy-wet en/of die bepalings van die WAB nie;

3.4.5 KA (Edms) Bpk se Interne Reëls.

## 4. HOOFBESIGHEID EN DOELSTELLINGS

4.1 Die hoofbesigheid van KA (Edms) Bpk is om ‘n aandeleblokskema in gevolge die WAB regtens te bedryf ten opsigte van die onroerende eiendom, wat KA (Edms) Bpk se eiendom is, tesame met alle geboue en oprigtings daarop of daaraan vir solank as wat dit KA (Edms) Bpk se eiendom is en enige ander eiendomme wat KA (Edms) Bpk Mpy in die toekoms mag bekom of huur. Verder om die hoofdoelstelling in alle opsigte te bevorder.

4.2 Die hoofdoelstelling van KA (Edms) Bpk is om ‘n aandeleblokskema te bedryf vir die vestiging en ontwikkeling van ‘n selfstandige Boere-Afrikaner-Kultuurgemeenskap op die onroerende eiendom, wat KA (Edms) Bpk se eiendom is, tesame met alle geboue en oprigtings daarop vir solank as wat dit KA (Edms) Bpk se eiendom is, en enige ander eiendomme wat KA (Edms) Bpk in die toekoms mag bekom of huur. Verder om die gemeenskaplike en groepsbelang, sowel as individuele belang van die aandeelhouers te bevorder.

4.3 Aanvullende doelstelling tot die hoofdoelstelling:

4.3.1 Om ekonomiese en ander ontwikkeling op die eiendom en ander eiendom wat KA (Edms) Bpk mag bekom, te bevorder en te beheer.

4.3.2 Om dienste aan die lede te verskaf in die bedryf van KA (Edms) Bpk en om heffings van die lede te vorder vir sodanige dienste ten einde KA (Edms) Bpk se kostes te dek.

4.3.3 Om persele beskikbaar te stel aan lede ten einde geriewe daar te stel soos wat nodig geag mag word ter bevordering van die doelstellings van KA (Edms) Bpk en sy lede, onder sodanige voorwaardes soos wat die Direksie mag besluit.

4.3.4 Om lenings aan te gaan en die eiendom van KA (Edms) Bpk te verbind in belang van die lede en ten uitvoering van die doelstellings van KA (Edms) Bpk.

4.3.5 Om lenings, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat goed geag mag word en vir sover KA (Edms) Bpk regtens daartoe geoorloof is,

aan lede te maak vir die ontwikkeling van hulle belange in KA (Edms) Bpk.

4.3.6 Om as agente vir lede en as bemiddelaar vir die versekering van hulle belange op te tree.

## 5. BEVOEGDHEDE VAN DIE MAATSKAPPY

Ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet of hierdie AvO :

5.1 word die vermoë van KA (Edms) Bpk bepaal deur sy hoofdoelstelling soos uiteengesit in klousule 4.2, met dien verstande dat daarby inbegrepe is doelstellings wat daardie hoofdoelstelling aanvul;

5.2 het KA (Edms) Bpk slegs die bevoegdhede wat nodig is om hom in staat te stel om, behoudens die bepalings van die WAB, sy hoofdoelstelling en genoemde aanvullende doelstellings te verwesenlik;

5.3 het KA (Edms) Bpk nie die bevoegdheid om, behalwe met goedkeuring by spesiale besluit, onroerende eiendom waarvan hy die eienaar is of van sy regte op onroerende eiendom waarvan hy nie die eienaar is nie en ten opsigte waarvan hy ‘n aandeleblokskema bedryf, te vervreem of sedeer nie, na gelang van die geval;

5.4 mag die bevoegdhede uiteengesit in bylae 2 tot hierdie AvO slegs uitgeoefen word indien dit gemagtig is kragtens ‘n spesiale besluit;

5.5 is enige handeling van KA (Edms) Bpk wat sy vermoë of bevoegdhede oorskry, nietig.

## 6. BEPERKING, HANDELINGSBEVOEGDHEID EN MAGTE

6.1 KA (Edms) Bpk het, onderworpe aan die beperkings vervat in die WAB, die magte en bevoegdhede van ’n natuurlike persoon.

6.2 Die magte en bevoegdhede van KA (Edms) Bpk word deur die WAB beperk (omgrens) soos beoog deur Art 15(2) van die WAB en bevat Bylaag 7 ‘n lys van verwysings na elke omheiningsbepaling wat in hierdie AvO voorkom.

6.3 Slegs waar ‘n gebruiksreg as ‘n gedeelte van die onroerende eiendom van KA (Edms) Bpk, nie met behulp van landmeterkoördinate beskryf kan word nie, kan KA (Edms) Bpk dit soos ‘n deeltitelskema bedryf.

6.4 KA (Edms) Bpk mag enigiets doen wat die Mpy-wet ’n maatskappy magtig om te doen tensy die WAB of die AvO, waar toelaatbaar, anders bepaal.

## 7. WYSIGING VAN AKTE VAN OPRIGTING

7.1 Hierdie AvO mag verander of gewysig word ooreenkomstig Art 16, 17 of 152(6)(b) van die Mpy-wet, onderworpe aan die bepalings van die WAB, sowel as klousule 7.2 hieronder wat betref die wysiging van enige van die omheiningsbepalings in die AvO vervat en in Bylaag 7 na verwys, die bepalings soos beoog in Art 16(1)(c) (Spesiale Besluit) en die aanvullende vereistes soos in klousule 7.3 hieronder uiteengesit.

7.2. Die omheiningsbepalings vervat in hierdie AvO mag nooit gewysig word nie, tensy die gebiedende bepalings van die WAB gewysig word. Die WAB reguleer die inhoud van die omheiningsbepalings soos vervat in die AvO. Enige van die gemelde omheiningsbepalings sal uitsluitlik gewysig mag word in soverre sodanige gewysigde bepalings van die WAB sodanige wysigings van die omheiningsbepalings hierin uiteengesit, uitdruklik of by noodwendige implikasie magtig of nie verbied nie en sal ‘n Spesiale Besluit in sodanige geval vereis word vir die wysiging daarvan.

7.3 Enige voorgestelde regstelling van enige klaarblyklike fout of defek in hierdie AvO van die tipe waarna verwys word in Art 17(1)(a) deur die Direksie of enige persoon wat deur die Direksie gemagtig is, mag nie vir die doeleindes van Art 17(1)(a) gepubliseer word nie, tensy ’n konsepkennisgewing van wysiging aan elke aandeelhouer gestuur word 10 (TIEN) sakedae voordat ’n finale wysigingskennisgewing gepubliseer en ingedien word kragtens art 17(1)(a) en (b), tesame met ’n skriftelike verklaring deur die Direksie {ooreenkomstig die kriteria vir kennisgewings soos beoog in Art 6(5)} wat die rede vir en uitwerking van elke wysiging verduidelik, die Direksie die voorgestelde wysigings toepaslik verander waar vereis deur ’n aandeelhouer om te verseker dat die Direksie, of die persoon gemagtig deur die Direksie, nie die magtiging soos beoog in Art 17(1) oorskry het nie en die Direksie ’n afskrif van sodanige veranderings aan elke aandeelhouer stuur.

## 8. FINANSIËLE JAAR

KA (Edms) Bpk se jaareinde is die laaste dag van Februarie.

## 9. GROTER AANSPREEKLIKHEID EN DEURSIGTIGHEID

9.1 In die mate wat dit binne die keuse van KA (Edms) Bpk is, en nie andersins verpligtend is kragtens die Mpy-wet nie, kies KA (Edms) Bpk om kragtens Art 34(2) nie vrywillig te voldoen aan die bepalings van Hoofstuk 3 (groter aanspreeklikheid en deursigtigheid) van die Mpy-wet nie.

9.2 KA (Edms) Bpk en sy aandele is nie onderworpe aan Deel B (Gesag van Paneel en Oornameregulasies) en Deel C (Regulering van transaksies en aanbiedinge wat geraak word) van Hoofstuk 5 van die Mpy-wet en aan die Oornameregulasies nie.

9.3 Nieteenstaande die voorafgaande, kragtens Art 118(1)(c)(i) gelees saam met Regulasie 91(1) van die Mpy-wet, indien die uitgereikte aandele van KA (Edms) Bpk wat in die onmiddellik voorafgaande 24 (vier-en-twintig) maande oorgedra word (behalwe tussen verwante en onderling verwante persone) 10% (tien persent) van die uitgereikte aandele van KA (Edms) Bpk oorskry, is die voorafgaande Deel B en C en die Oornameregulasies desnieteenstaande op KA (Edms) Bpk van toepassing.

## 10. VERKRYGING VAN LIDMAATSKAP

Ten opsigte van verkryging van lidmaatskap en aandeelhouding direk vanaf KA (Edms) Bpk, vanaf ‘n bestaande aandeelhouer of andersins, is die oorgang van aandele na ‘n ander persoon toe onderhewig aan die volgende bepalings:

10.1 In die geval van natuurlike persone kan slegs persone wat die doel en missie van Kleinfontein soos uiteengesit in klousule 1 onderskryf lidmaatskap en aandeelhouding van KA (Edms) Bpk verkry, tensy ‘n regsproses of die bepalings onder klousule 11 die oorgang van lidmaatskap bepaal.

10.2 In die geval van regspersone moet al die lede van sodanige persoon die doel en missie van Kleinfontein soos uiteengesit in klousule 1 onderskryf ten einde sodanige regspersoon in staat te stel om lidmaatskap en aandeelhouding van KA (Edms) Bpk verkry tensy ‘n regsproses of die bepalings onder klousule 11 die oorgang van lidmaatskap bepaal.

10.3 In die geval van trusts moet al die trustees, kapitaal- en inkomstebegunstigdes die doel en missie van Kleinfontein soos

uiteengesit in klousule 1 onderskryf, ten einde die trustees in staat te stel om in sodanige amp lidmaatskap en aandeelhouding van KA (Edms) Bpk te verkry, tensy ‘n regsproses of die bepalings onder klousule 11 die oorgang van lidmaatskap bepaal.

10.4 Ten opsigte van die verkryging van aandele onder hierdie klousule, is die verkrying van aandele in KA (Edms) Bpk onderhewig aan die amptelike goedkeuring van die Direksie wat op grond van ‘n bona fide oorweging daaromtrent sal besluit en dit nie onredelikerwys sal weier nie.

## 11. OORDRAG VAN AANDELE

11.1 Sou enige aandeelhouer of, ingeval van die afsterwe, insolvensie, likwidasie, ondernemingsredding, geregtelike bestuur, geregtelike verkoping, of enige ander vorm van statusverandering of handelingsonbevoegdheid van ‘n aandeelhouer, die persoon wat ampshalwe optree namens die aandeelhouer of die aandeelhouer se boedel, (na welke aandeelhouer of persoon wat ampshalwe optree namens die aandeelhouer of aandeelhouer se boedel, na gelang van die geval, hierin later na verwys word as die “Voorgenome Vervreemder”), te enige tyd die aandeelhouer se aandele in KA (Edms) Bpk sou wou verkoop kragtens ‘n <u>koopooreenkoms</u>, dan sal KA (Edms) Bpk of KA (Edms) Bpk se genomineerde of andersins deur KA (Edms) Bpk aangewese persoon, tensy KA (Edms) Bpk skriftelik vooraf afstand doen van sy reg, die eerste reg hê om die aandele te bekom teen dieselfde prys en op dieselfde bepalings en voorwaardes wat daarvoor aangebied word deur 'n bona fide derde party en wat die Voorgenome Vervreemder bereid is om te aanvaar met dien verstande dat KA (Edms) Bpk daardie reg van hom skriftelik moet uitoefen binne 45 (vyf-en-veertig) dae nadat hy 'n skriftelike kennisgewing ontvang het van die Voorgenome Vervreemder waarin die Voorgenome Vervreemder KA (Edms) Bpk in kennis stel dat hy 'n aanbod ontvang het, en waarin hy die naam en adres van die voornemende koper en die koopprys en die bepalings en voorwaardes waarop die voornemende koper wil koop, vermeld en waarin KA (Edms) Bpk versoek word om sy voorkoopsreg uit te oefen. Sou KA (Edms) Bpk nie sy voorkoopsreg uitoefen wanneer hy aldus in kennis gestel is nie, dan sal die Voorgenome Vervreemder geregtig wees om die aandele te verkoop aan die voornemende koper daarvan, met dien verstande dat, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van KA (Edms) Bpk, geen so 'n verkoping sal plaasvind teen 'n laer prys en/of op bepalings en voorwaardes meer gunstig vir die voornemende koper of transportnemer as daardie wat aan KA (Edms) Bpk gekommunikeer was nie. Enige wysiging ten aansien van die bepalings en voorwaardes aldus gekommunikeer, sal geag word 'n nuwe aanbod te wees ten opsigte waarvan die voorafgaande gedeelte van hierdie klousule opnuut van toepassing sal wees.

11.2. Sodra ‘n persoon ampshalwe ten behoewe van ‘n aandeelhouer of van die aandeelhouer se boedel aangestel word as gevolg van die aandeelhouer se insolvensie, likwidasie, afsterwe of handelsonbevoegdheid, wat nie ‘n verlening van volmag deur ‘n aandeelhouer in die normale gang van sake daarstel nie, of indien ‘n aandeelhouer se regstatus verander (uitgesluit indien ‘n aandeelhouer skei of trou buite gemeenskap van goedere), of indien ‘n substantiewe verandering in die beheer en/of eienaarskap van aandeelhouding plaasvind, of indien aandele vervreem word kragtens ‘n ruil- of skenkingsooreenkoms, tensy die reg en waar toepaslik, gebiedende wetgewing tot die teendeel bepaal, sal die aandele geregistreer in die naam van die aandeelhouer en gepaardgaande aansprake geag word te koop aangebied te word teen die billike markwaarde daarvan aan KA (Edms) Bpk of KA (Edms) Bpk se genomineerde of andersins deur KA (Edms) Bpk aangewese persoon uitgeslote die geval van ‘n substantiewe verandering in die beheer en/of eienaarskap van aandeelhouding voorspruitende uit ‘n vrywillige optrede in die geval van ‘n normale verkoopstransaksie, ‘n ruil-of- skenkingsooreenkoms of andersinse vrywillige vervreemding in welke geval die aandeelverkryger steeds aan die bepalings van klousule 10 en klousule 11.1, waar relevant, moet voldoen. Die aspek van, geag word te koop aangebied te word teen die billike markwaarde daarvan aan KA (Edms) Bpk, in die geval van ‘n erfgenaam of erfgename van ‘n boedel waar met afhandeling daarvan die aandele op sodanige erfgenaam of erfgename oorgaan, geld net ten opsigte van ‘n erfgenaam of erfgename wat nie die bepalings van klousule 1 onderskryf en dus nie aan die bepalings van klousule 10 voldoen nie en slegs ook indien die enigste erfgenaam of alle erfgename, binne een jaar, na verkryging van sodanige aandele in eie reg, die aandele te koop aanbied nie in welke geval van ‘n te koop aanbied die bepalings van subklousule 11.1 in werking tree. In die geval van meerdere erfgename waar al die erfgename nie die bepalings van klousule 1 onderskryf nie en dus nie aan die bepalings van klousule 10 voldoen nie, sal ‘n erfgenaam of erfgename wat wel daaraan voldoen, ‘n voorkoopreg hê ten opsigte van die aandele van die klousule 10 nie-voldoenende erfgename bo KA (Edms) Bpk, indien die erfgename nie reeds in eie reg onderling die aangeleentheid ten opsigte van die oordrag van aandele aan klousule 10 voldoenende erfgename aangespreek het nie. ’n Erfgenaam of erfgename wat die bepalings van klousule 1 onderskryf en dus aan die bepalings van klousule 10 voldoen, kan dit by wyse van ‘n gelewerde beëdigde verklaring doen binne ses maande na afhandeling van die boedel aanvaarding, welke verklaring onderhewig is aan bekragtiging deur die Direksie wat nie onredelikerwys en sonder grondige redes geweier sal word nie. Indien KA (Edms) Bpk en die persoon wat ampshalwe handel ten behoewe van die aandeelhouer of diè se boedel, nie kan ooreenkom oor die markwaarde nie, sal die ouditeure van KA (Edms) Bpk aan die hand van ‘n waardasieverslag van ‘n onafhanklike professionele waardeerder, aangestel deur die betrokke

partye, of ingeval ooreenkoms nie bereik kan word nie, aangestel deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Waardeerders of die Raad van Waardeerders, of enige soortgelyke of vervangende instansie, die markwaarde bepaal en sal sodanige bepaling finaal en bindend op die partye wees. KA (Edms) Bpk en die aandeelhouer of die aandeelhouer se boedel, na gelang van die geval, sal in gelyke dele die koste van die ouditeure en waardeerder dra. KA (Edms) Bpk sal sodanige voorkoopsreg mag uitoefen binne 45 (vyf-en-veertig) dae nadat;

11.2.1 bevredigende bewys van die toepaslike omstandighede hierbo uiteengesit deur die aandeelhouer of die persoon wat ampshalwe optree, aan KA (Edms) Bpk verskaf is;

11.2.2 die billike markwaarde bepaal is; en,

11.2.3 die naam en adres van die oordragnemer in wie se naam die aandele oorgedra sal word, of die persoon wat ‘n belang in die aandele gaan verkry, na gelang van die geval, indien KA (Edms) Bpk nie sy voorkoopreg uitoefen nie (vir doeleindes van hierdie AvO sal ‘n persoon wat ‘n belang in die aandele gaan verkry, ook geag word “ ’n voornemende oordragnemer” te wees), aan KA (Edms) Bpk verskaf is.

11.3 Behoudens die bepalings van klousule 11.1 en klousule 11.2 mag die aandele van ‘n aandeelhouer nie vervreem of andersins voortspruitende uit welke grondslag ookal, oorgedra word nie, tensy;

11.3.1 die aandeelhouer en die voornemende oordragnemer van die aandele ’n ooreenkoms aangegaan het wat die bepalings van die WAB nakom, met inbegrip van, sonder beperking tot, die bepalings van Art’s 16 en 17 gelees met Bylaag 2 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke;

11.3.2 die aandeelhouer en die voornemende oordragnemer ’n sessie - ooreenkoms van die Gebruiksooreenkoms aangegaan het in so ’n vorm wat van tyd tot tyd deur die Direksie van KA (Edms) Bpk vereis word, waarmee die voornemende oordragnemer al die oordraggewer se verpligtinge teenoor KA (Edms) Bpk oorneem;

11.3.3 aandele wat ’n aandeleblok uitmaak net mee gehandel word en vervreem word as ’n blok; en,

11.3.4 behalwe soos andersins skriftelik ooreengekom deur al die aandeelhouers van KA (Edms) Bpk, die aandeelhouer in een en dieselfde transaksie sy eise teen KA (Edms) Bpk (“sy leningsrekening”) vervreem of oordra. Gevolglik word alle

verwysings in hierdie AvO na die aanbod, verkoop, vervreemding of oordrag van ’n aandeel of aandeleblok in KA (Edms) Bpk geag, tensy dit uit die samehang anders blyk, ook van toepassing te wees op die leningsrekening van die houer van so ’n aandeel of aandeleblok.

11.4 In die geval van ‘n egskeiding waar aandele aan ‘n persoon toegeken word wat nie die doel en missie van Kleinfontein soos uiteengesit in klousule 1, onderskryf nie, en dus nie aan klousule 10 voldoen nie, tree die bepalings van sub-klousule 11.2 in werking.

11.5 Elke vervreemding van aandele met gepaardgaande oordrag en registrasie daarvan, of geagte vervreemding, ongeag of KA (Edms) Bpk sy voorkoopsreg uitoefen of nie, is onderhewig daaraan;

11.5.1 dat die betrokke vervreemding of geagte vervreemding, sowel as die gepaardgaande oordrag en registrasie daarvan, indien van toepassing, goedgekeur word deur die Direksie, welke toestemming nie onredelikerwys geweier sal word nie terwyl enige vervreemding wat nie aldus goedgekeur is nie geen regsgeldigheid sal hê nie; en,

11.5.2 dat die voornemende oordragnemer ‘n oordragkoste in die bedrag soos van tyd tot tyd bepaal deur die Direksie aan KA (Edms) Bpk betaal.

11.6 Geen aandeelhouer of persoon wat ampshalwe optree namens die aandeelhouer of die aandeelhouer se boedel het die reg om enige aandele (insluitende enige regte wat daaraan verbonde is of daaruit spruit) of sy aansprake op KA (Edms) Bpk te beswaar sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die Direksie nie, welke toestemming nie onredelikerwys geweier sal word nie, terwyl enige beswaring wat nie aldus goedgekeur is nie, geen regsgeldigheid sal hê nie.

11.7 Ten opsigte van die oordrag en beswaring van aandele soos bo uiteengesit sal KA (Edms) Bpk geregtig wees om ooreenkomste aan te gaan met derde partye, insluitende finansieringsinstansies en kredietverskaffers wat aanleiding daartoe kan gee dat bostaande bepalings van hierdie klousule 11 in sodanige ooreenkomste gewysig mag word om voorsiening te maak vir prosesse en stappe wat deur toepaslike kredietwetgewing vereis mag word. Sodanige wysigings moet die wese van die bepalings in hierdie artikel in stand hou, tensy dit regtens anders genoodsaak word. Enige bepalings vervat in sodanige ooreenkomste wat voorgee om enige regte en verpligtinge van aandeelhouers te beïnvloed wat nie betrokke is by transaksies met sodanige derde partye nie, sal onafdwingbaar wees ten opsigte van daardie aandeelhouers.

## 12. GEMAGTIGDE AANDELE EN REGTE DAARAAN VERBONDE

12.1. Die gemagtigde aandele van KA (Edms) Bpk is 120 000 (een honderd-en-twintig duisend) gewone aandele waarvan 24 353 (vier-en-twintigduisend drie honderd drie-en-vyftig) aanvanklik uitgereik sal word.

12.2. Die uitgereikte aandele van KA (Edms) Bpk is verdeel in aandeleblokke elk waarvan ten minste uit een aandeel bestaan, maar nie noodwending dieselfde getal per aandeleblok nie. Elke aandeleblok is toegewys en afsonderlik genommer soos uiteengesit in Bylaag 5 hierby aangeheg. Die aandeelsamestelling van aandeleblokke kan van tyd tot tyd by wyse van ‘n Spesiale Besluit gewysig word. Die aandeleblokke kan in verskillende aandeleklasse verdeel word, en kan KA (Edms) Bpk van tyd tot tyd die klasse en die regte daaraan gekoppel, wysig, onderhewig aan die bepalings van hierdie AvO sowel as gebiedende bepalings van enige toepaslike wetgewing.

12.3. Die gedeeltes van die onroerende eiendom wat aan ‘n betrokke aandeleblok gekoppel is, dra ‘n ooreenstemmende nommer as die gekoppelde aandeleblok, welke nommer ook dien as die betrokke gedeelte se perseelbeskrywing en word aangedui in Bylaag 5 langs die spesifieke aandeleblok.

12.4. Elke gedeelte van die onroerende eiendom wat aan ‘n afsonderlike aandeleblok gekoppel is, is genommer, uitgemeet en/of afgebaken en word voorgestel, beskryf en aangedui op dorpskaarte en/of landmeterskaarte, welke kaarte ter insae beskikbaar is by die KA (Edms) Bpk se geregistreerde kantore, en kan gewysig word van tyd tot tyd by wyse van ‘n Spesiale Besluit.

12.5. Die aandeleblokke en die gepaardgaande aandeel of aandele wat in ‘n aandeleblok gegroepeer word, hoef nie in verhouding tot die markwaarde van tyd tot tyd van die onderskeie gedeeltes of die verbeterings daarop of daaraan van die onroerende eiendom gekoppel te word nie.

12.6. ‘n Aandeleblok verleen aan die houer van tyd tot tyd daarvan die uitsluitlike gebruiksreg van die betrokke gedeelte/s van die onroerende eiendom wat aan die betrokke aandeleblok gekoppel is, sowel as die reg om die gemeenskaplike gebruiksareas soos van tyd tot tyd deur KA (Edms) Bpk bepaal, saam met die mede-gebruikers daarvan te gebruik, ooreenkomstig en onderhewig aan die bepalings van die Gebruiksooreenkoms aangegaan deur en tussen KA (Edms) Bpk en die betrokke aandeelhouer, sowel as KA (Edms) Bpk se reëls en regulasies soos van tyd tot tyd uitgereik deur die Direksie.

12.7. By die oordrag van ‘n aandelebelang ten opsigte van ‘n bepaalde aandeleblok moet die totaal van aandele in die aandeleblok te gelyker tyd en aan dieselfde persoon oorgedra word, tesame met die sedering van die relevante gedeelte

van die leningsrekening toegeken aan die betrokke aandeleblok, indien van toepassing, en die betrokke houer alle regte en verpligtinge in terme van die Gebruiksooreenkoms sedeer en delegeer aan dieselfde opvolgende houer van die aandele soos geassosieer met so ‘n oordrag van ‘n aandeleblok.

12.8. ‘n Afskrif van die standaard Gebruiksooreenkoms is hierby aangeheg en gemerk Bylaag 6, met dien verstande dat KA (Edms) Bpk en enige betrokke aandeelhouer geregtig is om onderling en met wedersydse goedkeuring die Gebruiksooreenkoms wat deur en tussen hulle aangegaan is, van tyd tot tyd te wysig, onderhewig daaraan dat sodanige wysiging goedgekeur word deur ‘n Spesiale Besluit van die aandeelhouers tydens ‘n vergadering van aandeelhouers/lede.

12.9 Behalwe waar andersins gespesifiseer sou word, het alle aandele in *pari passu* (gelyke) rangorde in alle opsigte.

12.10 Elke aandeel soos gehou per aandeleblok, maak die houer geregtig op die volgende regte benewens die regte uiteengesit in klousules 12.6. tot 12.9:

12.10.1 Die reg om in die sekuriteiteregister van KA (Edms) Bpk aangeteken te word as die geregistreerde houer van ’n aandeel;

12.10.2 Die reg om enige aandeelhouersvergadering by te woon, daaraan deel te neem, te praat oor en te stem oor enige saak wat daarop oorweeg word;

12.10.3 die reg om ’n gedeelte van die netto bates van KA (Edms) Bpk wat by likwidasie oorbly, te ontvang;

12.10.4 enige ander regte verbonde aan ’n aandeel kragtens die Mpy- wet of enige ander wet.

12.11 Om monopolievorming te voorkom, mag geen natuurlike of regspersoon of ‘n samespanning van natuurlike en/of regspersone te eniger tyd meer as 20% (twintig present) van die uitgereikte aandelekapitaal van KA (Edms) Bpk hou nie.

12.12 Dit word geboekstaaf dat alle bestaande lede van die voorganger van KA (Edms) Bpk, naamlik KBK, soos hulle ledebelang is ten tyde van die omskakeling, onmiddelik na omskakeling lede van KA (Edms) Bpk word, met behoud van dieselfde regte en verpligtinge, die nodige aanpassings in ag genome, en met inbegrepe enige waardetoevoeging tot hulle aandele in KBK wat hulle voor omskakeling ten opsigte van KBK gehad het. In die verband word verder geboekstaaf dat ‘n aandelesertifikaat met gepaardgaande “interne kaart en transport” ten opsigte van aandeelhouding in KBK prima facie bewys van ‘n lid en derdes se aandeelhouding en regte in KA (Edms)

Bpk is. KA (Edms) Bpk sal onverwyld na omskakeling ‘n proses van stapel stuur waarvolgens lede hulle aandelesertifikate van KBK kosteloos kan laat endosseer tot die effek dat die aandelesertifikaat voortaan as afdoende bewys van regte en aandeelhouding in KA (Edms) Bpk dien. Insgelyks word geboekstaaf dat alle regte en verpligtinge van derdes teenoor die voorganger van KA (Edms) Bpk, naamlik KBK, onmiddelik na omskakeling dieselfde regte en verpligtinge, die nodige aanpassings in ag genome, teenoor KA (Edms) Bpk sal hê en dat sodanige regte en verpligtinge afdwingbaar sal wees tussen KA (Edms) Bpk en sulke derdes asof die bepaalde regte en verpligtinge direk tussen die derdes en KA (Edms) Bpk ontstaan het.

## 13. WYSIGING VAN REGTE MET BETREKKING TOT DIE AANDELE EN GEKOPPELDE GEBRUIKSPERSELE

13.1 Die regte, voorregte of voorwaardes wat verbonde is aan enige aandele, aandeleblokke of aandeleklasse van KA (Edms) Bpk mag nie op enige wyse verander word nie, behalwe soos beoog in Art 36(2) (Spesiale Besluit) van die Mpy-wet en soos dit in hierdie AvO beperk word, waar toepaslik, en met die voorafgaande goedkeuring van ’n Spesiale Besluit van die houers van afsonderlik betrokke aandele of aandeleklasse wat *mutatis mutandis* (met die nodige aanpassings) as ’n Spesiale Besluit geneem is, by ’n afsonderlike vergadering van die houers van sodanige aandele of aandeleklas(se) (tensy die uitreikingsvoorwaardes van die aandele van daardie klas anders bepaal), hetsy KA (Edms) Bpk gelikwideer word of nie. Die bepalings van hierdie AvO ten opsigte van vergaderings is *mutatis mutandis* van toepassing op enige sodanige aandeel of klasvergadering, buiten dat ’n kworum by enige sodanige klasvergadering moet bestaan uit lede wat 75% (vyf-en-sewentig persent) van die betrokke aandele hou of per volmag verteenwoordig, met dien verstande dat, indien daar by die verdaging van enige sodanige klasvergadering nie sodanige kworum teenwoordig is nie, diegene wat teenwoordig en stemgeregtig is, ’n kworum sal vorm. Hierdie klousule doen nie afbreuk aan die bevoegdheid van KA (Edms) Bpk om die regte toegeken aan enige aandeel wat nog nie uitgereik en/of toegewys is nie, te wysig nie.

13.2 KA (Edms) Bpk mag by wyse van ‘n Spesiale Besluit;

13.2.1 sy aandelekapitaal verhoog met sodanige hoeveelheid, verdeel in aandele van sodanige getal, of mag die getal van sy aandele met sodanige getal verhoog, as wat die besluit sou voorskryf;

13.2.2 alle of enige van sy aandelekapitaal saamvoeg en verdeel in aandele van ‘n groter hoeveelheid as sy bestaande aandele of sy uitgereikte aandele saamvoeg en verminder;

13.2.3 nuwe aandeleblokke skep;

13.2.4 aandeleblokke herindeel, of onderverdeel;

13.2.5 aandele wat verkry is, kanselleer, en/of;

13.2.6. ‘n spesifieke gedeelte/s van die onroerende eiendom, waartoe daar uitsluitlike gebruiksreg verleen word of wat deel van die gemeenskaplike gebruiksareas vorm, te koppel, te ontkoppel, en/of te herkoppel na gelang van die geval, aan en/of van enige betrokke aandeleblok, en/of die grense van enige spesifieke gedeelte/s, waartoe daar uitsluitlike gebruiksreg verleen word, of enige gedeelte van die gemeenskaplike gebruiksareas te wysig, met dien verstande dat ‘n aandeelhouer wie se uitsluitlike gebruiksreg in gedrang is met betrekking tot sodanige spesifieke gedeelte/s, vooraf skriftelike toestemming daartoe gee.

13.3 Aandele in KA (Edms) Bpk kan slegs uitgereik word indien sodanige aandele verdeel en gegroepeer word in aandeleblokke en die aandele wat sodanige aandeleblok uitmaak, ‘n uitsluitlike gebruiksreg verleen ten aansien van ‘n sekere gedeelte of gedeeltes van die onroerende eiendom.

## 14. RETENSIEREG EN SESSIE TER AFBETALING VAN ‘N SKULD AAN KA (EDMS) BPK

14.1 KA (Edms) Bpk het ‘n voorkeurretensiereg op elke aandeel in KA (Edms) Bpk en gepaardgaande aandelebelang en aansprake wat daarmee in verband staan, vir bedrae van tyd tot tyd verskuldig deur die houer van sodanige aandeel of aandele aan KA (Edms) Bpk, ongeag of die tyd vir betaling, nakoming of aflossing daarvan sou aangebreek het of nie. Die bedrae verskuldig sal insluit enige koste en uitgawes aangegaan om die aandele te gelde te maak, insluitende maar nie daartoe beperk nie, advertensiekoste, afslaerskommissie of enige regskoste aangegaan om verskuldigde bedrae in te vorder. Sodanige retensiereg sal uitbrei na alle distribusies wat van tyd tot tyd gemaak mag word, en alle terugbetalings wat van tyd tot tyd aan die houer verskuldig mag wees ten opsigte van sy leningsverpligting.

14.2 KA (Edms) Bpk sal nie verplig wees om die sessie ter afbetaling van ‘n skuld (*in securitatem debiti*) van aandele deur die houer daarvan aan ‘n derde te erken nie en sodra ‘n verskuldigde bedrag opeisbaar en betaalbaar raak deur ‘n houer aan KA (Edms) Bpk, sal alle aandele gehou deur sodanige houer van daardie oomblik geag word, gesedeer te wees aan KA (Edms) Bpk ter afbetaling van sodanige skuld. Enige sessie van aandele ter afbetaling van ‘n skuld aan ‘n finansieringsinstansie, insluitende ‘n aanvaarde kredietverskaffer,

sal ‘n voorkeur hê bo KA (Edms) Bpk se sessiereg onder hierdie subartikel, indien KA (Edms) Bpk vooraf daartoe met sodanige finansieringsinstansie ooreenkom, hetsy dit in die algemeen of ten opsigte van ‘n spesiefieke transaksie.

14.3 Ten einde uitvoering te gee aan voormelde retensiereg of sessie ter afbetaling van ‘n skuld aan KA (Edms) Bpk, sal die betrokke houer, indien hy die oorspronklike aandelesertifikaat in sy besit hou of indien ‘n derde persoon sodanige oorspronklike aandelesertifikaat hou, wat ook al die geval mag wees, die aandelesertifikaat van die aandele ter sprake as agent van KA (Edms) Bpk hou. Elke houer stel ook KA (Edms) Bpk onherroeplik aan as sy agent in *rem suam* (soos in sy eie saak) om namens die betrokke houer alle dokumente te teken en alle handeling te verrig en toestemming te gee wat nodig mag wees om uitvoering te gee aan enige regte onder hierdie subartikel. In die geval van ‘n sessie ter afbetaling van ‘n skuld aan KA (Edms) Bpk, sal die aandele as sodanig gesedeer beskou word totdat die bedrae verskuldig ten volle vereffen is, of alle verpligtinge deur die betrokke houer nagekom is, of die aandele verkoop is op die wyse hieronder uiteengesit.

14.4 KA (Edms) Bpk mag in sy uitsluitlike diskresie, behoudens enige ander regte en remedies waaroor dit beskik en onderhewig aan toepaslike regsbepalings en wetgewing, die aandele van enige houer, wat onderhewig is aan enige retensiereg of sessie ter afbetaling van ‘n skuld aan KA (Edms) Bpk, op so ‘n tyd en wyse as wat hy goed ag, verkoop, met dien verstande dat geen verkope sal geskied nie alvorens;

14.4.1 die gelde of deel daarvan ten opsigte waarvan die Retensiereg bestaan, opeisbaar en betaalbaar raak of die aanspreeklikheid ten opsigte waarvan die Retensiereg bestaan, afdwingbaar geraak het; en,

14.4.2 ‘n geskrewe kennisgewing, waarin die verskuldigde bedrag vermeld word of die aanpreeklikheid of verpligting gespesifiseer word en die betaling of aflossing of nakoming geëis word en die voorneme uitgespreek word om by verstek die aandele te verkoop, beteken word op die houer van die aandele in wie se naam die aandelesertifikaat uitgereik is; en,

14.4.3 betaling, nakoming of vereffening binne 14 (veertien) dae nadat sodanige kennisgewing beteken is deur sodanige houer nie ten volle plaasgevind het nie; en,

14.4.4 enige dispuut, indien van toepassing, finaal bereg is.

14.5 Die verkoping kan by wyse van 'n tenderproses geskied of enige ander behoorlik gepubliseerde wyse, indien ooreenkomstig die Direksie se *bona fide* (te goeder trou) mening, 'n meer gunstiger opbrengs sal realiseer as op 'n publieke veiling.

14.6 As KA (Edms) Bpk enige van sy regte in hierdie gedeelte uitoefen, tensy die houer van relevante aandele op die voorgeskrewe wyse 'n dispuut verklaar het, moet die houer en alle persone wat die spesifieke gedeelte van die onroerende eiendom waaraan die aandele gekoppel is, (in hierdie gedeelte na verwys as "die Perseel"), summier die perseel op KA (Edms) Bpk se versoek ontruim, onderhewig aan enige gebiedende wetgewing, en mag die houer nie enige strukturele verbeterings en/of vaste toebehore en aanhegtings wat op die perseel opgerig is, verwyder nie en sal enige strukturele verbetering, toebehore en aanhegting geag word deel van die perseel te wees.

14.7. Behoudens die bepalings hierbo uiteengesit, sal 'n beëdigde verklaring van 'n direkteur of sekretaris van KA (Edms) Bpk, waarin verklaar word dat die aandele waarlik verkoop is, ooreenkomstig die bepalings hierbo uiteengesit, afdoende bewys wees van die feite daarin uiteengesit, en sal enige persoon wat aanspraak maak op die aandele of die opbrengs daarvan, die teendeel moet bewys.

14.8. Enige balans wat na sodanige verkoping en na behoorlike voldoening aan die skuld of verpligting oorbly, sal aan die betrokke houer by verstek betaal word. Indien daar 'n tekort is na die verkoping, sal die betrokke houer steeds aanspreeklik wees vir sodanige tekort.

14.9 In ooreenstemming met klousule 14.2, sal KA (Edms) Bpk geregtig wees om ooreenkomste met derde partye aan te gaan, insluitende finansierings-instellings en aanvaarde kredietverskaffers wat tot gevolg kan hê dat die regte van KA (Edms) Bpk, insluitende retensiereg en beswaring ter sekuriteit- stelling, ondergeskik gestel kan word aan ooreenstemmende regte van sodanige derde partye.

## 15. STEMREG

15.1 Onderhewig aan die bepalings van klousule 15.2 het elke Lid/aandeelhouer stemreg op aandeelhouersvergaderings van KA (Edms) Bpk. waarvan Ledevergaderings ook elektronies mag plaasvind.

15.2 'n Lid verbeur sy/haar stemreg en die reg om 'n volmag te gee: (i) as daar bedrae op sy/haar heffingsrekening is, waarvan die betaling meer as een betaalsiklus agterstallig is. 'n Lid wat agterstallig met sy/haar heffingsrekening is, en 'n geskil daaroor met KA (Edms) Bpk volgens die interne

geskilbeslegtingsprosedure verklaar het, behou sy stemreg, mits die Heemraad bevestig dat sy/haar klag meriete het, al is die geskilbeslegting nog nie afgehandel nie. 'n Lid wat agterstallig is met die betalings van sy heffingsrekening, maar 'n afbetalingsooreenkoms met KA (Edms) Bpk aangegaan het en dit nakom, behou sy stemreg; (ii) as hy/sy, benewens die bepalings van klousule 15 (i), 'n wanbetaler en/of weerhouer van enige bedrag of bedrae op sy/haar heffingsrekening is; en/of
(iii) 'n lid is van en/of behoort en/of deelneem aan enige faksieforming, drukgroep en/of organisasie wat nie uitdruklik in hierdie AvO erken of gemagtig is nie.

15.3 Onderhewig aan die bepalings van klousule 15.2 mag 'n Lid ook by wyse van 'n volmag sy stem uitbring ingevolge klousules 20.9 tot 20.15.

15.4 Elke aandeelhouer het net een stem ongeag die aantal aandele wat hy/sy/dit hou. Wysiging van hierdie klousule 15.4 van die AvO sal 'n 90% goedkeuringstem van lede vereis, in plaas van die gewone 75% meerderheidstem ten opsigte van wysiging van die AvO.

15.5 In die geval van 'n aandeelhouer in die vorm van 'n regspersoon of 'n trust, moet die natuurlike persoon wat sodanige regspersoon verteenwoordig of namens die trust optree, aan KA (Edms) Bpk aangetoon word met oorgang van die aandeel of aandele op sodanige regspersoon of trust, selfs as toepaslike regsreëls so 'n persoon bepaal. Die aanduiding van sodanige verteenwoordiger of persoon wat namens die trust optree, kan van tyd tot tyd met skriftelike kennisgewing aan KA (Edms) Bpk verander word. Sodanige verteenwoordiger of persoon wat namens die trust optree, kan ingevolge die wyse van stemreg op algemene vergaderings van KA (Edms) Bpk, volmag verleen ingevolge klousule 20.9 to 20.15 ter uitoefening van 'n stemreg.

15.6 In die geval van mede-eienaarskap van 'n aandeel of aandele, waar toepaslik, en regtens van relevansie, sal die stemreg berus by 'n mede-eienaar-aandeelhouer wat 'n inwoner van Kleinfontein is tensy die meerderheid van die mede-eienaar- aandeelhouers andersins tot die teendeel skiftelik kennis gee aan KA (Edms) Bpk (wat in elk geval gedoen moet word as daar **geen of meer as een** mede-eienaar- aandeelhouer 'n inwoner van Kleinfontein is). By versuim van die aanduiding van 'n mede-eienaar-aandeelhouer wat stemreg het, onder welke omstandighede ookal en/of waar vereis word of in die geval van 'n dispuut tussen mede-eienaar- aandeelhouers, sal KA (Edms) Bpk die mede-eienaar-aandeelhouer met sodanige stemreg aanwys.

## 16. UITREIKING VAN AANDELE

16.1 Behalwe waar dit in hierdie AvO anders bepaal word, het die Direksie nie die bevoegdheid om enige gemagtigde maar nog onuitgereikte aandele uit te reik sonder die voorafgaande goedkeuring van 'n Spesiale Besluit nie. Die goedkeuring beoog in hierdie klousule kan wees in die vorm van 'n algemene magtiging aan die Direksie, hetsy voorwaardelik of onvoorwaardelik, om die betrokke aandele in hulle diskresie toe te ken of uit te reik, of in die vorm van 'n spesifieke magtiging ten opsigte van 'n spesifieke toewysing of uitreiking van sodanige aandele. Sodanige magtiging duur vir die tydperk waarvoor in die betrokke besluit voorsiening gemaak word, maar kan te eniger tyd na gelang van die geval deur 'n Spesiale Besluit teruggetrek word.

16.2 Die Direksie het nie die bevoegdheid om op te tree kragtens Art's 36(2)(b) of 36(3) van die Mpy-wet nie, tensy dit deur 'n Spesiale Besluit van die aandeelhouers daartoe gemagtig word, waarna die Direksie gemagtig word om te eniger tyd aandele uit te reik, maar slegs in die klasse en in die mate dat die aandele gemagtig is deur en kragtens die WAB en die AvO.

## 17. SEKURITEITEREGISTER

17.1 Enigiemand wat daarop geregtig is om sy naam te laat inskryf in die sekuriteiteregister van KA (Edms) Bpk, moet aan KA (Edms) Bpk alle inligting verskaf wat dit van tyd tot tyd mag benodig, om die sekuriteiteregister op te stel en in stand te hou, insluitende daardie persoon se naam, sakeadres, woonadres, posadres en indien beskikbaar, e-posadres.

17.2 KA (Edms) Bpk moet sy bestaande aandeleregister omskep in 'n sekuriteiteregister wat die volgende bevat;

17.2.1 die aantal aandele wat gemagtig is, die aantal wat beskikbaar is vir uitreiking en die magtigingsdatum;

17.2.2 die totale getal aandele wat uitgereik, herverkry of aan KA (Edms) Bpk afgestaan is; en,

17.2.3 die totale getal aandele wat per aandeleblok en waar relevant, aandeleklas uitgereik, herverkry of aan KA (Edms) Bpk afgestaan is; en,

17.2.4 die aantal aandele van sodanige aandeleblok en waar relevant, aandeleklas wat onderworpe is aan opsies of omskeppingsregte wat, indien dit uitgeoefen word, sal vereis dat verdere aandele van daardie klas uitgereik moet word.

17.3 KA (Edms) Bpk moet elke oordrag van aandele in die sekuriteiteregister registreer, tesame met;

17.3.1 die oordragnemer se naam en sake-, woon,- epos- of posadres;

17.3.2 die beskrywing van die sekuriteite of belang oorgedra;

17.3.3 die datum van die oordrag; en,

17.3.4 die waarde van enige teenprestasie wat nog vir elke aandeel of belang deur KA (Edms) Bpk ontvang moet word, in die geval van ‘n oordrag van aandele, die inskrywingsprys waarvoor nog nie ten volle betaal is soos beoog in Art 40(5) en (6) van die Mpy-wet nie.

17.4 KA (Edms) Bpk mag net ’n inskrywing soos beoog in klousule 17.3 maak as die oordrag;

17.4.1 gestaaf word deur ’n behoorlike oordraginstrument (die oorspronklike of ’n afskrif daarvan) in ’n vorm en substansie wat die Direksie bevredigend vind en wat aan KA (Edms) Bpk afgelewer is; of,

17.4.2 deur werking van die reg bewerkstellig is.

17.5 Vir die doeleindes van klousule 17.4.1 en art 51(6)(a) van die Mpy-wet beteken “behoorlike oordraginstrument" ’n skriftelike dokument in enige vorm wat die volgende spesifiseer;

17.5.1 die volle naam van die oordraggewer (synde die naam van ’n persoon wat in die sekuriteiteregister aangeteken is as die geregistreerde houer van die aandele wat oorgedra word);

17.5.2 die volle naam van die oordragnemer; en,

17.5.3 die getal van die aandele soos geassosieer met ‘n aandeleblok wat oorgedra word, wat onderteken is deur of namens die geregistreerde aandeelhouer as oordraggewer en deur of namens die oordragnemer.

17.6 Elke oordraginstrument moet aan KA (Edms) Bpk gelewer word, tesame met;

17.6.1 die sertifikaat wat uitgereik is ten opsigte van die aandele wat oorgeplaas staan te word; en,

17.6.2 sodanige ander bewyse wat KA (Edms) Bpk mag vereis om die oordraggewer se eiendomsreg, of sodanige oordraggewer se reg om die aandele oor te dra.

17.7 Alle magtigings tot ondertekening van oordragaktes wat aandeelhouers verleen met die doel om aandele oor te dra en wat by of aan KA (Edms) Bpk of sy geregistreerde kantoor ingedien, voorgelê of vertoon word, word

aanvaar. Daar word geag dat genoemde magtigings volle gesag en regsgeldigheid behou en daar word met die oordrag voortgegaan. KA (Edms) Bpk mag handelinge daarvolgens toelaat tot tyd en wyl uitdruklike skriftelike kennisgewing van herroeping van die magtiging verskaf en ingedien word by sodanige van KA (Edms) Bpk se kantore waar die magtiging aanvanklik ingedien, voorgelê of vertoon is. Selfs nadat sodanige kennisgewing verskaf en ingedien is, het KA (Edms) Bpk die reg om uitvoering te gee aan enige instrumente wat enige beampte van KA (Edms) Bpk onderteken as synde in orde kragtens die magtiging om dit te onderteken en wat gesertifiseer is voordat sodanige kennisgewing verskaf en ingedien is.

17.8 Onderworpe aan wetgewing en ander regsbepalings aangaande belasting op sekuriteiteoordragte of met betrekking tot die boedels van oorlede persone en die administrasie van die boedels van insolvente en oorlede persone en persone wat handelingsonbevoeg is, het;

17.8.1 die ouer, voog of kurator van enige minderjarige aandeelhouer;

17.8.2 die trustee van ’n insolvente aandeelhouer;

17.8.3 die likwidateur van ’n regspersoon;

17.8.4 die tutor of kurator van ’n aandeelhouer wat handelingsonbevoeg is;

17.8.5 die eksekuteur of administrateur van die boedel van ’n oorlede aandeelhouer; en,

17.8.6 enige ander persoon wat op enige wettige wyse, behalwe oordrag kragtens hierdie AvO, die reg verkry op enige aandele van ’n aandeelhouer, steeds onderworpe aan die oorblywende bepalings van hierdie AvO, by voorlegging van sodanige getuienis wat die Direksie vereis;

die reg om onderskeidelik dieselfde regte uit te oefen en dieselfde uitkerings en ander voordele te ontvang waarop hy geregtig sou gewees het, indien hy die houer was van die aandele wat in die naam van die betrokke aandeelhouer geregistreer is, of te vereis dat hy ten opsigte van daardie aandele as die houer geregistreer word en daardie aandele sodanig oor te dra as wat die betrokke aandeelhouer sou kon gemaak het. Die Direksie het egter dieselfde reg om registrasie van die hand te wys of op te skort, as wat hulle sou gehad het indien die aandeelhouer die aandele wou oordra.

17.9 In die geval van enige aandeel wat in die name van twee of meer persone as gesamentlike houers geregistreer is, is die persoon wie se naam eerste in die sekuriteiteregister verskyn, behoudens die bepalings van hierdie AvO, die enigste persoon wat KA (Edms) Bpk erken as die houer van enige

eiendomsreg tot sodanige sekuriteit en tot die verbandhoudende titelsertifikaat. By die dood, insolvensie, plasing onder kuratorskap op grond van die kranksinnigheid of kwistigheid van enige gesamentlike houer van enige aandeel, is die enigste oorblywende houer of die eersgenoemde van twee of meer oorblywende gesamentlike houers, na gelang van die geval, die enigste persoon wat deur KA (Edms) Bpk erken word as die houer van enige eiendomsreg tot sodanige sekuriteit.

## 18. AANDEELSERTIFIKATE

18.1 Aandele van KA (Edms) Bpk moet in sertifikaatvorm uitgereik word.

18.2 Elke persoon wie se naam as aandeelhouer in die sekuriteiteregister aangeteken is, is geregtig op een aandeelsertifikaat vir al die aandele gegroepeer in ‘n aandeleblok wat in sy naam geregistreer is.

18.3 ‘n Sertifikaat vir aandele wat geregistreer is in die name van twee of meer persone, word gelewer aan die persoon wie se naam eerste in die register verskyn as ’n houer daarvan en lewering van ’n aandeelsertifikaat aan daardie persoon, word beskou as voldoende lewering aan alle gesamentlike houers van daardie aandeel.

18.4 ’n Sertifikaat as bewys van enige gesertifiseerde aandele van KA (Edms) Bpk;

18.4.1 moet op sy voorkant die volgende aandui: KA (Edms) Bpk se naam, die naam van die persoon aan wie die sekuriteite uitgereik is, die getal en klas van aandele en die benaming van die reeks, indien enige, waarvoor daardie sertifikaat as bewys dien, ’n nommer wat eie aan elke sertifikaat is en die woorde ‘Die aandele wat op hierdie sertifikaat vermeld word, mag slegs aan ‘n persoon wat deur die Direksie goedgekeur is, oorgedra word’. Enige aandeelsertifikaat wat uitgereik is, deur ’n voorafbestaande maatskappy, word egter nie ongeldig gemaak bloot omdat dit nie aan die voormelde spesifikasies voldoen nie;

18.4.2 moet onderteken word deur twee persone wat deur die Direksie gemagtig is, welke handtekeninge op outografiese, meganiese of elektroniese wyse op die sertifikaat aangebring mag word; en,

18.4.3 is bewys dat die genoemde aandeelhouer die aandele besit, by gebrek aan andersluidende bewys.

18.5 Indien ’n aandeelsertifikaat geskend, verlore gaan of vernietig word, mag dit vervang word deur betaling van enige belasting betaalbaar op die nuwe sertifikaat en op sodanige voorwaardes (indien enige) ten opsigte van bewyse, skadeloosstelling en betaling van KA (Edms) Bpk se onkoste vir die

ondersoek van sodanige getuienis en vir die plasing van advertensies daaroor, in die geval van verlies of vernietiging, soos wat die Direksie dit geskik ag, en in die geval van skending, by lewering van die ou sertifikaat aan die Direksie.

18.6 ’n Persoon;

18.6.1 verkry die regte verbonde aan enige spesifieke aandele van KA (Edms) Bpk wanneer daardie persoon se naam in KA (Edms) Bpk se sekuriteiteregister aangeteken word as die houer van daardie aandele; en,

18.6.2 se regte verbonde aan enige spesifieke aandele van KA (Edms) Bpk word beëindig wanneer daardie aandele se oordrag aan 'n ander persoon, verkryging deur KA (Edms) Bpk of afstanddoening aan KA (Edms) Bpk in KA (Edms) Bpk se sekuriteiteregister aangeteken word.

18.7 KA (Edms) Bpk erken nie die voordelige hou van aandele deur een persoon namens ‘n geregistreerde houer of enige ander persoon nie. KA (Edms) Bpk laat nie toe dat die houer van ’n voordelige belang op aandele stem nie, nieteenstaande enige ooreenkoms wat die houer van die voordelige belang toelaat om op die aandele te stem, met uitsluiting van die geregistreerde aandeelhouer.

18.8 Die afskrif van die oordraginstrument en ’n duplikaat aandeelsertifikaat, ander dokumentêre bewyse en ’n afskrif van enige magtiging om die aandele oor te dra, moet deur KA (Edms) Bpk by sy geregistreerde kantoor gehou word.

18.9 Enige belasting, insluitende hereregte, maar nie daartoe beperk nie, wat ten behoewe van ‘n voormalige, huidige of voornemende aandeelhouer deur KA (Edms) Bpk betaalbaar is in terme van enige toepaslike aspek van die reg, insluitende wetgewing, ten opsigte van enige oordrag of toewysing van aandele, is verhaalbaar deur KA (Edms) Bpk van sodanige aandeelhouer.

18.10 KA (Edms) Bpk is geregtig om oordragskoste, soos deur sy Direksie van tyd tot tyd bepaal, van ‘n voornemende aandeelhouer te verhaal ten opsigte van enige oordrag of toewysing van aandele.

## 19. UITREIKING VAN SKULDINSTRUMENTE

19.1 Die Direksie mag KA (Edms) Bpk slegs met die voorafgoedkeuring van ’n Spesiale Besluit magtig om op enige tydstip gesekureerde of ongesekureerde skuldinstrumente uit te reik.

19.2 ’n Skuldinstrument wat KA (Edms) Bpk uitreik, mag met die voorafgoedkeuring van ’n Spesiale Besluit die spesiale voorregte toestaan soos beoog in art 43(3) van die Mpy-wet ten opsigte van;

19.2.1 bywoning van en stemming op algemene vergaderings;

19.2.2 aanstelling van direkteure; of,

19.2.3 die toewysing van aandele, delging van skuld deur KA (Edms) Bpk of plaasvervanging van die skuldinstrument deur aandele in KA (Edms) Bpk, met dien verstande dat die aandele wat toegewys of vervang word, kragtens enige sodanige voorreg, deur of kragtens hierdie AvO gemagtig word.

## 20. AANDEELHOUERSVERGADERINGS

20.1 Onderworpe aan die bepalings van Art 60 van die Mpy-wet wat handel oor die neem van aandeelhouersbesluite buiten by ’n aandeelhouersvergadering, hou KA (Edms) Bpk ’n aandeelhouersvergadering;

20.1.1 te eniger tyd wanneer die Mpy-wet of hierdie AvO vereis dat die Direksie ’n aangeleentheid na aandeelhouers moet verwys vir ’n besluit; of,

20.1.2 wanneer ’n vakature in die Direksie ingevolge die Mpy-wet gevul moet word; of,

20.1.3 wanneer dit deur enige ander bepaling van hierdie AvO vereis word.

20.2 Die Direksie mag te eniger tyd ’n aandeelhouersvergadering byeenroep. Daarbenewens moet die Direksie ’n aandeelhouersvergadering belê bo en behalwe wat andersins statutêr bepaal mag word, indien ten minste een skriftelike en ondertekende eis aan KA (Edms) Bpk afgelewer word en;

20.2.1 die eis en indien meer, elk sodanige eis, die spesifieke doel beskryf waarvoor die vergadering voorgestel word; en,

20.2.2 ten minste 10% (tien persent) van die stemgeregtigdes as lede van KA (Edms) Bpk die eis onderteken het.

20.3 Bykomend tot die Direksie, is die maatskappysekretaris of enige aandeelhouer daarop geregtig om ’n aandeelhouersvergadering te belê, indien die Direksie versuim om te voldoen aan klousules 20.1 en 20.2.

20.4 Die Direksie mag die plek van aandeelhouersvergaderings bepaal (insluitend die plek van enige vergadering wat verdaag is), met dien verstande dat die plek die geregistreerde kantoor van KA (Edms) Bpk is of ’n ander geskikte lokaal binne ’n radius van 20 km van die geregistreerde kantoor van KA (Edms) Bpk of ’n ander geskikte lokaal in die Republiek van Suid-Afrika wat vir elke aandeelhouer redelik toeganklik is.

20.5 ’n Kennisgewing van ’n aandeelhouersvergadering moet aan elke aandeelhouer van KA (Edms) Bpk gestuur word, minstens 14 (veertien) dae voor die datum van die voorgenome vergadering of enige korter tydperk waartoe alle aandeelhouers by sodanige vergadering instem, met dien verstande dat elke aandeelhouer wat daarop geregtig is om stemreg by die vergadering uit te oefen, die vergadering bywoon en daartoe instem om afstand te doen van die vereiste minimum kennisgewing van sodanige vergadering.

20.6 Kennis van ’n aandeelhouersvergadering moet gegee word op die voorgeskrewe vorm CoR 42.2 (of sodanige ander vorm as wat die Mpy-wet mag voorskryf) en moet die volgende inligting bevat;

20.6.1 die datum, tyd en plek van die vergadering;

20.6.2 die algemene doel van die vergadering en enige spesifieke doel;

20.6.3 ’n afskrif van enige voorgestelde besluit waarvan KA (Edms) Bpk kennis ontvang het, en wat op die vergadering oorweeg moet word, en ’n kennisgewing van die persentasie stemregte wat vereis word vir daardie besluit om aangeneem te word;

20.6.4 ’n redelik prominente verklaring dat ’n aandeelhouer wat daarop geregtig is om die vergadering by te woon en daar te stem, daarop geregtig is om ’n gevolmagtigde aan te stel om die vergadering by te woon, daaraan deel te neem en te stem in die plek van die aandeelhouer. ’n Gevolmagtigde moet ook ’n aandeelhouer van KA (Edms) Bpk wees. Daar kan van deelnemers verwag word om bevredigende identifikasie te voorsien om hulle reg om aan die vergadering deel te neem, te staaf, soos beoog in klousule 19.8.

20.7 Die voorsitter van die Direksie is daarop geregtig om aandeel-houersvergaderings te lei. Indien daar egter geen voorsitter is nie of as hy kennis gegee het dat hy nie ’n vergadering kan bywoon nie of as hy nie binne 15 (vyftien) minute van die tyd wat vir die vergadering bepaal is, opdaag nie, kies die aandeelhouers wat daarop geregtig is om stemreg uit te oefen ten opsigte van KA (Edms) Bpk en teenwoordig is, ’n ander direkteur om die vergadering te lei. Indien geen direkteur teenwoordig is nie of indien geeneen

van die direkteure wat teenwoordig is, bereidwillig is om die vergadering te lei nie, kies die aanwesige aandeelhouers dan iemand uit hul geledere as voorsitter van die vergadering.

20.8 ’n Persoon wat ’n aandeelhouersvergadering wil bywoon of daaraan wil deelneem (hetsy as aandeelhouer of gevolmagtigde), moet redelike bevredigende identifikasie aan die voorsitter van die vergadering (of sy genomineerde) toon ten minste 15 (vyftien) minute voor die tyd wat vir die aanvang van die vergadering bepaal is. Die voorsitter (of sy genomineerde) moet redelikerwys bevredig wees dat die reg van die persoon om by te woon en te stem, redelik bevredigend geverifieer is. Vir die doeleindes van hierdie klousule 20.8 word die volgende vorms van identifikasie as “redelik bevredigend” beskou: ’n Geldige identiteitsdokument, bestuurslisensie of paspoort (of ’n gesertifiseerde afskrif van enige van hierdie dokumente), vergesel van ’n volmag, magtigingsbrief of ander instrument wat die gevolmagtigde of persoon aanstel om die vergadering namens ’n aandeelhouer by te woon. Indien die identifikasieproses nie afgehandel is teen die tyd dat die vergadering moet begin nie, moet die aanvang van die vergadering vertraag word tot die identifikasieproses voltooi is.

20.9 ’n Aandeelhouer mag te eniger tyd enige individu, wat ’n aandeelhouer is en nie sy stemreg volgens klousule 15 verbeur het nie, aanstel as gevolmagtigde om;

20.9.1 namens die aandeelhouer deel te neem aan, en te praat en te stem by, ’n aandeelhouersvergadering; of,

20.9.2 namens die aandeelhouer skriftelike toestemming verleen of weerhou by ’n besluit soos beoog in Art 60 van die Mpy-wet, synde die oorweging en aanvaarding van ’n besluit of die verkiesing van direkteure anders as op ’n aandeelhouersvergadering.

20.10 Die instrument wat ’n gevolmagtigde aanstel, moet op skrif, gedateer en deur die aandeelhouer onderteken wees.

20.11 ’n Gevolmagtigde word aangestel by wyse van ’n volmagvorm wat wesenlik in die formaat is, wat as Bylaag 1 aangeheg is, of deur ’n volmag of op sodanige ander wyse wat vir die Direksie aanvaarbaar is en wat aan Art 58 van die Mpy–wet moet voldoen.

20.12 ’n Gevolmagtigde mag nie sy bevoegdheid om namens ’n aandeelhouer te handel wat hom as gevolmagtigde aanstel, aan 'n ander persoon delegeer nie.

20.13 ’n Afskrif van die dokument waardeur 'n gevolmagtigde aangestel word, moet per hand of elektronies gelewer word aan KA (Edms) Bpk of enige ander

persoon wat benoem is in die kennisgewing wat die vergadering byeenroep, nie minder nie as 48 (agt-en-veertig) uur voordat sodanige vergadering moet plaasvind. So nie word die volmagdokument of volmag as ongeldig beskou.

20.14 Die bevoegdheid van ’n aandeelhouer se gevolmagtigde om te besluit om ten gunste van of teen iets te stem of buite stemming te bly, word bepaal deur die dokument wat die gevolmagtigde aanstel, tensy ‘n volmag sonder ‘n spesifieke instruksie of aanwysing verleen word.

20.15 Geldigheid van aanstelling:

20.15.1 Die benoeming van 'n gevolmagtigde bly vir sy beoogde doelstelling geldig vir ’n tydperk van een jaar na sy aanstellingsdatum, maar strek nie oor twee algemene jaarvergaderings nie, of sodanige korter of langer tydperk wat in die volmag uiteengesit word, met dien verstande dat dit te eniger tyd teruggetrek mag word deur dit skriftelik te kanselleer, of die latere teenstrydige benoeming van 'n ander gevolmagtigde, en deur ’n afskrif van die herroepings- dokument aan die gevolmagtigde en KA (Edms) Bpk te voorsien.

20.15.2 Die benoeming van ’n gevolmagtigde word opgeskort op sodanige tydstip en in die mate wat die aandeelhouer wat so ‘n gevolmagtigde aanstel, verkies om regstreeks en persoonlik te handel in die uitoefening van enige regte as aandeelhouer.

20.15.3 ’n Stem wat uitgebring word in ooreenstemming met die bepalings van ’n volmagdokument of volmag wat ’n gevolmagtigde aanstel, is geldig ondanks die vorige regsonbevoegdheid van die aandeelhouer of die herroeping van die instrument of volmag of van die oordrag van die aandele ten opsigte waarvan die stem uitgebring is, tensy skriftelike kennisgewing van sodanige regsonbevoegdheid, herroeping of oordrag deur of namens KA (Edms) Bpk ontvang word nie, minder nie as 24 (vier-en twintig) uur (of sodanige korter tydperk wat die Direksie mag bepaal ten opsigte van enige bepaalde vergadering) voor die tyd wat vir die hou van die vergadering vasgestel is.

20.15.4 ‘n Aandeelhouer mag nie meer as 5 (vyf) volmagte ontvang nie.

20.16 ’n Aandeelhouersvergadering mag in sy geheel of gedeeltelik deur elektroniese kommunikasie plaasvind, mits die elektroniese kommunikasie wat gebruik word, normaalweg alle deelnemers aan die vergadering in staat stel om gelyktydig met mekaar te kommunikeer sonder ’n tussenganger en om redelik effektief aan die vergadering deel te neem. KA (Edms) Bpk is egter

nie verplig om sodanige elektroniese kommunikasie beskikbaar te stel of toerusting wat daarmee verband hou, te voorsien nie.

20.17 ’n Besluit wat goedgekeur word deur sodanige persentasie wat vereis word vir die goedkeuring van sodanige besluit, in ’n geval waar die aandeelhouers deur elektroniese kommunikasie aan ’n aandeelhouersvergadering gekoppel is en waar;

20.17.1 alle sodanige aandeelhouers vir die duur van die elektroniese vergadering gekoppel bly;

20.17.2 die inhoud van die besluit by sodanige vergadering bespreek is, en,

20.17.3 die voorsitter, ondervoorsitter of enige aandeelhouer wat teenwoordig is by sodanige elektroniese vergadering, skriftelik bevestig dat die voorgemelde vereistes nagekom is, is geldig, word geag goedgekeur te gewees het op die datum waarop die vergadering gehou is, tensy ’n verklaring tot die teendeel in die notule van sodanige vergadering gemaak word.

20.18 Binne 10 (tien) sakedae na die goedkeuring of afkeuring van ’n besluit by 'n vergadering soos beoog in klousule 19.7 moet KA (Edms) Bpk;

20.18.1 aan elke aandeelhouer ’n afskrif van die voorgestelde besluit aflewer, tesame met ’n verklaring wat die uitslag van die stemming, goedkeuringsproses of verkiesing, na gelang van die geval, reflekteer; en,

20.18.2 ’n afskrif van die besluit in KA (Edms) Bpk se notuleboek invoeg.

20.19 Tot en met 200 lede is ‘n kworum 10% van die lede. Bo 200 lede is ‘n kworum 20 lede plus 1% van die aantal lede bo 200 en afgerond na die volgende heelgetal. Voorbeeld: 428 lede. ‘n Kworum is dus 10% van 200 + 1% van 228 = 20 + 2,28 = 22,28. Rond af tot 23.

20.20 Indien ’n kworum nie aanwesig is binne 30 (dertig) minute na die tyd wat vir die vergadering bepaal is nie, verdaag die vergadering tot dieselfde dag van die volgende week, op dieselfde tydstip en plek. Skriftelike kennisgewing van sodanige uitgestelde vergadering, (wat ’n sakelys insluit), moet aan alle aandeelhouers van KA (Edms) Bpk gegee word, nie minder nie as 48 (agt-en-veertig) uur voordat sodanige uitgestelde vergadering gehou word.

20.21 Indien ’n kworum nie by sodanige uitgestelde vergadering aanwesig is binne 30 (dertig) minute na die tyd wat vir die vergadering vasgestel is nie, vorm enige aandeelhouers wat persoonlik of deur 'n gevolmagtigde aanwesig is, ’n

kworum. Geen sake mag by die uitgestelde vergadering behandel word behalwe die sake wat op die sakelys gespesifiseer is nie.

20.22 Die voorsitter wat ’n aandeelhouersvergadering lei, mag die beperking van 30 (dertig) minute wat in klousule 20.22 gespesifiseer word soos beoog in Art 64(5), vir ’n redelike tydperk verleng op grond van die volgende;

20.22.1 dat buitengewone omstandighede wat die weer, vervoer of elektroniese kommunikasie raak, oor die algemeen die vermoë belemmer het of belemmer van aandeelhouers om op die vergadering teenwoordig te wees; of,

20.22.2 dat een of meer spesifieke aandeelhouers wat vertraag is, ’n voorneme gekommunikeer het om die vergadering by te woon en daardie aandeelhouers saam met ander wat teenwoordig is, die kworumvereistes sal bevredig.

20.23 ’n Aandeelhouersvergadering, (of oorweging van ’n bepaalde punt op die sakelys), mag sonder verdere kennisgewing verdaag word tot ’n vaste tyd en plek, (dit vereis egter ’n kennisgewing indien dit "tot verdere kennisgewing” verdaag word), deur ’n stemming ten gunste daarvan, deur houers van die meerderheid van die stemreg wat gehou word deur alle persone wat aanwesig is of op die vergadering verteenwoordig word en wat daarop geregtig is om dit uit te oefen op minstens een oorblywende punt op die vergadering se sakelys, of, waar die verdaging ten opsigte van ’n bepaalde saak is, deur ’n stemming ten gunste daarvan, deur houers van die meerderheid van die stemreg wat gehou word deur alle persone wat aanwesig is, of op die vergadering verteenwoordig word en wat daarop geregtig is om dit uit te oefen ten opsigte van die bepaalde kwessie.

20.24 ’n Vergadering mag nie uitgestel word vir langer as die vroegste van die volgende nie:

20.24.1 120 (eenhonderd-en-twintig) sakedae na die optekeningsdatum wat in ooreenstemming met klousule 22 bepaal is nie; of,

20.24.2 60 (sestig) sakedae na die datum waarop die verdaging plaasgevind het nie.

## 21. STEMMING BY AANDEELHOUERSVERGADERINGS

21.1 Op ’n aandeelhouersvergadering mag stemming geskied deur hande op te steek of met stembriefies.

21.2 Onderworpe aan enige spesiale bepalings oor stemming waarop enige aandeel uitgereik mag word en onderworpe aan die bepalings van die Mpy- wet, het elke aandeelhouer/lid wat daarop geregtig is om te stem en wat persoonlik aanwesig is met ‘n stemming by die opsteek van hande, een stem. In die geval van ‘n stemming by wyse van stembriefies, het elke aandeelhouer/lid wat stemgeregtig is, en aanwesig is of deur volmag verteenwoordig word, een stem.

21.3 Behoudens waar die Mpy-wet of hierdie AvO uitdruklik tot die teendeel bepaal, word daar by enige Algemene Vergadering by wyse van ‘n gewone meerderheidsbesluit beslis oor alle vrae, sake en aangeleenthede wat ter tafel is, terwyl alle stemmings eerstens by wyse van handopsteek is, onderworpe egter aan klousule 21.4.

21.4 ’n Stemming met stembriefies moet gehou word oor enige spesifieke aangeleentheid waaroor op 'n vergadering gestem moet word, hetsy voor of na ’n aanvanklike stemming deur 'n opsteek van hande, indien ’n eis vir sodanige stemming gemaak word deur;

21.4.1 ten minste vyf persone wat die reg het om oor daardie aangeleentheid te stem, hetsy as aandeelhouer of gevolmagtigde;

21.4.2 minstens 10% (tien persent) van die aandeelhouers (volmagte ingesluit) wat vir stemming oor daardie aangeleentheid toegelaat word; of,

21.4.3 die voorsitter van die vergadering.

21.5 Indien ’n stemming met stembriefies geëis word soos vermeld, word dit op sodanige wyse en op sodanige tyd en plek, (hetsy onmiddellik voor of na ’n tydsverloop), uitgevoer as wat die voorsitter van die vergadering bepaal. Die eis om 'n stemming met stembriefies mag teruggetrek word. Die voorsitter of sy gemagtigdes tel die stemme en die voorsitter verklaar tydens die vergadering die uitslag van die stemming met die stembriefies. In die geval van enige geskil oor die toelating of verwerping van ’n stem, beslis die voorsitter van die vergadering oor die geskil en die beslissing, vir sover die voorsitter dit te goeder trou maak, is finaal en voldoende.

21.6 Onderworpe aan die bepalings van die Mpy-wet, is ’n verklaring deur die voorsitter op enige algemene vergadering dat ’n besluit goedgekeur is of deur ’n bepaalde meerderheid goedgekeur is, of afgekeur is, of nie deur ’n besondere meerderheid goedgekeur is nie, finaal, vir sover die voorsitter se optrede te goeder trou is, en ’n inskrywing te dien effekte in die notuleboek van KA (Edms) Bpk is voldoende getuienis van die feit. Die voorsitter moet die

aantal en persentasie van stemme ten gunste van en teen die voorgestelde besluit aanteken, sowel as enige onthoudings van stemming.

21.7 Die eis vir ’n stemming met stembriefies verhinder nie die voortsetting van ’n vergadering vir die afhandeling van enige sake, behalwe die kwessie waaroor ’n stemming met stembriefies geëis is nie.

21.8 Wanneer daar gesamentlike geregistreerde houers van enige aandele is, mag enigeen van sodanige persone op enige vergadering ten opsigte van sodanige aandele stem, asof hy uitsluitlik daarop geregtig is om te stem, maar indien meer as een van sodanige gesamentlike houers aanwesig is of by enige vergadering verteenwoordig word, het daardie gesamentlike houer wie se naam eerste in die sekuriteiteregister verskyn ten opsigte van sodanige aandele, of sy gevolmagtigde, na gelang van die geval, uitsluitlik daarop geregtig om te stem ten opsigte van sodanige aandele.

21.9 Enige entiteit wat aandele hou wat stemreg verleen, mag by besluit van die direkteure of ander regulerende liggaam van daardie entiteit een persoon magtig om as sy verteenwoordiger op te tree by enige aandeelhouersvergadering. Die verteenwoordiger is daarop geregtig om dieselfde magte uit te oefen as wat daardie entiteit sou uitoefen asof dit ’n natuurlike persoon aandeelhouer was. Die Direksie mag, maar is nie verplig nie, om tot sy bevrediging bewys te eis van die aanstelling of bevoegdheid van ’n verteenwoordiger om op te tree.

21.10 Ondanks enigiets tot die teendeel wat in hierdie AvO vervat is, mag KA (Edms) Bpk nie deelneem aan, instem tot, optree of toelaat dat enige van sy filiale deelneem aan, instem tot of optree of enige aangeleentheid onderneem wat in Bylaag 2 of andersins uitdruklik in hierdie AvO uiteengesit word nie, tensy die aandeelhouers sodanige aangeleentheid deur ’n Spesiale Besluit goedgekeur het, en die magte van die Direksie moet dienooreenkomstig beperk word.

21.11 Die Direksie mag enige besluit voorstel wat deur aandeelhouers oorweeg moet word en mag bepaal of daardie besluit op ’n aandeelhouersvergadering oorweeg en daaroor gestem sal word.

21.12 Enige 5 (vyf) aandeelhouers is daarop geregtig om ’n besluit voor te stel ten opsigte van ’n aangeleentheid waaroor hulle stemreg mag uitoefen en mag vereis dat die besluit oorweeg word op ’n aandeelhouersvergadering.

21.13 Rondomtaliebesluit:

21.13.1 In ooreenstemming met Art 60(1) van die Mpy-Wet, is ’n skriftelike besluit onderteken deur sodanige persentasie van alle aandeelhouers soos wat vereis word om ’n gewone besluit of

Spesiale Besluit goed te keur, welke een in die omstandighede van toepassing is, binne 20 (twintig) sakedae nadat die besluit aan die aandeelhouers voorgelê en in die notuleboek van KA (Edms) Bpk ingevoeg is, so geldig en effektief asof dit goedgekeur is by 'n aandeelhoursvergadering wat na behore belê is.

21.13.2 Daar word geag dat die skriftelike besluit goedgekeur is op die laaste dag waarop daardie besluit onderteken is deur enige of een of meer van die aandeelhouers wat daarop geregtig is om stemreg ten opsigte van daardie besluit uit te oefen.

21.13.3 Die skriftelike besluit mag bestaan uit twee of meer dokumente in dieselfde vorm wat elkeen deur een of meer sodanige aandeelhouers onderteken is, na gelang van die geval. KA (Edms) Bpk moet binne 10 (tien) sakedae na die goedkeuring van so 'n rondomtaliebesluit 'n verklaring uitreik wat die uitslag van die stemming uiteensit aan elke aandeelhouer wat stemgeregtig oor die aangeleentheid is.

21.14 KA (Edms) Bpk moet notule hou van die aandeelhoursvergaderings en elke besluit wat die aandeelhouers goedkeur, in die notule aanteken.

## 22. REKORDDATUM

22.1 Die rekorddatum beteken die datum bepaal kragtens Art 59 van die Mpy-wet waarop 'n maatskappy sy aandeelhouers se identiteit en hulle aandeelhouding bepaal vir die doeleindes van die Mpy-wet.

22.2 Indien die Direksie die rekorddatum bepaal, mag dit nie vroeër wees as die datum waarop die rekorddatum bepaal word nie, of hoogstens 10 (tien) sakedae voordat die gebeurtenis of optrede plaasvind waarvoor die rekorddatum geskeduleer word en moet dit aan aandeelhouers bekend gemaak word op 'n wyse wat enige voorgeskrewe vereistes bevredig.

22.3 Indien die Direksie te eniger tyd nalaat om 'n rekorddatum te bepaal, is die rekorddatum vir die betrokke aangeleentheid;

22.3.1 in die geval van 'n aandeelhoursvergadering die laaste datum waarop daar van KA (Edms) Bpk vereis word om kennis van die aandeelhoursvergadering te gee aan aandeelhouers wat daarop geregtig is om te stem; of,

22.3.2 in enige ander geval die datum van die handeling of gebeurtenis.

22.4 Die Maatskappy mag ’n kennisgewing van ’n rekorddatum vir enige aangeleentheid publiseer deur ’n afskrif aan elke aandeelhouer te lewer en ’n duidelik sigbare afskrif van die kennisgewing by sy geregistreerde kantoor te vertoon en op sy webtuiste te plaas, indien dit een het.

## 23. AANDELE EN DIE WET OP DIE BEHEER VAN AANDELEBLOKKE

Ondanks enige teenstrydige bepalings in hierdie AvO, moet enige aandeel van KA (Edms) Bpk;

23.1 dieselfde stemreg as elke ander aandeel van KA (Edms) Bpk verleen, met die voorbehoud dat daar per lid gestem word op ‘n vergadering van aandeelhouers; en,

23.2 ‘n reg op of belang in die gebruik van ’n gedeelte van die onroerende eiendom verleen.

## 24. ALGEMENE BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE DIREKSIE

24.1 Die bedrywighede en sake van KA (Edms) Bpk word bestuur deur of volgens die opdrag van die Direksie, wat ten volle daartoe gemagtig is om dit te doen, asook om enige van die funksies van KA (Edms) Bpk uit te voer, behalwe indien die Mpy-wet of hierdie AvO anders bepaal en goedkeuring deur die aandeelhouers spesifiek daarvoor vereis word.

24.2 Die bestuursbevoegdhede wat ingevolge Art 66(1) van die Mpy-wet aan die direkteure toegestaan is, word beperk in die mate soos in hierdie AvO uiteengesit.

## 25. REËLS

25.1 Buiten die mate wat hierdie AvO anders bepaal, kan die Direksie enige nodige of bykomende reëls met betrekking tot die bestuur van KA (Edms) Bpk wat verband hou met sake wat nie in die Mpy-wet of in die AvO hanteer word nie, maak, wysig of afskaf deur;

25.1.1 daardie reëls te publiseer deur ‘n afskrif daarvan beskikbaar te stel vir insae deur enige aandeelhouer van KA (Edms) Bpk by KA (Edms) Bpk se geregistreerde kantoor vir tyd en wyl; en,

25.1.2 ‘n afskrif van daardie reëls by die kommissie (CIPC) op die voorgeskrewe wyse in te dien.

25.2 ‘n Reël beoog in klousule 25.1;

25.2.1 moet met die Mpy-wet en hierdie AvO ooreenstem en enige sodanige reël wat strydig is met die Mpy-wet of hierdie AvO, is nietig in die mate waarin dit so strydig is; en

25.2.2 tree in werking op ‘n datum wat die laatste is, van;

25.2.2.1 20 (twintig) sakedae nadat die reël ingevolge klousule 25.1 ingedien is; of,

25.2.2.2 die datum, indien enige, wat in die reël gespesifiseer word; en,

25.2.3 is bindend;

25.2.3.1 op ‘n tussentydse grondslag, vanaf die tydstip waarop dit in werking tree totdat daar by die volgende aandeelhouersvergadering van KA (Edms) Bpk daaroor gestem word; en,

25.2.3.2 op ‘n permanente grondslag, tensy daar by die volgende aandeelhouersvergadering van KA (Edms) Bpk daaroor gestem word en deur ‘n gewone besluit van aandeelhouers besluit word om dit nie permanent in werking te stel nie.

25.3 Indien ‘n reël wat ingevolge klousule 25.1 ingedien is, daarna;

25.3.1 bekragtig word, moet KA (Edms) Bpk binne 21 (een-en-twintig) dae ‘n kennisgewing van bekragtiging op die voorgeskrewe wyse en vorm indien; of,

25.3.2 nie bekragtig word wanneer dit tot stemming gebring word nie;

25.3.2.1 moet KA (Edms) Bpk ‘n kennisgewing van nie-bekragtiging binne 5 (vyf) dae na die stemming, op die voorgeskrewe wyse en vorm, indien; en,

25.3.2.2 kan die Direksie nie binne die daaropvolgende 12 (twaalf) maande ‘n wesenlik soortgelyke reël opstel nie, tensy dit vooraf deur gewone besluit van die aandeelhouers goedgekeur is.

25.4 Enige versuim om die reëls van ‘n maatskappy te bekragtig, raak nie die geldigheid van enigiets wat ingevolge daardie reëls gedoen is, toe dit op ‘n tussentydse grondslag in werking was nie.

25.5 KA (Edms) Bpk se AvO en enige reels, insluitend die Interne Reëls, van KA (Edms) Bpk is bindend;

25.5.1 tussen KA (Edms) Bpk en elke aandeelhouer;

25.5.2 tussen of onder die aandeelhouers van KA (Edms) Bpk; en,

25.5.3 tussen KA (Edms) Bpk en;

25.5.3.1 elke direkteur of voorgeskrewe beampte van KA (Edms) Bpk; en,

25.5.3.2 enige ander persoon wat KA (Edms) Bpk in die uitoefening van hul onderskeie funksies binne KA (Edms) Bpk as ‘n lid van ‘n komitee van die Direksie dien.

25.6 Die Direksie is geregtig om van tyd tot tyd Interne Reëls, aanvullend tot die reëls waarna in Art 15(3) van die Mpy-wet verwys word, te maak, te wysig en/of af te skaf. Hierdie Interne Reëls het betrekking op die beheer, bestuur, administrasie, gebruik en benutting van spesifieke gedeeltes waarop daar uitsluitlike gebruiksregte gekoppel is, sowel as van die gemeenskaplike gebruiksareas. Die Interne Reëls sal ook bestaan uit bestuurs-, gedrags- en enige ander reëls ten einde aan KA (Edms) Bpk se Missie uitvoering te gee.

## 26. SAMESTELLING VAN DIE DIREKSIE

26.1 KA (Edms) Bpk is ‘n Aandeleblokmaatskappy en daarom is enige bepaling in hierdie AvO ten opsigte van die samestelling van die Direksie, onderworpe aan die bepalings vervat in Art 12 van die WAB.

26.2 Slegs Aandeelhouers van KA (Edms) Bpk wat ouer is as 21 (een-en-twintig) jaar; en (i) wat die Gedragskode vir Direkteure onderskryf; en (ii) wat aan die vereistes van stemreg soos vervat in klousule 15 van die AvO voldoen; en (iii), wie se heffings nie agterstallig is nie; en (iv) wat reeds minstens 2 (twee) jaar binne die grense van die onroerende eiendom van KA (Edms) Bpk gebruiksreg besit en aaneenlopend vir 2 (twee) jaar daarop woonagtig is; (v) nie lid is van of deelneem aan enige faksievorming, drukgroep en/of organisasie wat nie uitdruklik deur hierdie AvO erken word of gemagtig is nie, en (vi) nie ‘n kriminele rekord het, en/of van kriminele aktiwiteite op Kleinfontein vervolg word en/of skuldig bevind was nie, mag as direkteure

verkies word. Wanneer, ‘n direkteur ophou om ‘n aandeelhouer van KA (Edms) Bpk te wees en/of ophou om gewoonlik woonagtig te wees binne die grense van die onroerende eiendom, sal hy ophou om ‘n direkteur te wees.

26.3 Behoudens die bepalings van klousules 26.1 en 26.2 moet ‘n lid skriftelik deur 2 (twee) lede vir verkiesing as direkteur genomineer word. Die genomineerde moet die nominasie skriftelik aanvaar. Die nominasie en aanvaarding daarvan moet op die vorm soos voorgeskryf deur Direksie, minstens 7 (sewe) dae voor die betrokke ledevergadering by KA (Edms) Bpk se kantoor ingedien word. ‘n Volledige CV van die genomineerde met stawende dokumente moet saam met die nominasievorm ingedien word. Die genomineerde moet ook beskikbaar wees vir ‘n evalueringsproses soos goedgekeur deur die Direksie.

26.4 Die Direksie mag nie uit minder as 5 (vyf) of meer as 12 (twaalf) direkteure bestaan nie, met dien verstande dat, onderworpe aan die voorgenoemde, die Direksie die maksimum mag vasstel en gemelde maksimum van 12 (twaalf) direkteure slegs verhoog mag word by wyse van ‘n gewone besluit van aandeelhouers geneem op ‘n Algemene Jaarvergadering.

26.5 Onderworpe aan die Mpy-wet, sowel as klousule 26.1, moet die direkteure verkies word deur aandeelhouers van KA (Edms) Bpk wat daarop geregtig is om stemreg uit te oefen soos beoog in Art 66(4) van die Mpy-wet.

26.6 Onderworpe aan klousule 26.1, moet enige verkiesing van direkteure per skriftelike stemming deur al die aandeelhouers wat daarop geregtig is om hul stemreg ten opsigte van die verkiesing van daardie direkteur uit te oefen. Daar kan in een stemming vir al die kandidate gestem word en kan elke aandeelhouer die name tot ‘n maksimum van soveel kandidate as wat daar vakatures is, op sy stembrief aanbring en sal die kandidate op wie die meerderheidstemme vestig, as direkteure aangestel word.

26.7 Indien kandidate dieselfde aantal stemme op hulle verenig, wat meebring, dat hulle wedywer vir die laaste ongevulde vakature, sal daar ‘n nuwe stemming tussen die kandidate waarop daar gelyke stemme uitgebring is, gehou word. Indien daar weer na sodanige stemming, ‘n gelyke aantal stemme uitgebring word ten opsigte van die betrokke kandidate, sal die voorsitter twee stemgeregtigde persone nomineer op die wyse bepaal deur die voorsitter wat nie arbitrêr mag wees nie, wat saam met die voorsitter, weer ‘n stemming sal hou, en sal ‘n meerderheidstem van die laasgenoemde drie persone die uitslag bepaal. Indien een van die drie persone buite stemming bly en ‘n staking van stemme daarstel, sal die voorsitter weer twee ander stemgeregtigde persone aanwys, en sal die proses herhaal word totdat die vakature gevul is.

26.8 Indien 75% (vyf-en-sewentig persent) van die stemgeregtigde lede daartoe instem, kan die verkiesing uitgevoer word as ’n reeks stemmings by wyse van ‘n stembrief, wat elkeen handel oor die kandidatuur van ’n enkele individu om ’n enkele vakature te vul, met ’n reeks stemmings wat voortgesit word totdat alle vakatures wat op daardie tydstip op die Direksie bestaan, gevul is en word die vakature slegs gevul indien ’n meerderheid van stemme wat uitgebring is, die kandidaat ondersteun (Art 68(2) van die Mpy-wet). Indien daar ‘n staking van stemme is, sal die proses voorgeskryf in klousule 26.7, nadat die nodige aanpassings aangebring is, gevolg word.

26.9 Geen verkiesing van ’n direkteur sal voortgaan voordat hy nie skriftelik daartoe ingestem het om in hierdie posisie te dien nie.

26.10 Daar sal geen *ex officio*-direkteure wees benewens enige direkteure wat ingevolge hierdie AvO aangestel is nie.

26.11 KA (Edms) Bpk moet in ’n “Register van Direkteure” rekord hou van sy direkteure en van die besonderhede wat in die Mpy-wet bepaal word.

26.12 Die direkteure van KBK ten tye van die omskakeling sal outomaties die eerste direkteure van KA (Edms) Bpk wees.

## 27. TERMYN AS DIREKTEUR EN VAKATURES

27.1 Ten minste 1/3de (een derde) van die direkteure tree elke jaar by die Algemene Jaarvergadering van KA (Edms) Bpk uit, met dien verstande dat die direkteure wat aldus uittree, herverkiesbaar is en voorts met dien verstande dat 'n direkteur nie vir 'n langer tydperk as 9 (nege) jaar aaneenlopend as direkteur mag dien nie, waarna hy vir 'n tydperk van 1 (een) jaar nie herverkiesbaar sal wees nie. By die bepaling van hoeveel direkteure ‘n 1/3de (een derde) van die Direksie uitmaak, sal, wanneer die getal direkteure deur 3 (drie) gedeel word en die resultaat van die deelsom nie 'n heelgetal is nie, die getal afgerond word na die groter heelgetal. Duidelikheidshalwe: Indien daar 10 (tien) direkteure is, moet 4 (vier) van daardie direkteure uittree.

27.2 Die direkteure wat ingevolge die bepalings van klousule 27.1 moet uittree, sal daardie direkteure wees wat die langste aaneenlopende tyd op die Direksie dien en sou daar direkteure wees wat ewe lank dien, sal die lot gewerp word, om te bepaal wie moet uittree.

**Buitengewone reëling by die verkiesing van die eerste direkteure van KA (Edms) Bpk**: Daar moet 12 (twaalf) direkteure verkies word by die eerste Direksievergadering en moet daar deur loting bepaal word watter 4 (vier)

direkteure na een jaar moet uittree, watter 4 (vier) direkteure na 2 (twee) jaar moet uittree en die ander 4 (vier) tree dan na 3 (drie jaar uit.

27.3 Die Direksie kan 'n addisionele direkteur koöpteer mits die maksimum getal van die direkteure soos in klousule 26.4 bepaal, nie daardeur oorskry word nie. Sodanige gekoöpteerde direkteur se ampstermyn sal verstryk by die eersvolgende Algemene Jaarvergadering, (by welke vergadering hy verkiesbaar is as direkteur), sonder enige effek op die rotasiebasis van die ander direkteure.

27.4 Die Voorsitter van die Direksie wat aan dieselfde minimum kwalifikasies as 'n Direkteur in terme van die bepalings van Artikels 26.2, 26.3 en 26.4 moet voldoen, en nie elders as Voorsitter dien nie, moet jaarliks onderling vanuit aandeelhouersgeledere gekies word en sodanige Voorsitter wat vir 'n voorafgaande jaar termyn gedien het, is weer herkiesbaar. 'n Voorsitter mag nie vir langer as 3 (drie) jaar aaneenlopend as voorsitter dien nie tensy die Algemene Vergadering tot die teendeel besluit, maar kan weer nadat so 'n Voorsitter vir 1(een) jaar afgestaan het, beskikbaar wees om as voorsitter te dien. Onderworpe aan die bepalings van Artikel 27.1 rakende die termyn van Direkteure, en met dien verstande dat 'n vakature in die Direksie bestaan, is 'n uittredende Voorsitter is beskikbaar vir enige ander spesifieke posisie in die Direksie.

27.5 'n Direkteur sal nie langer beskikbaar wees nie en sal ophou om die amp van direkteur as sodanig te vervul indien;

27.5.1 hy nie beskikbaar is nie of gediskwalifiseer word soos beoog in Art 69; of

27.5.2 hy ingevolge hierdie AvO uit sy amp verwyder word.

27.6 'n Direkteur, voorgeskrewe beampte, lid van enige Direksiekomitee of lid van die ouditkomitee wat ingevolge die Mpy-wet of hierdie AvO nie beskikbaar is nie of gediskwalifiseer raak om sodanige pos te beklee sal, met onmiddellike gevolg, die pos ontruim.

27.7 KA (Edms) Bpk moet binne 10 (tien) sakedae nadat 'n persoon 'n direkteur geword het of opgehou het om 'n direkteur te wees, 'n kennisgewing in die voorgeskrewe vorm by die Kommissie indien.

27.8 Indien 'n direkteur verwyder word op die wyse bepaal in Art 71 van die Mpy-wet ontstaan 'n vakature in die Direksie nie voor die laatste van;

27.8.1 die verstryking van die tydperk vir die indiening van 'n aansoek om hersiening ingevolge Art 71(5) van die Mpy-wet; of ,

27.8.2 die toestaan van 'n hofbevel op sodanige aansoek, met dien verstande

dat die direkteur vir daardie tydperk vanaf datum van verwydering uit sy amp geskors sal wees, tot die plaasvind van die laaste van die voormelde twee gebeurtenisse, nie.

27.9 Indien ‘n vakature op die Direksie ontstaan, mag die oorblywende direkteure ‘n direkteur aanstel om die vakature te vul tot die eersvolgende Algemene Jaarvergadering by welke vergadering hy, of enige ander genomineerde, verkiesbaar is as direkteur sonder enige effek op die rotasiebasis van die ander direkteure wat moet uittree. Indien vakatures sodanig ontstaan dat daar minder direkteure oorbly as die minimum aantal soos vereis in klousule 26.4, moet die oorblywende direkteure ‘n vergadering van aandeelhouers byeenroep om minstens genoeg direkteure aan te stel om aan die vereiste minimum aantal direkteure te voldoen.

27.10 Die aanblywende direkteure, (of enigste aanblywende direkteur), mag ondanks enige vakature in die Direksie optree, maar indien en solank as wat hul getal laer is as wat deur of ingevolge hierdie AvO as ’n kworum vasgestel is, mag die aanblywende direkteure of direkteur slegs vir die doeleindes van die sameroeping van ’n vergadering van aandeelhouers optree, tensy dwingende omstandighede die uitoefening van ander bevoegdhede en magte vereis.

27.11 Indien daar geen direkteur is wat in staat en gewillig is om op te tree nie, dan mag enige aandeelhouer wat daarop geregtig is om vir die verkiesing van ’n direkteur stemreg uit te oefen ’n vergadering van aandeelhouers byeenroep met die doel om direkteure aan te stel en/of ’n vakature te vul.

27.12 Ondanks enige strydige bepaling in hierdie AvO of enige ooreenkoms tussen KA (Edms) Bpk en ’n direkteur, of tussen enige aandeelhouers en ’n direkteur, mag ’n direkteur uit sy amp verwyder word deur;

27.12.1 ’n gewone besluit aangeneem op ’n aandeelhouersvergadering deur die persone wat daarop geregtig is om stemreg uit te oefen in ’n verkiesing van daardie direkteur; of,

27.12.2 deur ‘n hofbevel behoudens die verdere bepalings van hierdie AvO en die Mpy-wet.

27.13 Voordat die aandeelhouers ’n besluit soos beoog in klousule 27.12 kan oorweeg;

27.13.1 moet die direkteur 15 (vyftien) sakedae vooraf kennis gegee word van die voorgenome vergadering en die besluit; en,

27.13.2 die direkteur moet ’n redelike geleentheid gebied word om,

persoonlik of deur ’n verteenwoordiger, ’n aanbieding aan die vergadering te maak voordat daar oor die besluit gestem word.

27.14 Indien ’n aandeelhouer of ’n direkteur beweer dat ’n direkteur nie beskikbaar geword het nie of gediskwalifiseer is ingevolge Art 69 van die Mpy-wet of klousule 26.1, buiten op die gronde beoog in Art 69(8)(a) (hofverbod of misdadigheid); of in so ’n mate onbevoeg geraak het dat die direkteur nie in staat is om die funksies van ’n direkteur uit te voer nie en dit onwaarskynlik is dat hy daardie bekwaamheid binne ’n redelike tyd sal herwin, of die funksie van direkteur versuim het, of die uitvoering van die funksies van direkteur versaak het, moet die Direksie, met uitsluiting van die betrokke direkteur, die saak by besluit op ‘n Direksievergadering bepaal en kan hulle ’n direkteur wat deur die Direksie as nie beskikbaar of gediskwalifiseer, onbevoeg, of nalatig of pligversakend bepaal is, na gelang van die geval, uit sy amp onthef.

27.15 Voordat die Direksie ’n besluit beoog in klousule 27.14 kan oorweeg, moet die betrokke direkteur;

27.15.1 kennisgewing van die Direksievergadering ontvang, insluitende ’n afskrif van die voorgestelde besluit en ’n verklaring wat redes vir die besluit uiteensit, met voldoende besonderhede om die direkteur redelikerwys in staat te stel om ’n reaksie voor te berei en aan te bied; en,

27.15.2 ’n redelike geleentheid gebied word om ’n aanbieding aan die vergadering te maak, persoonlik of deur ’n verteenwoordiger, voordat daar oor die besluit gestem word.

27.15.3 die ontheffing van ‘n Direkteur soos onder klousule 27.14 moet op ‘n opeenvolgende vergadering van aandeelhouers/lede van KA (Edms) Bpk bekragtig word, maar is geldig vanaf die tydstip van opdrag tot ampsontheffing deur die Direksie inagnemende klousules 27.15.1 en 27.15.2.

27.16 Art 71 van die Mpy-wet bepaal die regsmiddele tot beskikking van die betrokke direkteur en/of direkteure wat moontlik teen die ontheffing van die genoemde direkteur gestem het.

27.17 Indien 'n afvaardiging van aandeelhouers of 'n aandeelhouer self voor die Direksie wil verskyn insake die ampsontheffing van ‘n Direkteur of enige ander saak, moet 'n memorandum waarin die doel, motivering en 'n kort samevatting van die afvaardiging se beoogde samespreking met die Direksie, aan die voorsitter van die Direksie oorhandig word minstems 10 (tien) dae voor die datum waarop die tersaaklike Direksievergadering plaasvind. Die Direksie kan die versoek toestaan of, in die alternatief, die aangeleentheid verwys na 'n

komitee wat vir daardie doel saamgestel word deur die Direksie en sal die betrokke komitee dan die afvaardiging te woord staan.

27.18 Die afvaardiging bedoel in klousule 27.17 mag nie uit meer as 3 (drie) persone bestaan nie.

27.19 Indien die Direksie besluit om die afvaardiging of die aandeelhouer bedoel in klousule 27.17 te woord te staan, sal die afvaardiging die Direksie mag toespreek vir 'n maksimum van 30 (dertig) minute met dien verstande dat die voorsitter van die Direksie, te eniger tyd voor die verstryking van die 30 (dertig) minute voormeld, geregtig sal wees om die vergadering te verdaag indien hy, in sy uitsluitlike diskresie, sou besluit dat die wyse waarop die afvaardiging optree, nie in belang van KA (Edms) Bpk of sy aandeelhouers is nie. Enige lid van die Direksie sal ook te eniger tyd geregtig wees om te versoek dat die vergadering verdaag sodat die Direksie, in die afwesigheid van die afvaardiging, kan besluit of dit in die belang van KA (Edms) Bpk en sy aandeelhouers sal wees om die gesprek met die afvaardiging voort te sit.

27.20 'n Aandeelhouer kan op versoek en na goedkeuring van die Direksie 'n Direksievergadering bywoon met dien verstande dat sodanige goedkeuring te eniger tyd gedurende 'n vergadering opgeskort kan word, indien die voorsitter of die Direksie van oordeel is dat dit in belang van KA (Edms) Bpk en sy aandeelhouers is om die goedkeuring aldus op te skort.

## 28. VERGOEDING EN UITGAWES VAN DIREKTEURE

28.1 ‘n Direkteur is geregtig op sodanige vergoeding as wat die Direksie van tyd tot tyd aanbeveel, met dien verstande dat sodanige vergoeding goedgekeur word deur ’n Spesiale Besluit van aandeelhouers wat binne die afgelope twee jaar aangeneem is (Art 66(9) van die Mpy-wet).

28.2 Die Direksie is hierbenewens geregtig op alle redelike onkoste vir reis, (verblyf ingesluit), na en van vergaderings van die Direksie en aandeelhouers en die lede van Direksiekomitees is geregtig op alle redelike onkostes vir reis, (verblyf ingesluit) na en van vergaderings van die lede van die Direksiekomitees.

## 29. BEDRYWIGHEDE VAN DIREKTEURE

29.1 Enige 2 (twee) direkteure mag ‘n buitegewone vergadering van die Direksie belê, om aan dringende sake aandag te gee. Die punt(e) vir bespreking moet ‘n billike tyd voor die tyd van die vergadering skriftelik, (wat e-posse insluit), aan die ander lede van die Direksie uitgestuur word.

29.2 Die direkteure mag hul vergaderings na goeddunke reël. Die direkteure moet egter nie minder as 3 (drie) keer per jaar vergader nie.

29.3 Kennisgewing van vergaderings:

29.3.1 Onderworpe aan klousule 29.4 moet ’n kennisgewing van ’n Direksievergadering op skrif wees en aan elke direkteur van KA (Edms) Bpk, (insluitend elke plaasvervangende direkteur), afgelewer word sodat die betrokke direkteur dit ontvang minstens 7 (sewe) dae voor die datum wat vir die Direksievergadering vasgestel is, met dien verstande dat die kennistydperk in buitengewone omstandighede soos nodig verkort mag word om die Direksie in staat te stel om aandag aan die betrokke buitengewone omstandighede te gee.

29.3.2 Sodanige kennisgewing van ’n Direksievergadering mag in enige vorm wees soos deur die Direksie bepaal, maar moet as ’n minimum insluit; die datum, tyd en plek vir die vergadering; ’n gedetailleerde sakelys vir die vergadering; inligting ten opsigte van die beskikbaarheid van deelname aan die vergadering, (en in die uitstel of verdaging van die vergadering), deur middel van elektroniese kommunikasie en die nodige inligting om direkteure, (insluitend hul plaasvervangers), in staat te stel om toegang tot die beskikbare medium of kommunikasiemiddel te verkry en die algemene doel van die vergadering.

29.4 Afstanddoening van kennisgewing. Indien al die direkteure;

29.4.1 werklike ontvangs van die kennisgewing erken;

29.4.2 op ’n vergadering van die direkteure teenwoordig is; of,

29.4.3 van die kennisgewing van die vergadering afsien, kan die vergadering voortgaan, al het KA (Edms) Bpk versuim om die verlangde kennisgewing van daardie vergadering te gee, of al was daar ’n tekortkoming in die gee van die kennisgewing.

29.5 Die Direksie kan saam vergader vir die afhandeling van sake, verdaag en andersins hul vergaderings na goeddunke reël.

29.6 Tensy daar anders deur die Direksie besluit is, word al hul vergaderings gehou in die stad of dorp waar KA (Edms) Bpk se geregistreerde kantoor vir tyd en wyl geleë is. ’n Direksievergadering mag deur elektroniese kommunikasie plaasvind en/of een of meer direkteure kan deur middel van elektroniese kommunikasie aan ’n vergadering deelneem, solank die elektroniese kommunikasiegerief wat aangewend word, normaalweg alle persone wat aan daardie vergadering deelneem, in staat stel om terselfdertyd

sonder ’n tussenganger met mekaar te kommunikeer en effektief aan die vergadering deel te neem.

29.7 Die kworum vir ’n Direksievergadering bestaan uit meer as 50% van die direkteure en hulle moet persoonlik by die vergadering aanwesig wees of persoonlik elektronies deelneem voordat ’n stemming by so ’n vergadering mag plaasvind.

29.8 Outomatiese uitstel van ’n vergadering:

29.8.1 Indien daar nie binne 30 (dertig) minute vanaf die aangewese tyd vir ’n Direksievergadering ’n kworum teenwoordig is nie, word die vergadering outomaties, (sonder enige mosie, stemming of verdere kennisgewing), vir een week uitgestel.

29.8.2 Die 30-minute-beperking mag deur die voorsitter van die vergadering verleng word vir ’n redelike tydperk wat nie 2 (twee) ure mag oorskry nie.

29.9 Indien daar op die tydstip wanneer ’n saak by ’n Direksievergadering oorweeg moet word, nie ’n kworum teenwoordig is nie en daar geen ander sake op die agenda is waarmee voortgegaan kan word nie, word die vergadering outomaties (sonder enige mosie of stemming) vir een week uitgestel.

29.10 Indien daar op die tyd wanneer ’n saak by die Direksievergadering oorweeg moet word, nie ’n kworum teenwoordig is nie, maar daar ander oorblywende sake op die agenda is, kan oorweging van die betrokke saak tot aan die einde van die Direksievergadering uitgestel word, (sonder mosie of stemming).

29.11 Verdere kennisgewing van ’n Direksievergadering wat uitgestel of verdaag is, is nie nodig nie, tensy die plek van die vergadering verskil van;

29.11.1 die plek van die uitgestelde of verdaagde vergadering; of,

29.11.2 die plek wat ten tyde van die verdaging aangekondig is, in die geval van ’n verdaagde vergadering.

29.12 Indien daar, op die tyd wat aangedui is vir ’n uitgestelde vergadering om te begin of vir ’n verdaagde vergadering om te hervat, nog nie aan die kworumvereistes voldoen is nie, sal daardie direkteure wat persoonlik by die Direksievergadering teenwoordig is, met inbegrip van diegene wat elektronies deelneem, geag word ’n kworum uit te maak.

29.13 Nadat ’n kworum vir ’n Direksievergadering verkry is, of vir ’n saak wat by ’n Direksievergadering oorweeg moet word, kan die Direksievergadering voortgaan of die saak oorweeg word, solank ten minste 2 (twee) direkteure by

die vergadering teenwoordig is, met minstens 51% (een-en-vyftig persent) van die stemreg wat by daardie vergadering by wyse van stembriewe uitgebring kan word.

29.14 Die Direksie mag ’n voorsitter vir hulle vergaderings kies en sy ampstermyn bepaal, maar indien daar nie so ’n voorsitter verkies is nie, of die voorsitter is nie teenwoordig binne 15 (vyftien) minute van die aangewese vergadertyd nie, mag die direkteure wat aanwesig is, iemand uit hul geledere kies om die voorsitter van die vergadering te wees.

29.15 Elke direkteur, hetsy deur die opsteek van hande of per stembrief, sal een stem hê.

29.16 In die geval van ’n staking van stemme mag die voorsitter nie ’n beslissende stem benewens sy stem as direkteur uitbring nie en dus misluk die saak waaroor daar gestem is.

29.17 KA (Edms) Bpk moet notule hou van al die vergaderings van die Direksie en al sy komitees en moet by sodanige notules die volgende insluit;

29.17.1 enige verklaring deur kennisgewing gegee of gemaak deur ’n direkteur soos vereis deur Art 75 van die Mpy-wet, (persoonlike finansiële belange van direkteure); en,

29.17.2 elke besluit wat deur die Direksie aanvaar word.

29.18 Besluite wat deur die Direksie aanvaar word;

29.18.1 moet gedateer en opeenvolgend genommer word; en,

29.18.2 tree in werking op die datum van die besluit, tensy die besluit anders bepaal.

29.19 ’n Besluit wat deur die verlangde meerderheid van direkteure goedgekeur is waar die direkteure in elektroniese verbinding as Direksie opgetree het, en waar;

29.19.1 al die direkteure vir die duur van die elektroniese vergadering in verbinding gebly het;

29.19.2 die inhoud van die besluit tydens sodanige elektroniese vergadering bespreek is; en,

29.19.3 die voorsitter, ondervoorsitter of enige ander direkteur wat by sodanige vergadering teenwoordig is, skriftelik sertifiseer dat daar aan die voorgenoemde vereistes voldoen is, sal geldig

wees en geag word geneem te wees op die datum waarop die vergadering gehou is;

29.19.4 tree in werking op die datum van die besluit, tensy die besluit anders bepaal.

29.20 Enige notule van ’n Direksievergadering of ’n besluit wat deur die voorsitter van die vergadering en ‘n ander direkteur teenwoordig by die vorige betrokke vergadering onderteken word, sal dien as afdoende bewys dat die notule ‘n ware en volledige weergawe is van die bespreking tydens die vergadering, en/of die notule goedgekeur is, en/of ‘n besluit goedgekeur is, na gelang van die geval, tensy die teendeel bewys word.

29.21 Onderworpe aan aandeelhouersgoedkeuring soos verlang in Bylaag 2, mag die Direksie per besluit enige aantal Direksiekomitees aanstel insluitende ‘n Dagbestuur en enige van hul bevoegdhede aan enige sodanige komitee delegeer. Enige Direksiekomitee wat so tot stand gebring is, moet in die uitoefening van die bevoegdhede wat sodanig gedelegeer is aan die bepalings van die Mpy-wet en hierdie AvO voldoen.

29.22 Enige sodanige Direksiekomitee mag bestaan uit lede wat nie direkteure is nie, met dien verstande dat enige sodanige lid beskikbaar moet wees en nie daarvan gediskwalifiseer mag wees om as direkteur te dien nie en dat enige sodanige nie-direkteurskomiteelid nie mag stem oor enige saak wat oorweeg word deur die komitee waarin hy dien nie.

29.23 ’n Direksiekomitee mag aanbevelings aan die Direksie maak oor enige saak wat binne sy daartoe gedelegeerde bevoegdheid val, met dien verstande dat die finale besluit oor sulke sake slegs deur die Direksie geneem word.

29.24 Vergaderings en ander bedrywighede van ’n Direksiekomitee wat uit meer as 1 (een) lid bestaan, word beheer deur die bepalings van hierdie AvO wat die vergaderings en bedrywighede van direkteure en die Direksie reël.

## 30. PERSOONLIKE FINANSIËLE BELANGE VAN DIREKTEURE

30.1 Vir die doeleindes van hierdie klousule 30, (Persoonlike Finansiële Belange van Direkteure), sluit “direkteur” ’n plaasvervangende direkteur in, ’n voorgeskrewe beampte en ’n persoon wat ’n komiteelid is van die Direksie, ongeag daarvan of die persoon ook ’n lid van die Direksie is of nie.

30.2 ’n Direkteur kan op enige tydstip en moet in elk geval enige persoonlike finansiële belang in KA (Edms) Bpk vooruit en onverwyld, sodra die belang gerealiseer is, bekend maak deur aan die Direksie en/of aandeelhouers ’n

skriftelike kennisgewing te verskaf waarin die aard en omvang van daardie persoonlike finansiële belang uiteengesit word, om oor die algemeen deur KA (Edms) Bpk gebruik te word, totdat dit deur verdere skriftelike kennisgewing van daardie direkteur verander of onttrek word.

30.3 Indien ’n direkteur ’n persoonlike finansiële belang het met betrekking tot ’n saak wat by ’n vergadering van die Direksie oorweeg gaan word, of weet dat ’n verwante persoon van sodanige direkteur ’n persoonlike finansiële belang by die saak het;

30.3.1 moet die direkteur die persoonlike finansiële belang en die algemene aard daarvan openbaar maak voordat die saak op die vergadering oorweeg word;

30.3.2 moet die direkteur enige wesenlike inligting met betrekking tot die saak en bekend aan die direkteur, aan die vergadering openbaar maak;

30.3.3 kan die direkteur enige waarnemings of tersaaklike insigte met betrekking tot die saak openbaar maak, indien hy deur die ander direkteure versoek word om dit te doen;

30.3.4 moet die direkteur, indien teenwoordig op die vergadering, die vergadering onmiddellik verlaat nadat enige openbaarmaking beoog in hierdie klousule 30 gemaak is;

30.3.5 mag die direkteur nie aan die oorweging van die saak deelneem nie;

30.3.6 moet die direkteur, terwyl hy afwesig is;

30.3.6.1 geag word teenwoordig te wees op die vergadering ten einde te bepaal of voldoende direkteure teenwoordig is om ’n kworum te konstitueer; en,

30.3.6.2 nie geag word teenwoordig te wees op die vergadering ten einde te bepaal of ’n besluit voldoende steun het om aanvaar te word nie; en,

30.3.6.3 mag die direkteur nie enige dokument met betrekking tot die saak namens KA (Edms) Bpk verly nie, tensy hy spesifiek deur die Direksie gevra of opdrag gegee word om dit te doen.

30.4 Indien ’n direkteur ’n persoonlike finansiële belang verkry by ’n ooreenkoms of ander saak waarby KA (Edms) Bpk ’n wesenlike belang het, of weet dat ’n verwante persoon van sodanige direkteur ’n persoonlike finansiële belang by

die saak verkry het, moet die direkteur, voordat die ooreenkoms of ander saak deur KA (Edms) Bpk oorweeg word, aan die Direksie, of aan die aandeelhouers wat daarop geregtig is om te stem, die aard en omvang van daardie persoonlike finansiële belang en die wesenlike omstandighede met betrekking tot die direkteur of verwante persoon se verkryging van daardie persoonlike finansiële belang openbaar maak.

30.5 ’n Besluit deur die Direksie, of ’n transaksie of ooreenkoms wat deur die Direksie of deur die aandeelhouers goedgekeur is, is geldig ondanks enige persoonlike finansiële belang van ’n direkteur of persoon verwant aan die direkteur, slegs indien dit;

30.5.1 goedgekeur is na aanleiding van die openbaarmaking van die persoonlike finansiële belang op die manier beoog in hierdie klousule; of,

30.5.2 ondanks goedkeuring sonder openbaarmaking van daardie persoonlike finansiële belang, bekragtig is deur ’n gewone besluit van die aandeelhouers na aanleiding van daardie persoonlike finansiële belang of so deur ’n hof verklaar is.

30.6 Indien enige direkteur ’n direkteur is van of ’n belang, (regstreeks of onregstreeks), het in enige ander maatskappy of onderneming wat sake doen in mededinging met die besigheid wat deur KA (Edms) Bpk gedoen word, moet daardie direkteur by die eerste Direksievergadering ná verkryging van sodanige belang die besonderhede van sodanige mededingende of teenstrydige belange aan die Direksie openbaar maak, en die betrokke direkteur moet hom daarna onttrek van deelname aan die oorweging van of stemming oor enige besluit wat deur die Direksie oorweeg moet word met betrekking tot die saak waaroor sodanige direkteur botsende belange het.

## 31. SKADELOOSSTELLING

31.1 Vir die doeleindes van hierdie klousule 31 sluit ‘‘direkteur’’ in ’n voormalige direkteur, ’n plaasvervangende direkteur, ’n voorgeskrewe beampte en ’n persoon wat ’n lid is van ’n komitee van die Direksie, ongeag of die persoon ook ’n lid van die Direksie is of nie.

31.2 KA (Edms) Bpk mag;

31.2.1 fondse aan ’n direkteur voorskiet ter delging van uitgawes of ’n direkteur regstreeks of onregstreeks skadeloos stel vir die verdediging van regsgedinge, soos beoog in Art 78(4) van die Mpy- wet;

31.2.2 ’n direkteur skadeloos stel teen enige aanspreeklikheid soos uiteengesit in Art 78(5) van die Mpy-wet; en/of,

31.2.3 versekering koop ter beskerming van KA (Edms) Bpk of ’n direkteur soos uiteengesit in art 78(7) van die Mpy-wet, en die bevoegdheid van KA (Edms) Bpk in hierdie opsig word nie deur hierdie AvO ingekort, beperk of uitgebrei nie.

31.3 Die bepalings van hierdie klousule 31 is mutatis mutandis van toepassing ten opsigte van enige voormalige direkteur, voorgeskrewe beampte of lid van enige komitee van die Direksie, met inbegrip van die ouditkomitee, in die mate waartoe dit van toepassing is.

31.4 ’n Maatskappy of onderneming is daarop geregtig om by ’n direkteur of ’n direkteur van ’n verwante maatskappy of onderneming terugbetaling te eis van enige geld wat KA (Edms) Bpk op enige wyse wat strydig is met Art 78 van die Mpy-wet, regstreeks of onregstreeks aan of namens daardie direkteur betaal het.

## 32. HEFFINGSFONDS VIR AANDELEBLOKSKEMA

32.1 KA (Edms) Bpk moet ten opsigte van die aandeleblokskema wat hy bedryf, 'n heffingsfonds instel en in stand hou wat, na die oordeel van die Direksie, voldoende is vir die herstel, instandhouding, beheer, bestuur en administrasie van KA (Edms) Bpk en van die onroerende eiendom ten opsigte waarvan die aandeleblokskema bedryf word, vir die betaling van heffings, belastings en ander vorderings van plaaslike besture op die onroerende eiendom, vorderings vir die verskaffing van elektriese krag, gas, water, brandstof en reiniging- en ander dienste aan die onroerende eiendom, en enige dienste wat deur die Direksie nodig geag word, vir die dekking van enige verlies deur KA (Edms) Bpk gely, vir die betaling van versekeringspremies en vir belating van die heffings waartoe KA (Edms) Bpk verantwoordelik is in terme van die Gemeenskapsskema Ombudsman Dienste Wet (Community Schemes Ombud Services Act), wet 9 van 2011, en vir die vervulling van enige ander verpligting van KA (Edms) Bpk. Die Direksie mag by sodanige heffing ‘n bedrag insluit, wat as ‘n reserwefonds gehou sal word om enige voorsiene toekomstige uitgawes te bestry wat insluit, maar nie daartoe beperk is nie, die instandhouding, herstel, vervanging en opknapping van KA (Edms) Bpk se eiendom of gedeeltes daarvan en wat insluit die gepaardgaande infrastruktuur.

32.2 Elke aandeelhouer moet maandeliks tot die heffingsfonds bydra en sal die heffing betaalbaar deur elke aandeelhouer van tyd tot tyd deur die Direksie

vasgestel word met verwysing na onder andere, maar nie daartoe beperk nie, die waarde van die gedeelte, (insluitende of uitsluitende in geheel of gedeeltelik die waarde van die verbeterings daarop of daaraan), van die onroerende eiendom waarop die tersaaklike aandeelhouer ‘n gebruiksreg het soos geassosieer met ‘n spesifieke aandeleblok en met verwysing van die mate waarin die betrokke aandeelhouer geregtig is op en/of gebruik maak van die infrastruktuur, en met verwysing na die interne sonering van die spesifieke gedeelte van die onroerende eiendom. Behoudens voormelde riglyne, is die Direksie verder geregtig om formules en beleidsrigtings te ontwikkel ten einde die heffingstruktuur van die heffingsfonds met betrekking tot verskillende aandeleblokke vas te stel en toe te pas, met dien verstande dat die Direksie ywerig moet poog om die heffings so vas te stel dat dit billik sal wees teenoor alle aandeelhouers.

32.3 Al die bydraes ingevolge klousule 32.2 ontvang, moet onverwyld gestort word in 'n afsonderlike rekening wat KA (Edms) Bpk by 'n geregistreerde handelsbank of handelsinstelling moet open en hou.

32.4 Die geld in die heffingsfonds moet aangewend word om die uitgawes bedoel in klousule 32.1, te bestry. Die bevoegdhede en magte met betrekking tot die aanwending van die heffingsfonds moet so prakties moontlik uitgelê word, onderhewig aan die gebiedende bepalings van die WAB wat sodanige bevoegdhede en magte beperk.

32.5 Die Direksie moet toesien dat toepaslike rekeningkundige aantekeninge gehou word as wat nodig is om die stand van sake ten opsigte van die geld wat ontvang en uitgegee word deur of namens KA (Edms) Bpk ten opsigte van die aandeleblokskema wat deur KA (Edms) Bpk bedryf word, redelik weer te gee en te verduidelik.

32.6 Addisioneel tot enige ander regte wat KA (Edms) Bpk kragtens wet teen sy aandeelhouers mag hê, sal die Direksie die reg hê om die koers waarteen rente van tyd tot tyd op agterstallige heffings gehef sal word, te bepaal, met dien verstande dat sodanige rentekoers nie die rentekoers sal oorskry wat van tyd tot tyd voorgeskryf word kragtens Art 1(2) van die Wet op Voorgeskrewe Rentekoers 55 van 1975 nie. Lede is verder aanspreeklik vir die betaling van alle koste, insluitende invorderingsgelde, kommissies, en so meer. wat aangegaan word om verskuldigde bedrae in te vorder. Rente en alle koste wat aangegaan word, mag by die heffingsrekening gevoeg word.

**FINANSIËLE STATE**

32.7 Die Direksie moet sodanige rekeningkundige rekords laat hou wat deur die Mpy-wet en Art’s 13 en 15 van die WAB voorgeskryf is. Behoorlike rekeningkundige rekords word geag nie gehou te gewees het nie as daar nie sodanige rekeningkundige rekords gehou is as wat nodig is, om;

32.7.1 die stand van sake en besigheid van KA (Edms) Bpk redelik weer te gee en om transaksies en die finansiële posisie van die handel of besigheid van KA (Edms) Bpk te verduidelik;

32.7.2 om rekenskap te doen van en om redelik die stand van sake ten opsigte van alle gelde te weerspieël wat;

32.7.2.1 betaal is ten opsigte van die bedrag van die leningverpligting bedoel in Art 14(3) van die WAB;

32.7.2.2 toevertrou is aan ’n praktisyn of eiendomsagent of deur KA (Edms) Bpk gedeponeer is in sy trustrekening bedoel in Art 15(1) van die WAB of belê is in ’n spaarrekening of ander rentedraende rekening bedoel in Art 15(2) van die WAB.

32.8 Die finansiële jaarstate van KA (Edms) Bpk moet by die geregistreerde kantoor van KA (Edms) Bpk, of by sodanige plek of plekke gehou word, wat die Direksie dienstig ag en moet altyd oop wees vir inspeksie deur die aandeelhouers in die mate en op die wyse soos deur die Mpy-wet voorgeskryf word.

32.9 Die Direksie moet jaarliks finansiële jaarstate laat voorberei en aan KA (Edms) Bpk in ‘n Algemene Jaarvergadering voorlê.

32.10 Afskrifte van finansiële jaarstate, wat aan KA (Edms) Bpk in Algemene Jaarvergadering voorgelê word, moet minstens 14 (veertien) dae voor die datum van die vergadering gestuur word aan elke aandeelhouer; met dien verstande dat hierdie klousule nie vereis dat ’n afskrif van daardie dokumente aan ’n persoon gestuur word wie se adres nie aan KA (Edms) Bpk bekend is nie, of aan meer as een van die gesamentlike houers van enige aandele nie. ’n Afskrif van die finansiële state wat aan ’n persoon beskikbaar gestel moet word, kan ook elektronies beskikbaar gestel word.

32.11 Sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van die Mpy-wet moet KA (Edms) Bpk sy boeke en rekords betreffende enige betaling of rekening hierbo bedoel na tydperke van hoogstens 6 (ses) maande balanseer en sodanige boeke en rekords en die finansiële state ten opsigte daarvan minstens 1 (een) keer jaarliks laat ouditeer deur KA (Edms) Bpk se aangestelde ouditeur.

## 33. KONTRAK VIR DIE VERKRYGING VAN AANDELE

33.1 Enige ooreenkoms vir die verkryging van 'n aandeel in KA (Edms) Bpk moet;

33.1.1 die aangeleenthede vermeld wat by Bylaag 2 tot die WAB vereis word;

33.1.2 vergesel gaan van die stukke in daardie Bylaag 2 bedoel; en,

33.1.3 wesenlik ooreenstem met die standaard ooreenkoms soos wat die Direksie van tyd tot tyd mag voorskryf en wat ter insae beskikbaar is by die geregistreerde kantoor van KA (Edms) Bpk.

33.2 KA (Edms) Bpk moet, op die skriftelike versoek van 'n aandeelhouer van KA (Edms) Bpk, die inligting wat ingevolge hierdie klousule 34 in 'n ooreenkoms vir die verkryging van 'n aandeel vermeld moet word en wat die aandeelhouer versoek, binne 14 (veertien) dae vanaf die ontvangs van dié versoek, aan dié aandeelhouer verstrek.

## 34. VERSEKERING VAN EIENDOM

34.1 Elke aandeelhouer is self daarvoor verantwoordelik om die vaste en aangehegte verbeterings op daardie gedeelte van die onroerende eiendom waarvan hy die gebruiksreg het, omvattend teen skade en verliese te verseker asook enige roerende sake/bates, (meubels, toerusting, voertuie, en so meer), wat in verband staan met die deel van die onroerende eiendom aldus onder gebruiksreg.

34.2 Die aandeelhouer moet KA (Edms) Bpk en/of die Direksie vrywaar van eise ten opsigte van enige skade en verliese aan die vaste en aangehegte verbeterings soos genoem in 35.1.

## 35. FINANSIËLE BYSTAND VIR DIE AANKOOP VAN AANDELE

35.1 Onderworpe aan die bepalings van klousules 36.2 en 36.3 en vir sovêr regtens daartoe geoorloof en bevoeg kan die Direksie KA (Edms) Bpk magtig om finansiële bystand te verleen deur ’n lening, waarborg, die verskaffing van sekuriteit of andersins aan enige persoon vir die doeleindes van, of in verband met, die inskrywing vir enige opsie van aandele wat deur KA (Edms) Bpk of ’n verwante of onderling verwante maatskappy uitgereik is of gaan word, of vir die aankoop van enige aandele van KA (Edms) Bpk of ’n verwante of onderling verwante maatskappy. Vir die doeleindes hiervan word “verwante of

onderling verwante maatskappye” in Art 1 van die Mpy–wet, gelees saam met Art 2 van die Mpy-wet, gedefinieer.

35.2 Die Direksie mag nie enige finansiële bystand beoog in klousule 36.1 magtig nie, tensy die spesifieke verskaffing van finansiële bystand (a) ingevolge ’n aandeleskema vir werknemers is, wat aan die vereistes van Art 97 van die Mpy-wet voldoen, of (b) dit ingevolge ’n spesiale besluit van die aandeelhouers is wat binne die vorige twee jaar aangeneem is, wat sodanige bystand, hetsy vir die spesifieke ontvanger, of oor die algemeen vir ’n kategorie van potensiële ontvangers goedgekeur het, en die spesifieke ontvanger binne daardie kategorie val en die Direksie tevrede is dat; KA (Edms) Bpk onmiddellik nadat die finansiële bystand verleen is, aan solvensie-en-likiditeitstoets sal voldoen, wat in die Mpy-wet uiteengesit word; die bepalings waarkragtens die finansiële bystand na voorneme verleen gaan word, vir KA (Edms) Bpk billik en redelik is, en die verlening van finansiële bystand nie ’n verbreking van enige kontrak waartoe KA (Edms) Bpk ’n party is, sal veroorsaak nie.

35.3 ’n Besluit deur die Direksie is nietig in dié mate wat die verlening van die finansiële bystand onbestaanbaar is met hierdie AvO, of die Mpy-wet.

## 36. LENINGS OF ANDER FINANSIËLE BYSTAND AAN DIREKTEURE

36.1 Onderworpe aan die bepalings van klousules 37.3 en 37.4 en vir sover regtens daartoe geoorloof en bevoeg kan die Direksie KA (Edms) Bpk magtig om direkte of indirekte finansiële bystand te verleen aan;

36.1.1 ’n direkteur of voorgeskrewe beampte van KA (Edms) Bpk of van ’n verwante of onderling verwante maatskappy van KA (Edms) Bpk; of,

36.1.2 ’n direkteur of voorgeskrewe beampte van ’n verwante of onderling verwante maatskappy van die maatskappy.

36.2 Vir die doeleindes van hierdie klousule sluit die term “finansiële bystand” in;

36.2.1 die uitleen van geld, waarborg van ’n lening of ander verpligting en sekurering van enige skuld of verpligting, maar

36.2.2 sluit nie in nie; ’n rekenpligtige voorskot om regsonkoste te betaal ten opsigte van ’n saak wat op KA (Edms) Bpk betrekking het, of verwagte onkoste wat aangegaan sal word deur die persoon namens KA (Edms) Bpk; of ’n bedrag om die persoon se uitgawes vir verhuising op KA (Edms) Bpk se versoek te dek.

36.3 Die Direksie mag nie enige finansiële bystand beoog in klousule 37.1 magtig nie, tensy die spesifieke verskaffing van finansiële bystand (a) ingevolge ’n aandeleskema vir werknemers is, wat aan die vereistes van art 97 voldoen; of (b) dit ingevolge ’n Spesiale Besluit van die aandeelhouers is wat binne die vorige twee jaar aangeneem is, wat sodanige bystand, hetsy vir die spesifieke ontvanger, of oor die algemeen vir ’n kategorie van potensiële ontvangers goedgekeur het en die spesifieke ontvanger binne daardie kategorie val; en die Direksie tevrede is dat: KA (Edms) Bpk onmiddellik nadat die finansiële bystand verleen is, aan solvensie-en-likiditeitstoets sal voldoen wat in die Mpy-wet uiteengesit word; die bepalings waarkragtens die finansiële bystand na voorneme verleen gaan word, vir KA (Edms) Bpk billik en redelik is en die verlening van finansiële bystand nie ’n verbreking van enige kontrak waartoe KA (Edms) Bpk ’n party is, sal veroorsaak nie.

36.4 Indien die Direksie ’n besluit aanneem om enigiets beoog in klousule 37.1 te doen, moet KA (Edms) Bpk skriftelike kennisgewing van daardie besluit aan alle aandeelhouers verskaf, en aan enige vakbond wat sy werknemers verteenwoordig, indien enige;

36.4.1 binne 10 (tien) sakedae nadat die Direksie die besluit aanneem, indien die totale waarde van die finansiële bystand beoog in daardie besluit, saam met enige vorige sodanige besluit tydens die finansiële jaar, 1/10 (een-tiende) van 1% (een persent) van KA (Edms) Bpk se netto waarde ten tyde van die besluit oorskry; of,

36.4.2 binne 30 (dertig) sakedae na die einde van die finansiële jaar, in enige ander geval.

36.5 ’n Besluit deur die Direksie is nietig in dié mate wat die verlening van die finansiële bystand onbestaanbaar is met hierdie AvO, of die Mpy-wet.

## 37. VERLIES VAN DOKUMENTE

KA (Edms) Bpk is nie verantwoordelik vir die verlies tydens versending van enige tjek, bewys, sertifikaat of, (sonder enige beperking), ander dokumente wat per pos aangestuur word, hetsy aan die geregistreerde adres van enige aandeelhouer of aan enige ander adres wat deur die aandeelhouer versoek word nie.

## 38. KENNISGEWINGS

38.1 Alle kennisgewings en dokumente wat gepubliseer moet word soos in Art 15(3)(a) of 17(1)(a) van die Mpy-wet beoog word, moet in ooreenstemming

met Art 6(9), 6(10) en 6(11) van die Mpy-wet, gelees saam met Regulasie 7 en Tabel C3 van dieselfde wet, deur KA (Edms) Bpk gestuur word aan elke aandeelhouer by sy epos-adres of per hand gelewer word met skriftelike erkenning van ontvangs. Dit kan ook na enige ander beskikbare adres wat in die sekuriteiteregister opgeteken is, gestuur word. ‘n Kennisgewing wat per epos gestuur is, word as afgelewer beskou.

38.2 Indien ’n aandeelhouer nie ingevolge Deel Twee (Sekuriteiteregister) ’n adres aangemeld het nie, moet hy geag word, (vir alle doeleindes, insluitend vir die doeleindes wat in klousule 39.1 hierbo uiteengesit word), sy reg te laat vaar het om met kennisgewings bedien te word.

38.3 Alle kennisgewings ten opsigte van enige aandele waarop persone gesamentlik geregtig is, kan gegee word aan die aandeelhouer wat eerste in die sekuriteiteregister gelys word en kennisgewing wat so gegee word, sal voldoende kennisgewing aan al die houers van sodanige aandele wees.

38.4 Kennisgewing kan deur KA (Edms) Bpk gegee word aan die persone geregtig op ’n aandeel as gevolg van die dood of insolvensie van ’n aandeelhouer deur dit na enige beskikbare adres van die betrokke persone te stuur. Die kennisgewing word gerig aan persone wie se name ontvang is, of by die titel van verteenwoordigers van die oorledene, of die trustees van die insolvente persoon of by enige soortgelyke beskrywing, by die adres, (indien enige), wat vir hierdie doel verskaf word deur die persone wat beweer dat hulle daarop geregtig is. Indien geen adres van bogenoemde. persone beskikbaar is nie, kan die kennisgewing gegee word op enige wyse waarop dit gegee kon gewees het indien die dood of insolvensie nie plaasgevind het nie.

38.5 Waar ’n kennisgewing per pos gestuur word, is die poskantoor die agent vir die aandeelhouer en die aandeelhouer moet, vanaf die datum en tyd van die aflewering van die kennisgewing aan die poskantoor, alle risiko’s dra wat met daardie kennisgewing verband hou, insluitend nie-aflewering of laat aflewering van die kennisgewing.

38.6 ’n Kennisgewing wat aan enige aandeelhouer gegee word, is bindend op alle persone wat by sy afsterwe of by enige oorgang van sy belange, ’n eis instel.

38.7 Die handtekening op enige kennisgewing wat deur KA (Edms) Bpk gegee word, kan geskryf of gedruk word, of gedeeltelik geskryf of gedruk word.

## 39. LIKWIDASIE

39.1 Indien KA (Edms) Bpk gelikwideer word, moet die bates wat oorbly nadat die skulde en laste van KA (Edms) Bpk en die koste van die likwidasie betaal is,

soos volg aangewend word: Enige surplusgelde moet uitgekeer word onder die aandeelhouers in verhouding tot die billike markwaarde van die spesifieke gedeelte, sowel as die verbeterings daarop of daaraan, van die onroerende eiendom waartoe elke aandeelhouer uitsluitlike gebruiksreg het, uit hoofde van sy aandeelhouding soos geassosieer met ‘n spesifieke aandeleblok, tensy 75% (vyf-en-sewentig) van die aandeelhouers, (ooreenkomstig stemgewig en dus per lidmaatskap), tot die teendeel besluit en dan ‘n ander voorstel maak. Die billike markwaarde van elke spesifieke gedeelte sal bepaal word deur ‘n onafhanklike geswore waardeerder aangewys deur KA (Edms) Bpk se ouditeure, welke waardasieproses binne ‘n tydperk van 6 (ses) maande, wat die likwidasiedatum voorafgaan, uitgevoer word en sal die waardasie van elke sodanige gedeelte deur sodanige waardeerder finaal en bindend teenoor KA (Edms) Bpk en elke betrokke aandeelhouer wees. Die koste van die waardasies sal geag word deel van die likwidasiekoste te wees.

39.2 Indien KA (Edms) Bpk gelikwideer word, kan enige deel van die bates van KA (Edms) Bpk, insluitend enige aandele van ander maatskappye, met die goedkeuring van ’n Spesiale Besluit van KA (Edms) Bpk in specie aan die aandeelhouers van KA (Edms) Bpk betaal word, of dit kan, met dieselfde goedkeuring, tot voordeel van sodanige aandeelhouers in trustees vestig en die likwidasie van KA (Edms) Bpk kan gesluit word en KA (Edms) Bpk kan ontbind word.

## 40. GEMEENSKAPSFORUM

40.1 Die Gemeenskapsforum is daargestel om groter deelname en betrokkenheid van Kleinfontein se gemeenskap by die bedryf van Kleinfontein te verkry. Alle gekeurde inwoners van Kleinfontein waarvan heffings volop en gereeld betaal word, nie enige heffings weerhou en/of wanbetaal nie, en/of nie lid is van of deelneem aan enige faksievorming, drukgroep en/of organisasie wat nie uitdruklik deur hierdie AvO erken word of gemagtig is nie is geregtig om Gemeenskapsforum-vergaderings by te woon en aktief daaraan deel te neem. Die bevoegdhede, funksies en werkswyse van die Gemeenskapsforum word in die Interne Reëls, en in besonder in Bylaag H daartoe, uiteengesit.

## 41. VERBLYFREG

41.1 Verblyfreg is in Kleinfontein ‘n gedeelde saak en raak en verbind elke aandeelhouer tot die suksesvolle implementering/uitvoering daarvan. Die bevoegdheid en plig om oor die toegang en verblyf van persone, rakende enige aandeleblok, te besluit, kan volgens die beleid slegs deur die Direksie opgeneem en uitgevoer word, maar delegeer wel by wyse van magte hulle besluit op verblyfreg aan die Verblyfregpaneel. Slegs uitsonderlike gevalle word na die Direksie verwys vir finale beslissing.

41.2 Enige persoon wat op Kleinfontein wil woon en/of werk moet oor die nodige verblyfreg beskik, nl. Verblyfreg, Werkreg of Voogdyskap, alvorens hy/sy eiendom koop/huur of ‘n persoon in diens geneem word

41.3 Die samestelling en Prosedures van die Verblyfreg word in Bylaag “O” van die Interne Reëls uiteengesit, sowel as die Verblyfregbeleid-handleiding wat ook by die Verblyfregkantoor beskikbaar is.

## 42 GESKILBESLEGTING

42.1 Enige geskil tussen enige kombinasie van die onderstaande partye moet volgens die Geskilbeslegtingsprosedure soos vervat in KA (Edms) Bpk se Interne Reëls, besleg word. Dit is, dat daar eers gepoog moet word om die geskil deur bemiddeling te besleg en eers as dit misluk, kan daar tot arbitrasie oorgegaan word.

Die partye kan die volgende wees: Lede, KA (Edms) Bpk, die Direksie, Gemeenskapsraad, komitees van die Direksie of Gemeenskapsraad, huurders, inwoners en werkers op Kleinfontein.

### 42.1 ARBITRASIE

Enige dispuut of geskil wat mag ontstaan tussen die Maatskappy, die Maatskappy se Direkteure, die Maatskappy se Aandeelhouers, ander inwoners van Kleinfontein en/of besoekers of ander persone wat die grondgebied van Kleinfontein betree (hierin na verwys as “die Partye”), hetsy onderling of tussen mekaar of nie, mag ontstaan, en nie deur interne bemiddeling of mediasie opgelos of besleg kan word nie, sal verwys word vir arbitrasie in ‘n arbitrasie forum en ooreenkomstig arbitrasie reëls en prosedures soos deur die Direksie of die Aandeelhouers aangewys en van tyd tot tyd bepaal. Sulke arbitrasies moet finale beregting van al sodanige dispute of geskille bied. Hierdie bepalings dien tot uitsluiting van enige ander geskilbeslegtingsmedium of proses, ingeslote howe of ander toepaslike instansies, tensy die Partye andersins ooreenkom. Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die terme geskil of dispuut, geld hierdie bepalings ook onder meer vir dispute of geskille voortspruitende uit die bepalings van die Akte van Oprigting of wat betrekking het, of verband hou met hierdie Akte van Oprigting of die onderwerp daarvan is of verband hou met die uitvoering daarvan of met die uitleg en/of die geldigheid, insluitende, maar nie daartoe beperk nie, hierdie Gedeelte se geldigheid en uitleg wat handel oor enige aspek van arbitrasie en wat skeibaar is van die res van die Akte van Oprigting, en/of die partye se regte en verpligtinge in terme van hierdie Akte van Oprigting en/of die uitleg en/of geldigheid van die gebruiksooreenkoms en/of enige ander ooreenkoms tussen die Partye wat betrekking het op die aandeleblokskema Hierdie paragraaf sal

nie so uitgelê word dat dit ‘n Party verhoed om ander gepaste regstappe in ‘n ander gepaste forum met die nodige jurisdiksie in te stel en deur te voer indien die toepaslike regshulp buite die jurisdiksie of bevoegdheid van interne geskilbeslegting val of nie vatbaar is vir arbitrasie nie of waar 'n interdik of ander dringende tussentydse regshulp versoek word.

42.4 **DISSIPLINÊRE SAKE**

Indien ‘n Aandeelhouer van die Maatskappy of ‘n ander inwoner van Kleinfontein en/of ‘n besoeker en/of ‘n ander persoon wat die grondgebied van Kleinfontein betree enige van die Reëls van die Maatskappy oortree, sal die oortreding(s) ingevolge die Maatskappy se Reëls en Dissiplinêre Kode, soos deur die Direksie of die Aandeelhouers van tyd tot tyd bepaal, oorweeg en hanteer word.

## 43 ALGEMEEN

43.1 Die fisiese adres van ‘n aandeelhouer soos geboekstaaf van tyd tot tyd in die sekuriteiteregister, sal geag word die gekose adres te wees van die betrokke aandeelhouer waar enige dokument beteken moet word, tensy daar uitdruklik in die res van die AvO tot die teendeel voorsiening gemaak word.

43.2 Vir die doeleindes van ‘n aansoek vir die verlening van vonnis tydens enige regsproses teen enige aandeelhouer, sal die aandeelhouer se skuld aan KA (Edms) Bpk van tyd tot tyd bepaal en bewys word deur ‘n Sertifikaat van Balans, geteken deur ‘n direkteur van KA (Edms) Bpk, wie se aanstelling nie bewys hoef te word nie en sal die sertifikaat deur die voorlegging daarvan, bindend wees en voldoende bewys wees van die inhoud van die sertifikaat en die feit dat die bedrag verskuldig, opeisbaar en betaalbaar is, tensy die teendeel bewys word.

43.3 ‘n Aandeelhouer sal aanspreeklik wees vir alle regskoste op ‘n prokureur – en -kliëntskaal wat deur KA (Edms) Bpk aangegaan mag word om enige agterstallige gelde wat betaalbaar is, in terme van hierdie AvO in te vorder of bates te gelde te maak, insluitende maar nie daartoe beperk nie, enige opsporingskoste wat aangegaan mag word deur KA (Edms) Bpk ten einde die aandeelhouer in versuim op te spoor ten einde enige prosesstukke te beteken of uit te voer.

| 814 | | DA49 | 3de Laan | JA | |
| 815 | 17 | DA46 | 2de Laan | JA | |
| 816 | 17 | DA47 | 2de Laan | JA | |
| 817 | 25 | DA50 | 3de Laan | JA | |
| 818 | | DA53 | 3de Laan | JA | |
| 819 | | DA52 | 3de Laan | JA | |
| 820 | | DA51 | 3de Laan | JA | |
| 821 | | DA54 | 4de Laan | JA | |
| 822 | | DA55 | 4de Laan | JA | |

| Aandeleblok / Perseel-nommer | Aandele | KBK Erf Nommer | Adres | Interne Kaart | Nota's |
|---|---|---|---|---|---|
| 823 | | DA56 | 4de Laan | JA | |
| 824 | | DA59 | 4de Laan | JA | |
| 825 | | DA58 | 4de Laan | JA | |
| 826 | | DA57 | 4de Laan | JA | |
| 827 | | DA60 | Dagbreeksingel | JA | |
| 828 | | DA61 | Dagbreeksingel | JA | |
| 829 | | DA62 | Dagbreeksingel | JA | |
| 830 | | DA63 | Dagbreeksingel | JA | |
| 831 | | DA23 | Dagbreeksingel | JA | |
| 832 | | DA22 | Dagbreeksingel | JA | |
| 833 | | DA21 | Dagbreeksingel | JA | |
| 834 | | DA20 | Dagbreeksingel | JA | |
| 835 | | DA19 | Dagbreeksingel | JA | |
| 836 | 15 | DA18 | Dagbreeksingel | JA | |
| 837 | 15 | DA17 | Dagbreeksingel | JA | |
| 838 | 15 | DA16 | Dagbreeksingel | JA | |
| 839 | 15 | DA15 | Dagbreeksingel | JA | |
| 840 | 15 | DA14 | Dagbreeksingel | JA | |
| 841 | 15 | DA13 | Dagbreeksingel | JA | |
| 842 | 15 | DA12 | Dagbreeksingel | JA | |
| 843 | | DA11 | Dagbreeksingel | JA | |
| 844 | | DA38 | Dagbreeksingel | JA | |
| 845 | 15 | DA24 | Dagbreeksingel | JA | |
| 846 | | DA25 | Dagbreeksingel | JA | |
| 847 | | DA37 | Dagbreeksingel | JA | |
| 848 | | DA36 | Dagbreeksingel | JA | |
| 849 | | DA26 | Dagbreeksingel | JA | |
| 850 | | DA27 | Dagbreeksingel | JA | |
| 851 | | DA35 | Dagbreeksingel | JA | |
| 852 | | DA34 | Dagbreeksingel | JA | |
| 853 | 15 | DA28 | Dagbreeksingel | JA | |
| 854 | | DA29 | Dagbreeksingel | JA | |
| 855 | | DA33 | Dagbreeksingel | JA | |
| 856 | | DA32 | Dagbreeksingel | JA | |
| 857 | | DA31 | Dagbreeksingel | JA | |
| 858 | 15 | DA30 | Dagbreeksingel | JA | |
| 859 | 12 | G28/3 | G28/3 Bergwagterlaan | JA | Kompleks - Goedehoop |
| 859 | 12 | G28/6 | G28/6 Bergwagterlaan | JA | Kompleks - Goedehoop |
| 859 | 12 | G28/1 | G28/1 Bergwagterlaan | JA | Kompleks - Goedehoop |

| Aandeleblok / Perseel-nommer | Aandele | KBK Erf Nommer | Adres | Interne Kaart | Nota's |
|---|---|---|---|---|---|
| 859 | 12 | G28/4 | G28/4 Bergwagterlaan | JA | Kompleks - Goedehoop |
| 859 | 12 | G28/2 | G28/2 Bergwagterlaan | JA | Kompleks - Goedehoop |
| 859 | 12 | G28/5 | G28/5 Bergwagterlaan | JA | Kompleks - Goedehoop |
| 860 | | 860 | Kleinfonteinweg | NVT | Toekomstig |
| 861 | | 861 | Kleinfonteinweg | NVT | Toekomstig |
| 862 | | 862 | Kleinfonteinweg | NVT | Toekomstig |
| 863 | | 863 | Kleinfonteinweg | NVT | Toekomstig |
| 864 | 130 | 864 | Winkelsentrum | JA | |
| 865 | | 865 | Suikerboslaan | JA | Museum |
| 866 | | 866 | Hoewepoortweg | NVT | Toekomstig |
| 867 | 12 | T867 | Kettingstraat | JA | |
| 868 | 12 | T868 | Kettingstraat | JA | |
| 869 | 12 | T869 | Kettingstraat | JA | |
| 870 | | T870 | Kettingstraat | JA | |
| 871 | | T871 | Kettingstraat | JA | |
| 872 | | T872 | Kettingstraat | JA | |
| 873 | | 873 | Pioniersweg - Oorkant spoor - Naby teerpad | NVT | Toekomstig |
| 874 | | 874 | Pioniersweg - Oorkant spoor - Naby teerpad | NVT | Toekomstig |
| 908 | | | | | Langs Ou Volkshulptuiste |
| 910 | 40 | SK02 | Wildparkweg | JA | |
| 910 | | SK01A | Wildparkweg | JA | |
| 910 | | SK01B | Wildparkweg | JA | |
| 910 | | SK01C | Wildparkweg | JA | |
| 911 | 45 | SK03B | Wildparkweg | JA | |
| 912 | | SK03A | Wildparkweg | JA | |
| 913 | 40 | SK04 | Wildparkweg | JA | |
| 914 | 66 | SK05 | Wildparkweg | JA | |
| 915 | 50 | SK06 | Wildparkweg | JA | |
| 916 | | 916 | Wildeseringlaan | NVT | Toekomstig |
| 917 | | 917 | Pendoringlaan | NVT | Toekomstig |
| 918 | | 918 | Pendoringlaan | NVT | Toekomstig |
| 920 | | 920 | Wildeseringlaan | NVT | Toekomstig |
| 921 | | 921 | Pendoringlaan | NVT | Toekomstig |
| 922 | | 922 | Pendoringlaan | NVT | Toekomstig |
| 923 | | 923 | Wildeseringlaan | NVT | Toekomstig |
| 924 | | 924 | Wildeseringlaan | NVT | Toekomstig |
| 925 | | 925 | Pendoringlaan | NVT | Toekomstig |
| 926 | | 926 | Pendoringlaan | NVT | Toekomstig |

| Aandeleblok / Perseel-nommer | Aandele | KBK Erf Nommer | Adres | Interne Kaart | Nota's |
|---|---|---|---|---|---|
| 927 | | 927 | Wildeseringlaan | NVT | Toekomstig |
| 928 | | V1 | Korhaanstraat | JA | Sorgsentrum |
| 929 | 20 | BP03 | Protealaan | JA | |
| 929 | 20 | BP02 | Appelkooslaan | JA | |
| 929 | 20 | BP01 | Appelkooslaan | JA | |
| 929 | 20 | BP04 | Appelkooslaan | JA | |
| 929 | 14 | BP05 | Protealaan | JA | |
| 931 | 42 | Opstal | Opstalweg | JA | |
| 932 | | TV2 | Tandemvaleiweg | JA | Toekomstig |
| 933 | | TV1 | Tandemvaleiweg | JA | Toekomstig |
| 934 | | TV4 | Tandemvaleiweg | JA | Toekomstig |
| 935 | | TV3 | Tandemvaleiweg | JA | Toekomstig |
| 936 | 79 | T33 | Duikerlaan | JA | |
| 937 | 95 | T01 | Duikerlaan | JA | |
| 938 | 49 | T32 | Duiker | JA | |
| 939 | 33 | T31 | Duikerlaan | JA | |
| 940 | 22 | T03 | Duikerlaan | JA | |
| 941 | 95 | T04 | T04 Nagapie straat | JA | |
| 942 | 24 | T28 | T28 Vinkstraat | JA | |
| 943 | 23 | T29 | T29 Nagapie | JA | |
| 944 | 36 | T30 | T30 Nagapie | JA | |
| 945 | 24 | T36 | T36 Vinkstraat | JA | |
| 948 | 22 | T38 | T38 Vinkstraat | JA | |
| 949 | 60 | T37 | T37 Vinkstraat | JA | |
| 950 | 60 | T25 | T25 Nagapie | JA | |
| 951 | 32 | T24 | T24 Vinkstraat | JA | |
| 952 | 32 | T26 | T26 Nagapie | JA | |
| 953 | 88 | T27 | T27 Nagapie | JA | |
| 954 | 95 | T05 | T05 Nagapie straat | JA | |
| 955 | 65 | T06 | T06 Bosloerie | JA | |
| 956 | 32 | T23 | T23 Vinkstraat | JA | |
| 957 | 22 | T39 | T39 Vinkstraat | JA | |
| 958 | 22 | T55 | T55 Blesbokstraat | JA | |
| 959 | 22 | T54 | T54 Blesbokstraat | JA | |
| 960 | 22 | T40 | T40 Vinkstraat | JA | |
| 961 | 22 | T21 | T21 Vinkstraat | JA | |
| 962 | 22 | T22 | T22 Vinkstraat | JA | |
| 963 | 65 | T07 | T07 Bosloerie | JA | |
| 964 | 32 | T08 | T08 Troupant | JA | |
| 965 | 60 | T09 | T09 Troupant | JA | |

| Aandeleblok / Perseel-nommer | Aandele | KBK Erf Nommer | Adres | Interne Kaart | Nota's |
|---|---|---|---|---|---|
| 966 | 60 | T20 | T20 Vinkstraat | JA | |
| 967 | 22 | T41 | T41 Vinkstraat | JA | |
| 968 | 28 | T53 | T53 Blesbokstraat | JA | |
| 969 | 34 | T52 | T52 Blesbokstraat | JA | |
| 970 | 22 | T42 | T42 Vinkstraat | JA | |
| 971 | 32 | T19 | T19 Hoephoep | JA | |
| 972 | 70 | T10 | T10 Hoephoep | JA | |
| 973 | 70 | T11 | T11 Hoephoep | JA | |
| 974 | | T12 | T12 Pioniersweg | JA | |
| 975 | 90 | T13 | T13 Vinkstraat | JA | |
| 976 | 70 | T14 | T14 Vink | JA | |
| 977 | 78 | T46 | T46 Vinkstraat | JA | |
| 978 | 60 | T45 | T45 Vinkstraat | JA | |
| 979 | 60 | T49 | T49 Blesbokstraat | JA | |
| 980 | 20 | T50 | T50 Blesbokstraat | JA | |
| 981 | 32 | T44 | T44 Vinkstraat | JA | |
| 982 | 32 | T43 | T43 Vinkstraat | JA | |
| 983 | 30 | T51 | T51 Blesbokstraat | JA | |
| 984 | 70 | P001E | P001E Langwa/Blesbok | JA | |
| 985 | 70 | P001D | P001D Langwastraat | JA | |
| 986 | 51 | P001F | P001F Blesbokstraat | JA | |
| 987 | 52 | P001G | P001G Blesbokstraat | JA | |
| 988 | 60 | P001C | P001C Langwastraat | JA | |
| 989 | 60 | P001B | P001B Langwastraat | JA | |
| 990 | 52 | P001H | P001H Blesbokstraat | JA | |
| 991 | 35 | P001J | P001J Blesbokstraat | JA | |
| 992 | 60 | P001A | P001A Langwastraat | JA | |
| 993 | 83 | P003 | P003 Voorslagstraat | JA | |
| 994 | 32 | P002A | P002A Blesbokstraat | JA | |
| 995 | 16 | P002B | P002B Blesbokstraat | JA | |
| 996 | 16 | P002C | P002C Blesbokstraat | JA | |
| 997 | 60 | P002D | P002D Blesbokstraat | JA | |
| 998 | 19 | P002E | P002E Voorslagstraat/Blesbok | JA | |
| 999 | 60 | P002F | P002F Voorslagstraat | JA | |
| 1000 | 16 | P002G | P002G Voorslagstraat | JA | |
| 1001 | 20 | P004 | P004 Voorslagstraat | JA | |
| 1002 | 25 | P005D | P005D Voorstelstraat | JA | |
| 1003 | 25 | P005C | P005C Voorstelstraat | JA | |
| 1004 | 62 | P005B | P005B Wakisstraat | JA | |
| 1005 | 62 | P005A | P005A Wakisstraat | JA | |

| Aandeleblok / Perseel-nommer | Aandele | KBK Erf Nommer | Adres | Interne Kaart | Nota's |
|---|---|---|---|---|---|
| 1006 | 50 | P005E | P005E Wakisstraat | JA | |
| 1007 | 70 | P005F | P005F Wakisstraat | JA | |
| 1008 | 70 | P005G | P005G Wakisstraat | JA | |
| 1009 | 50 | P005H | P005H Wakisstraat | JA | |
| 1010 | 70 | P009 | P009 Bokbalkstraat | JA | |
| 1011 | 23 | P008 | P008 Bokbalkstraat | JA | |
| 1012 | 29 | P007 | P007 Bokbalkstraat | JA | |
| 1013 | 35 | P006 | P006 Langwastraat | JA | |
| 1014 | 30 | P010 | P010 Langwastraat | JA | |
| 1015 | 19 | P011 | P011 Bokbalkstraat | JA | |
| 1016 | 50 | P12 | P012 Bokbalkstraat | JA | |
| 1017 | 23 | P013 | P013 Bokbalkstraat | JA | |
| 1018 | 29 | P017 | P017 Pioniersweg | JA | |
| 1019 | 27 | P016 | P016 Disselboomstraat | JA | |
| 1020 | 32 | P015 | P015 Disselboomstraat | JA | |
| 1021 | 30 | P014 | P014 Disselboomstraat | JA | |
| 1022 | 19 | P018 | P018 Disselboomstraat | JA | |
| 1023 | 18 | P019 | P019 Disselboomstraat | JA | |
| 1024 | 50 | P020 | P020 Disselboomstraat | JA | |
| 1025 | 29 | P021 | P021 Pioniersweg | JA | |
| 1026 | 47 | P022 | P022 Lunsriem/Langwa | JA | |
| 1027 | 15 | P024 | P024 Lunsriemstraat | JA | |
| 1028 | 90 | P025 | P025 Lunsriemstraat | JA | |
| 1029 | 90 | P090 | P090 Klei-os straat | JA | |
| 1030 | 85 | P026 | P026 Klei-os straat | JA | |
| 1031 | 85 | P091 | P091 Klei-os straat | JA | |
| 1033 | 58 | P089 | P089 Remskoenstraat | JA | |
| 1034 | | P093 | P093 Buikplank | JA | |
| 1035 | 109 | P088 | P088 Remskoenstraat | JA | |
| 1036 | | P087 | P087 Remskoen | JA | |
| 1037 | 100 | P094 | P094 Buikplankstraat | JA | |
| 1038 | | P103 | P103 Buikplank | JA | |
| 1039 | | P102 | P102 Buikplank | JA | |
| 1040 | | P095 | P095 Buikplankstraat | JA | |
| 1041 | | P083 | P083 Remskoen | JA | |
| 1042 | 88 | P084 | P084 Remskoen | JA | |
| 1043 | | P096 | P096 Buikplankstraat | JA | |
| 1044 | | P101 | P101 Buikplank | JA | |
| 1045 | | P104 | P104 Agteros | JA | |
| 1046 | | P109 | P109 Agteros | JA | |

| Aandeleblok / Perseel-nommer | Aandele | KBK Erf Nommer | Adres | Interne Kaart | Nota's |
|---|---|---|---|---|---|
| 1047 | | P110 | P110 Langwa | JA | |
| 1048 | | P113 | P113 Langwa | JA | |
| 1049 | | P114 | P114 Langwa | JA | |
| 1050 | | P112 | P112 Leerboom | JA | |
| 1051 | | P111 | P111 Leerboom | JA | |
| 1052 | | P107 | P107 Agteros | JA | |
| 1053 | | P108 | P108 Agteros | JA | |
| 1054 | | P105 | P105 Agteros | JA | |
| 1055 | 34 | P099 | P099 Buikplank | JA | |
| 1056 | | P100 | P100 Buikplank | JA | |
| 1057 | | P097 | P097 Buikplankstraat | JA | |
| 1058 | | P098 | P098 Buikplank | JA | |
| 1059 | | P086 | P086 Remskoen | JA | |
| 1060 | 90 | P085 | P085 Remskoenstraat | JA | |
| 1061 | 260 | P079 | P079 Remskoenstraat | JA | |
| 1062 | 108 | P075 | P075 Skamelstraat | JA | |
| 1063 | 30 | P074 | P074 Skamelstraat | JA | |
| 1064 | | P073 | P073 Skamelstraat | JA | |
| 1065 | 90 | P072 | P072 Skamelstraat | JA | |
| 1066 | 60 | P071 | P071  Skamelstraat | JA | |
| 1067 | 60 | P078 | P078 Remskoen | JA | |
| 1068 | | P077 | P077 Remskoen | JA | |
| 1069 | 23 | P070 | P070 Skamelstraat | JA | |
| 1070 | 30 | P076 | P076 Remskoenstraat | JA | |
| 1071 | 60 | P069 | P069 Skamelstraat | JA | |
| 1072 | 90 | P062 | P062 Skamelstraat | JA | |
| 1073 | 16 | P055A | P055A Jukstraat | JA | |
| 1074 | 16 | P055B | P055B Jukstraat | JA | |
| 1075 | 35 | P056 | P056/57/63/64 Skamelstraat | JA | |
| 1076 | 89 | P065 | P065 Skamel | JA | |
| 1077 | 90 | P058 | P058 Jukstraat | JA | |
| 1078 | 90 | P059 | P059 Jukstraat | JA | |
| 1079 | 50 | P066 | P066 Skamelstraat | JA | |
| 1080 | 134 | P067 | P067 Skamel | JA | |
| 1081 | 60 | P060 | P060 Jukstraat | JA | |
| 1082 | 60 | P061 | P061 Jukstraat | JA | |
| 1083 | 51 | P052 | PO52/53/54 Jukstraat | JA | |
| 1084 | 30 | P051 | P051 Jukstraat | JA | |
| 1084 | 17 | P050 | P050 Jukstraat | JA | |
| 1085 | 47 | P048 | P048 Jukstraat | JA | |

| Aandeleblok / Perseel-nommer | Aandele | KBK Erf Nommer | Adres | Interne Kaart | Nota's |
|---|---|---|---|---|---|
| 1086 | 39 | P027 | P027 Briekslinger | JA | |
| 1087 | 36 | P042 | P042 Sweepstraat | JA | |
| 1088 | 33 | P043 | P043 Sweepstraat | JA | |
| 1089 | 50 | P044 | P44 Sweepstraat | JA | |
| 1090 | 60 | P045 | P045 Sweepstraat | JA | |
| 1091 | 34 | P046 | P046/47 Oosgrens Sweepstraat | JA | |
| 1092 | 90 | P121 | P121 Sweepstraat | JA | |
| 1093 | 90 | P120 | P120 Sweepstraat | JA | |
| 1094 | 90 | P119 | P119 Sweepstraat | JA | |
| 1095 | 80 | P118 | P118 Sweepstraat | JA | |
| 1096 | 5 | P039 | P039 Sweep | JA | |
| 1097 | 10 | P038 | P038 Sweepstraat | JA | |
| 1098 | 140 | P035 | P035 Speekstraat | JA | |
| 1099 | 90 | P036 | P036 Speek | JA | |
| 1100 | 233 | P040 | P040 Sweep/Vooros | JA | |
| 1101 | 89 | P116 | P116 Speekstraat | JA | |
| 1102 | 88 | P117 | P117 Speekstraat | JA | |
| 1108 | 34 | P028 | P028 Briekslinger | JA | |
| 1109 | 350 | P033 | P033 Touleierstraat | JA | |
| 1110 | 90 | T81 | T81 Briekslinger | JA | |
| 1111 | 90 | T78 | T78 Briekslinger | JA | |
| 1112 | 90 | T75 | T75 Briekslinger | JA | |
| 1113 | 90 | T76 | T76 Touleierstraat | JA | |
| 1114 | 90 | T79 | T79 Touleierstraat | JA | |
| 1115 | | T82 | T82 Wawielstraat | JA | |
| 1116 | | T83 | Wawielstraat | JA | |
| 1117 | 90 | T84 | T84 Wawielstraat | JA | |
| 1118 | 90 | T80 | T80 Touleierstraat | JA | |
| 1119 | 100 | T77 | T77 Touleiertraat | JA | |
| 1120 | 89 | T58 | T58 Briekslinger | JA | |
| 1121 | 88 | T59 | T59 Touleierstraat | JA | |
| 1122 | 90 | T60 | T60 Touleierstraat | JA | |
| 1123 | 90 | T57 | T57 Briekslinger | JA | |
| 1124 | 90 | T61 | T61 Touleierstraat | JA | |
| 1125 | 90 | T62 | T62 Touleierstraat | JA | |
| 1126 | 90 | T63 | T63 Touleierstraat | JA | |
| 1127 | 1 | 1127 | Kareelaan | JA | CVO-skool |
| 1137 | | 1137 | Kareelaan | JA | |
| 1140 | | T16 | T16 Pioniersweg | JA | |
| 1143 | | 1143 | Pioniersweg - Oorkant spoor | NVT | Toekomstig |

| Aandeleblok / Perseel-nommer | Aandele | KBK Erf Nommer | Adres | Interne Kaart | Nota's |
|---|---|---|---|---|---|
| 1145 | | 1145 | Kleinfonteinweg | JA | Toekomstig |
| 1150 | | | | | Skoolgronde |
| 1151 | | 1151 | Kleinfonteinweg | NVT | Toekomstig |
| 1152 | | 1152 | Kleinfonteinweg | NVT | Toekomstig |
| 1153 | | 1153 | Kleinfonteinweg | NVT | Toekomstig |
| 1154 | | 1154 | Kleinfonteinweg | NVT | Toekomstig |
| 1155 | | 1155 | Bergwagterlaan | NVT | Toekomstig |
| 1156 | 1 | RP1 | Radio Pretoriaweg | JA | |
| 1158 | | 1158 | Essenhoutlaan | JA | Gemeenskapsaal |
| 1159 | | | Kleinfonteinweg | | Nedersettingpoort |
| 1201 | 169 | SH01 | Pioniersweg - Oorkant spoor | JA | |
| 1202 | | 1202 | Pioniersweg - Oorkant spoor | NVT | Toekomstig |
| 1203 | | 1203 | Wabandstraat | NVT | Toekomstig |
| 1204 | | 1204 | Wabandstraat | NVT | Toekomstig |
| 1205 | 70 | T68 | T68 Touleierstraat | JA | |
| 1206 | | 1206 | Hoewepoortweg | NVT | Toekomstig |
| 1207 | | 1207 | Oostelike grond - Gedeelte 96 | NVT | Toekomstig |
| 1208 | | 1208 | Rooigrasweg - Noord-oos grong | NVT | Toekomstig |
| 1209 | | 1209 | Rooigrasweg - Noord-oos grong | NVT | Toekomstig |
| 1210 | | 1210 | Rooigrasweg - Noord-oos grong | NVT | Toekomstig |
| 1211 | | 1211 | Rooigrasweg - Noord-oos grong | NVT | Toekomstig |
| 1212 | | 1212 | Rooigrasweg - Noord-oos grong | NVT | Toekomstig |
| 1213 | | 1213 | Rooigrasweg - Noord-oos grong | NVT | Toekomstig |
| 1217 | | 1217 | Bloukraanvoelweg | NVT | Toekomstig |
| 1224 | 6 | 1224 | Kleinfonteinweg | JA | |
| 239/240 | 32 | G18 | G17 Bergwagterlaan | JA | Gekonsolideer |
| 946/947 | 75 | T56 | T56 Blesbokstraat | JA | Gekonsolideer |
| Sal Volg | 10 | E099B | E099B Kiewietlaan 6 | JA | |
| Sal Volg | | BA8 | Korhaanstraat | JA | |
| Sal Volg | 20 | E059B | E059B Patryssingel 84 | JA | |
| Sal Volg | 1 | RP2 | Radio Pretoriaweg | JA | |
| Sal Volg | 33 | EN09 | EN08 Grysloerielaan | JA | |

**BYLAAG 6**

**GEBRUIKSOOREENKOMS**

Ooreenkoms aangegaan deur en tussen

KLEINFONTEIN AANDELEBLOK EIENDOMS BEPERK

(hierna genoem die MAATSKAPPY)

en

__________________________________________

(volle naam en identiteitsnommer)

(hierna genoem die LID)

synde die geregistreerde houer van die aandeleblok:........................(nommer)

Die partye kom soos volg ooreen:

**1. DEFINISIES**

Vir die doeleindes hiervan en behalwe waar die teendeel uitdruklik aangedui word, het die volgende woorde en uitdrukkings die volgende betekenis:

1.1 AANDELEBLOK: ‘n Sekere aandeleblok met aandelebloknommer wat deel vorm van die aandelekapitaal van die maatskappy, welke aandeleblok uitsluitlike gebruiksreg verleen met betrekking tot die **Gedeelte** soos ook bepaal in die AvO van die maatskappy.

1.2 AvO: Akte van oprigting van KA (Edms) Bpk.

1.3 BELANGHEBBENDE: Lede en enige ander persoon wat op Kleinfontein betrokke is, insluitende aansoekers, huurders, inwoners asook gekeurde werkgewers en werknemers ongeag of hulle op Kleinfontein woon of nie.

1.4 BETAALSIKLUS: 30 (dertig) dae na die datum van die Heffingsrekening soos getoon by BELASTINGFAKTUUR/STAAT.

1.5 DIE EIENDOM: Die maatskappy se eiendom soos meer volledig uiteengesit in Bylaag 8 en sluit ook in enige ander onroerende eiendom wat deur die

Maatskappy verkry mag word met die doel om die aandeleblokskema daarop te bedryf.

1.6 DIE GEDEELTE: ‘n Bepaalde stuk grond bekend as ‘n aandeleblok soos dit geleë is op die eiendom en soos aangedui en afgebaken op die landmeterkaart beskikbaar by die maatskappy se geregistreerde kantoor.

1.7 LID: Die huidige houer van die aandeleblok.

1.8 MAATSKAPPY: Kleinfonteintein Aandeleblok Eiendoms Beperk [KA (Edms) Bpk].

1.9 PERSEEL: Dieselfde as AANDELEBLOK of GEDEELTE.

1.10 WAB: Die Wet op die Beheer van Aandeleblokke, 59 van 1980.

1.11 Tensy uit die verband anders blyk, sal woorde wat hierin gebruik word, dieselfde betekenis hê as die betekenis wat aan hulle in die WAB toegeken is.

1.12 In hierdie ooreenkoms sal woorde wat die manlike aandui, die vroulike insluit en sal die enkelvoud ook die meervoud aandui en omgekeerd.

## 2. DIE REG OP DIE GEBRUIK VAN DIE GEDEELTE

2.1 Vanaf die datum van besit en okkupasie van die **Gedeelte** wat in die aandeleblok-koopooreenkoms van die LID bepaal word, is die LID geregtig op die uitsluitlike gebruik en genot van die Gedeelte en die uitsluitlike gebruiksareas (indien van toepassing) asof hy die eienaar van daardie gedeelte is. Die LID mag hierdie regte van hom gratis uitoefen sonder die betaling van enige huurgeld daarvoor.

2.2 Die Gedeelte (perseel) mag net gebruik word vir die doel waarvoor dit gesoneer is, tensy die Direksie ‘n afwykingsaansoek goedgekeur het vir die tydelike gebruik van sodanige perseel. Die sonering van persele word aangedui op ‘n kaart wat by KA (Edms) Bpk se kantore ter insae is.

2.3 Die LID is ook geregtig op die gebruik en genot van daardie gedeeltes van die gemeenskaplike eiendom wat nie onderworpe is aan die uitsluitlike gebruik deur ander lede in terme van die skema nie. Die LID erken dat die gebruik van hierdie gemeenskaplike eiendom altyd onderhewig sal wees aan sodanige bepalings en voorwaardes as waarop die Maatskappy van tyd tot tyd mag besluit.

## 3. VOORWAARDES VIR DIE OKKUPASIE VAN DIE PERSEEL

Die LID en enige ander persoon wat deur die lid daartoe gemagtig is okkupeer die perseel onderhewig aan die volgende voorwaardes:

3.1 Die okkupasie sal altyd onderhewig daaraan wees dat die LID die eienaar is van die aandele soos gemeld in die aandeleblok wat op die perseel van toepassing is.

3.2 Dit is die missie en strewe van die Maatskappy om ooreenkomstig sy vermoë, hetsy finansiëel of andersins, hoë gehalte munisipale dienste te lewer, soos van tyd tot tyd ooreenkomstig die uitsluitlike oordeel van die direksie bepaal. Die Maatskappy en/of sy ampsdraers en/of sy werknemers, hetsy in hulle persoonlike hoedanighede of andersins, is egter op geen wyse aanspreeklik vir enige skade, verlies of beserings

3.2.1 aan ‘n Perseel met betrekking tot ‘n aandeleblok van ‘n LID; of,

3.2.2 aan die LID se onroerende geboue of strukture geheg aan die Perseel of roerende eiendom of aan die persoon van die LID of sy gesinslede, genooides, werknemers of agente, opgedoen op sodanige Perseel of gemeenskaplike eiendom van die Maatskappy of waar ookal,

wat gely word deur enige persoon en te wyte is aan enige handeling of versuim van die Maatskappy, welke regsaanspreeklikheid opgelê word vanweë ‘n gemeenregtelike regsplig of kontraktueel onderneem word hetsy uitdruklik, stilswyend of by implikasie of welke ander grond ook al. Sonder om afbreuk te doen aan die algemene strekking van hierdie vrywaring, is die vrywaring in besonder van toepassing met betrekking tot enige munisipale dienste wat die Maatskappy lewer. Voormelde vrywaring sluit enige verpligting wat die Maatskappy opgelê word ingevolge enige gebiedende wetsbepaling uit, sowel as enige opsetlike of grof nalatige skadeveroorsakende handeling of versuim deur die Maatskappy.

Die LID is self daarvoor verantwoordelik om die nodige versekering uit te neem ten opsigte van enige skade en/of eise soos hierbo genoem.

3.3 Indien daar ‘n afsonderlike water- en elektrisiteitsmeter vir die perseel aangebring word of is, sal die LID aaanspreeklik wees vir die verbruik soos aangedui op die onderskeie meters vir daardie gedeelte.

3.4 Die LID sal aanspreeklik wees vir sy betalings aan die heffingsfonds volgens die bedrag soos op ‘n bona fide basis van tyd tot tyd bepaal deur die Direksie ingevolge die bepalings van die WAB. Die LID erken dat die bedrag van die heffings voorsiening mag maak vir toekomstige instandhouding en

opgradering van die gemeenskaplike geboue of ander bates, met dien verstande dat die LID kan verwag dat die Direkteure se optrede redelik sal wees en dat van hulle verwag kan word om hulle beraamde kostes van tyd tot tyd te herbereken, motiveer en aan te pas.

3.5 Die Lid vrywaar die Maatskappy en/of die Direksie van eise ten opsigte van enige skade aan die vaste en aangehegte verbeterings soos genoem in paragraaf 34.1 van die AvO.

3.6 Enige geldelike verpligtinge soos rente, invorderingskoste, boetes, ,en so meer mag by die lid se heffinsrekening bygevoeg word en is deur die lid betaalbaar op die datum soos op die rekening aangedui.

## 4. HEFFINGSFONDS

4.1 Die Direksie sal 'n heffingsfonds vir die aandeleblokskema instel en bepaal watter bedrag deur elke LID, sonder enige diskriminasie tussen lede, vir sy aandeleblok aan die Maatskappy betaal moet word. Heffings vir die heffingsfonds sal op 'n maandelikse basis deur die lede aan die Maatskappy betaalbaar wees.

4.2 Besonderhede van die heffings wat van alle ander lede van die Maatskappy gevorder word, sal te alle redelike tye ter insae vir lede beskikbaar wees in die kantore van die Maatskappy.

## 5. LENINGSVERPLIGTINGE

Die leningsverpligtinge van die Maatskappy is die volgende:

………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………

## 6. SESSIE VAN 'N LID SE REGTE

6.1 Die LID sal slegs geregtig wees om sy belang in hierdie ooreenkoms te sedeer indien hy tegelykertyd daarmee sy aandele verkoop op die wyse soos voorgeskryf en onderworpe aan die AvO van die Maatskappy en die bepalings van hierdie ooreenkoms. (Sedeer is nie hier ter verskering van 'n lening nie.) Daardeur sal hy aan sodanige koper die reg verleen om die gedeelte te okkupeer. Indien die koper egter die aandele, onderworpe aan 'n

opskortingsvoorwaarde gekoop het en hy nog nie oordrag van daardie aandele geneem het nie, mag die koper of sy gesinslede en werknemers nie die gedeelte okkupeer nie en mag die koper ook nie die belang sedeer of die aandele aan ‘n volgende persoon verkoop nie. Voordat die oordrag in die naam van die oordragnemer bewerkstellig word, sal die Maatskappy bevredigende bewys verlang dat die LID sy belang in hierdie ooreenkoms en in die leningsverpligting van die Maatskappy aan die oordragnemer gesedeer het en dat die oordragnemer al die verpligtinge van die oordraggewer teenoor die Maatskappy oorgeneem het, en dat die geheel van die oordraggewer se belang in sy leningsrekening met die Maatskappy, indien enige, tegelykertyd aan die oordragnemer gesedeer is. Die Maatskappy sal nie die oordrag van aandele aan die koper goedkeur voordat die verkoper se heffingsrekening by die Maatskappy ten volle vereffen is nie.

6.2 Die LID mag nie die gedeelte verhuur of enige ander reg van okkupasie aan ‘n ander persoon verleen voordat sodanige huurders of okkupeerders gekeur is nie.

Die LID stem ook toe dat dit binne die oordeel van die Direksie sal wees om te bepaal of die aandeleblok aan ‘n koper van die LID oorgedra mag word. Die LID plaas dit op rekord dat hy bewus is daarvan dat sodanige toestemming, sonder enige opgawe van redes, deur die Maatskappy geweier mag word. Die LID onderneem om, alvorens hy enige transaksie met enige voornemende koper aangaan, eers volledige besonderhede van sodanige koper en die voorgenome transaksie aan die Maatskappy vir goedkeuring voor te lê.

6.3 Die LID erken dat dit binne die oordeel van die Direksie sal wees om van tyd tot tyd kriteria te bepaal wat van toepassing sal wees by die oorweging van enige transaksie waarna in die paragraaf hierbo verwys word.

6.4 Die partye in hierdie ooreenkoms plaas dit op rekord dat die Maatskappy ‘n voorkoopreg het ten opsigte van die aandele wat met hierdie transaksie verkoop word. Die partye plaas op rekord dat die Maatskappy geregtig sal wees om ‘n voorkoopreg ten opsigte van die aandeleblok uit te oefen soos verwoord in klousule 10.1 en 10.2 van die AvO.

## 7. REGTE EN VERPLIGTINGE VAN DIE MAATSKAPPY

7.1 Die Maatskappy sal te alle billike en redelike tye deur sy werknemers geregtig wees om die Gedeelte te inspekteer. Indien die Maatskappy ontevrede is met die toestand daarvan, sal dit geregtig wees om van die LID te verlang dat hy die verpligtinge aan hom opgelê ingevolge hierdie ooreenkoms moet nakom. Indien die LID sou versuim om die betrokke

gedeelte in ‘n goeie toestand te hou, sal die Maatskappy na 14 (veertien) dae skriftelike kennis aan die LID, geregtig wees om, sonder benadeling van enige ander regte wat hy mag hê, die toestand van die gedeelte op die onkoste van die LID te herstel of te laat herstel, en om van die LID enige uitgawes in verband daarmee aangegaan, te verhaal.

7.2 Die Maatskappy se behoorlik gemagtigde agent of werknemers sal geregtig wees om die Gedeelte op enige redelike tydstip gedurende die dag te betree, indien daartoe gemagtig deur die Direksie, Bestuurder of Opsigter, handelende kragtens bevoegdhede deur die Direksie aldus gedelegeer is, om die gedeelte of enige deel van die geboue daarop te inspekteer of om herstelwerk te verrig. Enige toegang tot vaste strukture op die Perseel sal vooraf toestemming van die LID of Inwoner vereis tensy dwingende omstandighede dit andersins noodsaak. Enige regsgeldige versoek tot toegang sal nie onredelikerwys geweier mag word nie. Indien die LID of inwoner te enigertyd nie persoonlik beskikbaar is om toegang te verleen wanneer dit nodig of toelaatbaar mag wees nie, sal die Bestuurder of Opsigter of Agent van die Maatskappy die reg hê om die gedeelte binne te gaan sonder om aanspreeklik te wees vir enige eis of eis-oorsaak vir die skade as gevolg daarvan, met dien verstande dat, gedurende sodanige betreding, sodanige persoon redelike voorsorg sal tref om nie skade of verlies aan die LID se eiendom te veroorsaak nie.

7.3 Die Maatskappy is geregtig om die LID se besoekers, werknemers en inwoners van die gedeelte te keur en mag weier om ‘n persoon wat die Maatskappy as ongewens beskou, op die gedeelte toe te laat. Die Maatskappy het die reg om sy eie kriteria vir toelating van tyd tot tyd vas te stel en mag die toelating van enige persoon weier sonder ‘n opgaaf van redes.

7.4 Die Maatskappy mag rente hef, teen die heersende prima uitleenkoers van KA (Edms) Bpk se bankiers plus ‘n half persent, bereken op daaglikse saldo van enige bedrag wat die lid aan die Maatskappy verskuldig is.

## 8. BEËINDIGING VAN OOREENKOMS

8.1 Hierdie ooreenkoms sal onbepaald in werking bly, met dien verstande dat indien die LID enige bepalings van hierdie ooreenkoms nie nakom nie:

8.1.1 Die Maatskappy geregtig sal wees om die ooreenkoms ooreenkomstig bepaling 8.2 onverwyld op te skort, nieteenstaande enige vorige afstanddoening aan sy kant van enige van sy regte en sonder

benadeling van enige ander regte wat hy mag hê en om weer besit van daardie gedeelte te verkry.

8.1.2 Vir daardie doel kan hy enige stappe doen wat nodig mag wees met die oog op die spoedige uitsetting van die LID of okkupeerder van die gedeelte sonder dat die Maatskappy se regte benadeel word. Enige gelde wat aan die Maatskappy verskuldig is, kan opgeëis word, insluitende skade wat die Maatskappy mag ly vanweë die LID se verbreking of verstek, sowel as regskoste van watter aard ookal.

8.1.3 Na herinbesitneming en uitsetting sal die Maatskappy die reg hê om, sonder benadeling van sy regte, die aandeleblok in enige stadium te verkoop, tesame met die LID se leningsrekening en belang in die leningsverpligting. Die Maatskappy sal in die hoedanigheid as agent vir en namens die LID as procurator in rem suam die aandeleblok verkoop en/of die gedeelte verhuur en alle huurgeld en gelde betaalbaar deur die huurder in terme van sy okkupasie daarvan, insamel en daarvan enige gelde wat ookal deur die LID aan die Maatskappy verskuldig is, aftrek. Die verkoping sal by wyse van ‘n objektiewe markgerigte prosedure plaasvind en kan by wyse van ‘n tenderproses geskied of op enige ander behoorlike gepubliseerde wyse indien ooreenkomstig die Direksie se bona fide (te goeder trou) opinie dit ‘n meer gunstiger opbrengs sal realiseer as by wyse van ‘n publieke veiling.

8.1.4 Die opbrengs van ‘n verkoping, indien nodig, aan te wend ter delging van enige agterstallige verpligting van die LID teenoor die Maatskappy.

8.2 Die Maatskappy is geregtig om die regte en remedies in klousule 8.1 vervat, uit te oefen sodra die LID enige bepalings van hierdie ooreenkoms, insluitende enige hierna vermelde reëls of bepalings, verbreek of nie nakom nie:

8.2.1 Indien die verbreking of nie-nakoming reggestel kan word, nadat die LID versuim om sodanige verbreking reg te stel binne 14 (veertien) dae na die datum van die lewering van ‘n kennisgewing aan hom per e-pos of per geregistreerde pos of enige ander wyse wat die Direksie geskik mag ag, waarin hy gelas word om die breuk te herstel.

8.2.2 Indien die verbreking van so ‘n aard is dat dit nie prakties reggestel kan word nie en ‘n herhaling van sodanige verbreking of nie-nakoming plaasvind te eniger tyd binne ‘n tydperk van ses maande, na behoorlike skriftelike kennisgewing aan die LID waarin die LID versoek word om hom te weerhou van en/of om nie weer die verbreking waarvan kennis gegee is, te herhaal nie.

8.3 Die partye plaas op rekord dat, bykomend tot die remedies in klousule 8,1 uiteengesit, die Maatskappy geregtig is om sy voorkoopreg uit te oefen en om die aandeleblok van die LID terug te koop vir die oorspronklike koopprys wat die LID daarvoor betaal het. Alternatiewelik kan dit geskied teen ‘n bedrag wat die redelike waarde verteenwoordig soos markgerig deur die ouditeur van die Maatskappy of andersins van tyd tot tyd bepaal word. Aangesien hierdie optrede van die Maatskappy ‘n vermindering van die kapitaal tot gevolg sal hê, sal die Maatskappy nie sy regte hierkragtens kan uitoefen nie, alvorens hy nie die nodige besluite en/of hofbevel te dien effekte bekom het nie.

## 9. WAARBORGE

Die Maatskappy waarborg hiermee:

9.1 Dat die Maatskappy skriftelike gebruiksooreenkomste met die lede gesluit het oor elke gedeelte, maar dat sodanige ander ooreenkomste nie noodwendig dieselfde bepalings en voorwaardes bevat as wat in hierdie dokument beliggaam is nie.

Die afskrifte van vorige gebruiksooreenkomste is beskikbaar by die kantoor van die Maatskappy en by die kantoor van die Kommissie (CIPC) soos wat deur die WAB vereis word.

9.2 Die Direksie is bevoeg om aanvullende bepalings tot die Gebruiksooreenkoms aan te bring wat nie in stryd met die huidige Gebruiksooreenkoms is nie. Hierdie aanvullende bepalings is onderhewig aan goedkeuring met ‘n gewone meerderheid by ‘n eerskomende ledevergadering.

## 10. VERDELING VAN AANDELEBLOKKE

Dit is moontlik dat in die toekoms bestaande aandeleblokke op versoek van die houer van die betrokke aandeleblok in kleiner aandeleblokke verdeel mag word. Daarvoor sal ‘n spesiale besluit nodig wees. Verwys na klousule 13.2 van die AvO.

## 11. SPELING, VERSLAPPING OF VERLENGING VAN TYD

Geen speling, verslapping of verlenging van tyd wat vir ‘n LID toegelaat mag word rakende enige aangeleentheid of saak ten opsigte waarvan die LID verplig is om te presteer of om in terme hiervan na te kom, sal onder geen omstandigdheid as ‘n afstanddoening van die Maatskappy se regte geag word nie. Die Maatskappy sal te alle tye geregtig wees om aan te dring op die strenge en tydige nakoming van elke voorskrif hierin vervat.

## 12. NAKOMING VAN INTERNE REËLS EN AvO

Die Maatskappy het ‘n stel Interne Reëls wat van toepassing is op elke LID, sy gesinslede, genooides, werknemers of belanghebbendes en ook van toepassing is op die eiendom en elke gedeelte. Die LID onderneem om hom te onderwerp aan hierdie reëls en om toe te sien dat sy huurders, werkers en okkupeerders van die gedeelte ook die Interne Reëls nakom. Die LID onderneem om hom te onderwerp aan die bepalings van die Maatskappy se AvO en soos van tyd tot tyd aangepas.

## 13. NIE-NAKOMING VAN WETTE, AvO EN INTERNE REËLS

13.1 Die Direksie mag namens die Maatskappy die stappe neem en/of die regte uitoefen soos vervat in die AvO (in besonder klousule 14) en in die Gebruiksooreenkoms (in besonder klousules 7 en 8).

13.2 Indien ‘n Lid of enige van sy gesinslede, genooides, besoekers, werknemers of belanghebbendes enige bepalings van die Mpy-wet, die Wet op die Beheer van Aandeleblokke, die AvO, die Gebruiksooreenkoms of die Interne Reëls, nie nakom nie, kan die Direksie namens die Maatskappy op die volgende besluit:

13.2.1 Die Gebruiksooreenkoms met die Lid overwyld op te skort, nieteenstaande enige vorige afstanddoening deur die Maatskappy van enige van sy regte en sonder benadeling van enige ander regte wat hy mag hê en om weer besit van daardie gedeelte te verkry.

13.2.2 Die Lid en/of enige van sy gesinslede, genooides, besoekers, werknemers of belanghebbendes kennis te gee om die Maatskappy se eiendom te verlaat. Die kennisgewing sal per e-pos geskied of op enige ander wyse as wat die Direksie geskik mag ag. Die kennisgewing geskied sonder dat die Mpy se regte benadeel word. Enige gelde wat aan die Maatskappy verskuldig is, kan opgeëis word, insluitende skade wat die Maatskappy mag ly vanweë die Lid en/of sy betrokkenes soos hierbo genoem, se nie-nakoming van die bepalings hierin genoem sowel as regskoste soos op die prokureur en eie kliënt skaal.

13.2.3 Die Maatskappy het die reg om, sonder benadeling van regte, die aandeleblok in enige stadium te verkoop, tesame met die Lid se leningsrekening en belang in die leningsverpligting. Die Mpy sal in die hoedanigheid as agent vir en namens die Lid as procurator in rem suam die aandeleblok verkoop en/of die gedeelte verhuur en

alle huurgeld en gelde betaalbaar deur die huurder in terme van sy okkupasie daarvan, insamel en daarvan enige gelde wat ookal deur die Lid aan die Mpy verskuldig is, aftrek.

13.2.4 Die opbrengs van ‘n verkoping sal aan die Lid uitbetaal word nadat alle ter saaklike kostes, (soos afslaerskoste, advertensiekoste, regskoste, uitstaande heffings, en so meer), afgetrek is.

13.3 Die partye plaas op rekord dat, bykomend tot die remedies in klousule 13.2 uiteengesit, die Maatskappy geregtig is om sy voorkoopreg uit te oefen.

Aangesien hierdie optrede van die Mpy ‘n vermindering van die sy kapitaal tot gevolg sal hê, sal die Mpy nie sy regte hierkragtens kan uitoefen nie, alvorens hy nie die nodige besluite en/of hofbevel te dien effekte bekom het nie.

## 14 EERBIEDIGING VAN GESAG

Ter uitvoering van die bepalings van hierdie ooreenkoms en ter voorkoming van onmin tussen die bewoners van die eiendom en ter bevordering van samewerking en eensgesindheid in die plaaslike gemeenskap, verbind die LID hom tot die volgende:

14.1 Om besluite van die Maatskappy se Direksie of hul gevolmagtigdes te eerbiedig en volgens die letter en gees van sodanige besluite sowel as die AvO en Interne Reëls te handel.

14.2 Om hom te onderwerp aan gepaste maatreëls en strafbepalings wat deur die Direksie of gevolmagtigdes neergelê word, vir enige skending of nie-nakoming van Direksie-besluite, reëls en voorskrifte.

14.3 Om toe te sien en te aanvaar dat enige geskil wat tussen hom en ‘n ander lid/lede van die Maatskappy of tussen hom en die Maatskappy of tussen hom en ander inwoners van die eiendom mag ontstaan, volgens die Maatskappyse Geskilbeslegtingsprosedure te besleg. Wanbetaling van heffings is nie onderhewig aan die geskilbeslegtingsprosedure nie, maar sal direk gelitigeer word.

Geteken namens die Maatskappy deur sy behoorlik daartoe gemagtigde amptenaar

te____________________op hierdie _______dag van ___________________20 ___

Getuie(s)

1. _________________________ _________________________________

(Handtekening van amptenaar)

2. _________________________

Namens KA (Edms) Bpk

Geteken deur LID te ____________________op hierdie _______dag van

___________________20 ____

Getuie(s)

1. _________________________ _________________________________

(Handtekening van LID)

2. _________________________

## BYLAAG 7

## OMHEININGSBEPALINGS

Die volgende klousules van die Akte van Oprigting waarna verwys word, beheer en beperk die doelstellings, bevoegdhede, magte en besigheid van die Maatskappy in terme van die Wet op Beheer van Aandeleblokke en moet enige party wat met die Maatskappy handel, deeglik kennis neem van die inhoud van die klousule of Bylae waarna in hierdie bylaag verwys word, sowel as van die toepaslike artikel van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke:

Klousule 2.1.11.1 saamgelees met klousule 2.1.11: Die Wet op die Beheer van Aandeleblokke geniet deurgaans voorrang bo enige klousule van die Akte van Oprigting ingeval van ‘n teenstrydigheid.

Klousule 4.1: Die hoofdoelstelling van die Maatskappy word beperk tot die hoofdoelstelling gemeld in klousule 4.1. van die Akte. (artikel 7 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

Klousule 4.2: Die hoofbesigheid van die Maatskappy word beperk deur die besigheid gemeld in klousule 4.2. van die Akte (Artikel 7 en 8 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

Klousule 5.2: Die Maatskappy het slegs die bevoegdhede om sy hoofdoelstelling en daarmee gepaardgaande aanvullende doelstellings te verwesenlik (Artikel 8 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

Klousule 5.3: Die Maatskappy mag nie sy regte op onroerende eiendom vervreem of sedeer sonder die goedkeuring van ‘n Spesiale Besluit nie (Artikel 8(c) van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

Klousule 5.5: Enige handeling van die Maatskappy wat sy vermoë of bevoegdheid oorskry, is nietig (Artikel 8(d) van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

Klousule 6.2: Die klousules van die Akte van Oprigting in hierdie bylaag na verwys, is omheingsbepalings.

Klousule 6.4: Die Maatskappy kan enige iets doen wat die Maatskappywet magtig, tensy die Wet op die Beheer van Aandeleblokke anders bepaal (Artikel 3 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

Klousule 7.2: Die omheiningsbepalings in hierdie bylaag na verwys, mag uitsluitlik gewysig word ooreenkomstig klousule 7.2 se voorskrifte en onderhewig aan die voorwaardes daarin uitgespel.

Klousule 12.6: Elke aandeel verleen ‘n reg op of belang in die gebruik van ‘n gedeelte van die onroerende eiendom onderhewig aan die bepalings van die Gebruiksooreenkoms (artikel 7(2) van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

Klousule 23: Behoudens die bepalings van klousule 14 verleen elke aandeel dieselfde stemreg as enige ander aandeel en verleen ‘n reg op of belang in die gebruik van ‘n gedeelte van die onroerende eiendom (Artikel 3(1)(b), 7(2) en 10 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

Klousule 26.1: Die aandeelhouers het die reg om minstens 2 (twee) van die direkteure aan te stel (artikel 12 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

Klousule 32.1: Die Maatskappy moet ‘n heffingsfonds instel en in stand hou (Art 13 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

Klousule 32.2: Elke aandeelhouer moet maandeliks tot die heffingsfonds bydra (Artikel 13 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

Klousule 34: Dokumente en inligting wat ‘n aanbod om ‘n aandeel te verkry moet vergesel word van die stukke genoem in bylaag 2 (Artikel 11, 16 en 17 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

Klousule 35: Die aandeelhouer moet omvattende versekering uitneem teen skade aan die verbeterings op die spesifieke gedeelte waartoe die aandeelhouer uitsluitlike gebruiksreg het. Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir skade indien ‘n aandeelhouer versuim om versekering ten aansien van verbeterings op die spesifieke gedeelte waartoe die aandeelhouer uitsluitlike gebruiksreg het, uitneem of instandhou nie (Artikel 19 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

Bylaag 2.2: ‘n Spesiale Besluit word vereis indien die Maatskappy sy leningsverpligting wil verhoog of sy bates wil beswaar (Artikel 14 en 15 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke).

**BYLAAG 8**

# SKEDULE VAN ONROERENDE EIENDOM

| BESKRYWING | TITELAKTE NOMMER | GROOTTE | DATUM VAN REGISTRASIE |
|---|---|---|---|
| Restant v Kleinfontein 368 JR | T38786/90 | 386.4704 | 21/06/1990 |
| Rest. ged. v ged. 14 (ged. v ged. 6)<br>Ged. 67 (ged. v ged. 14)<br>Ged. 68 (ged. v ged. 14)<br>v Donkerhoek 365JR | T57746/92 | 17.1308<br>8.5653<br>8.5653 | 08/06/1992 |
| Ged. 38 (Tandem) v Kleinfontein 368JR | T3296/01 | 215.3170 | 17/01/2001 |
| Ged. 63 (ged. v ged. 14) v Donkerhoek 365JR | T69905/05 | 8.5653 | 06/06/2005 |
| Ged. 90 (ged. v ged. 32) v Kleinfontein 368JR | T6652/08 | 17.8866 | 25/01/2008 |
| Ged. 96 (ged. v ged.31) v Kleinfontein 368JR | T96645/08 | 59.0226 | 23/10/2008 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ged. 178 v Kleinfontein 368JR | T81152/19 | | 10/12/2019 |